

'n Onderzoek na die woordeskat en woordherhaling
van leerlinge in die laerskool soos geopenbaar deur
hulle private briewe.

'n Verhandeling aangebied ter gedeeltelike nako-
ming van die vereistes vir die graad Magister Educa-
tionis aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

deur

H. S. J. van Loggerenberg B.Sc. B.Ed.

Handwritten notes:
1. 1. 1.
2. 2. 2.

VOORWOORD.

Ek wil graag my dank betuig in die eerste plek aan my promotor, prof. dr. H.J.J. Bingle, vir sy simpatieke leiding en aanmoeding.

In die tweede plek wil ek bedank mej. Hettie Louw van Die Brandwag, die Vroue-Redaktrise van Die Landbou-weekblad, ds. A.C. Stegmann van Die Mōreilig en die Redakteur van Die Jongspan vir al die briewe wat ontvang is en wat daartoe bygedra het om die ondersoek moontlik te maak.

In die derde plek wil ek my eggenote bedank vir haar opoffering, hulp en aanmoediging.

In die vierde plek wil ek bedank die kinders wat my gehelp het om die woorde uit te soek, asook mev. Anna van Rooyen vir die tikwerk wat sy gedoen het.

Ek wil die hoop uitspreek dat die ondersoek sal voorsien in een van die behoeftes wat daar nog in ons laerskole bestaan.

H. S. J. van Loggerenberg.

Douglas,

September 1954.

INHOUD.

Afdeling A. OOR DIE WERK VAN ANDER ONDERSOEKERS.

Hoofstuk I.	Navorsing in verband met die skryfwoordeskat van volwassenes.....	12-18
1.	Die ondersoek van Ayres.....	14
2.	Die ondersoek van Cook en O'Shea....	14
3.	Die ondersoek van Andersen.....	15
4.	Die ondersoek van Houser.....	15
5.	Die ondersoek van Clark.....	15
6.	Die ondersoek van Horn en Crowder...	16
7.	Die ondersoek van Horn.....	16
8.	'n Verdere ondersoek van Horn.....	16
9.	Die ondersoek van Aucamp.....	17
10.	Die ondersoek van die Nasionale Buro.....	17
11.	Samevattings van die ontledings van die skryfwoordeskat van volwassenes.	18
12.	Gevolgtrekkings.....	18
Hoofstuk II.	Navorsing in verband met die skryfwoordeskat van kinders.....	19-29
1.	Die ondersoek van Jones.....	19
2.	Die ondersoek van Tidyman.....	19
3.	Die ondersoek van Smith.....	19
4.	Die ondersoek van McKee.....	20
5.	Die ondersoek van Hoffman.....	20
6.	Die ondersoek van Simpson.....	20
7.	Die ondersoek van Fitzgerald.....	20
8.	Die ondersoek van Rinsland.....	21
9.	Die ondersoek van Thorndike.....	21
10.	Die ondersoek van Natalse Onderwysdepartement.....	21
11.	Die ondersoek van die Suid-Afrikaanse Onderwysunie.....	22
12.	Die ondersoek van Malan.....	22

14.	Samevattings wat van die ontledings van die skryfwoordeskat van kinders gemaak is.....	23
a.	Die samevatting van Grace McKee	23
b.	Die samevatting van Breed.....	23
15.	Gebreke van die ondersoek na die skryfwoordeskat van kinders.....	23
16.	Samevattings van ondersoeke van die skryfwoordeskat van kinders en volwassenes.....	24
a.	Die samevatting van Breed.....	24
b.	Die samevatting van Washburne..	24
c.	Die samevatting van Coleman....	25
17.	Ondersoek in verband met die gradering van woorde volgens standerd...	25
18.	Gevolgtrekkings.....	27

Afdeling B. EIE ONDERSOEK.

Hoofstuk III.	Die ondersoek.....	30-42
1.	Probleemstelling.....	30-35
2.	Doelstelling.....	36
3.	Stof en metode van bewerking.....	36-42
a.	Die stof.....	36
b.	Hoe ontledings gemaak is.....	37
c.	Foute wat in die ondersoek gemaak is.....	40
d.	Krediete wat oorgedra is.....	41
e.	Hoe frekwensielyste opgestel is	42
Hoofstuk IV.	Bespreking van die resultate.....	43-114
1.	Ontleding nr. 1: Resultate van briewe geskrywe deur 8-jarige leerlinge.....	44-53
a.	Die aantal briewe ontleed.....	44
b.	Bespreking van die lys van veelgebruikte woorde van 8-jariges.....	44
c.	Die 100 meesgebruikte woorde	

- d. Die frekwensie van 100 meesgebruikte woorde van 8-jariges... 47
- e. Die tweede 100 meesgebruikte woorde..... 48
- f. Die verhouding tussen die woordekat en lopende woorde..... 48
- 2. 'n Ontleding van die spelfoute van 8-jariges..... 49
 - a. 'n Bespreking van die verskillende groepe spelfoute..... 49
 - b. Spelfoute wat as veelgebruikte woorde voorkom..... 51
- 3. 'n Vergelyking tussen die 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges en Aucamp se 1000..... 52
 - a. 'n Vergelyking van die eerste 100..... 52
 - b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde..... 53
- 4. Ontleding nr. 2: Briewe geskrywe deur 9-jariges..... 54-62
 - a. Die aantal briewe en woorde wat ontleed is..... 54
 - b. Bespreking van al die veelgebruikte woorde..... 54
 - c. Bespreking van die eerste 100 veelgebruikte woorde..... 55
 - d. Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde..... 57
 - e. Besprekings van die verhoudings 57
- 5. 'n Ontleding van die spelfoute van 9-jariges..... 58
 - a. Bespreking van die groepe spelfoute..... 58
 - b. Bespreking van die veelgebruikte woorde as spelfoute..... 60
- 6. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van Aucamp en die van 9-jariges..... 61
 - a. 'n Vergelyking van die eerste 100..... 61
 - b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde..... 62

a.	Aantal briewe en woorde wat ont- leed is.....	63
b.	'n Bespreking van al die veelge- bruikte woorde.....	63
c.	'n Bespreking van die eerste 100 veelgebruikte woorde.....	65
d.	'n Bespreking van die frekwensie van die eerste 100 veelgebruikte woorde.....	67
e.	'n Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.....	67
8.	'n Ontleding van die spelfoute van 10-jariges.....	67
a.	'n Bespreking van die groepe spelfoute.....	68
b.	'n Bespreking van die veelge- bruikte woorde as spelfoute.....	70
9.	'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde van Aucamp met die van 10-ja- riges.....	71
a.	'n Vergelyking van die eerste 100 woorde.....	71
b.	'n Vergelyking van al die veelge- bruikte woorde.....	72
10.	Ontleding nr. 4: Briewe geskrywe deur 11-jarige leerlinge.....	73-81
a.	Aantal briewe en woorde wat ont- leed is.....	73
b.	Bespreking van al die veelge- bruikte woorde.....	73
c.	Bespreking van die eerste 100 veelgebruikte woorde.....	74
d.	Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.....	76
e.	Bespreking van die verhoudings..	76
11.	'n Ontleding van die spelfoute van 11-jariges.....	77
a.	'n Bespreking van die groepe foute.....	77
b.	'n Bespreking van die veelgebruik- te woorde as spelfoute.....	79
12.	'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde van 11-jariges en die van Aucamp.....	80

- a. 'n Vergelyking tussen al die veelgebruikte woorde..... 81
13. Ontleding nr. 5: Briewe geskrywe deur 12-jarige leerlinge..... 82-91
- a. 'n Bespreking van die aantal briewe en woorde wat ontleed is..... 82
- b. 'n Bespreking van die veelgebruikte woorde..... 82
- c. 'n Bespreking van die eerste 100 veelgebruikte woorde..... 83
- d. 'n Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde..... 85
- e. 'n Bespreking van die verhoudings 85
14. 'n Ontleding van die spelfoute van die 12-jariges..... 86
- a. 'n Bespreking van die verskillende groepe..... 86
- b. 'n Bespreking van die veelgebruikte woorde as spelfoute..... 88
15. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van 12-jariges en die van Aucamp..... 89
- a. 'n Bespreking van die eerste 100 veelgebruikte woorde..... 89
- b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde..... 90
16. 'n Vergelyking van die resultate van 8-en 9-jariges..... 91-92
- a. 'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde..... 91
- b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self..... 91
- c. 'n Vergelyking van die persentasies van die 100 veelgebruikte woorde en die woorde self..... 92
17. 'n Vergelyking tussen 8-; 9-en 10 jaar 93-97
- a. 'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde..... 93
- b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self..... 94
- c. 'n Vergelyking van die persentasies van die eerste 100 veelgebruikte woorde..... 95

18.	<u>'n Vergelyking van die resultate van 8-, 9-, 10-en 11-jariges.</u>	98-101
	a. 'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde.....	98
	b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self.....	98
	c. 'n Vergelyking van die persentasies van die 100 veelgebruikte woorde!.....	100
	d. 'n Vergelyking van die eerste 100 woorde self.....	101
19.	<u>'n Vergelyking van alle ouderdomme met mekaar.....</u>	102-109
	a. 'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde.....	102
	b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self.....	103
	c. 'n Vergelyking van die persentasies vir die eerste 100 woorde..	105
	d. 'n Vergelyking van die eerste 100 woorde self.....	106
	e. 'n Vergelyking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.....	108
	f. 'n Vergelyking van die mingebruikte woorde.....	108
20.	<u>'n Opsomming van die klasse spel-foute wat gemaak is.....</u>	110-111
	'n Bespreking van die verskillende klasse.....	110
21.	<u>'n Opsomming van die vergelykings tussen die veelgebruikte woorde van Aucamp en die van leerlinge van 8-12 jaar.....</u>	112
	'n Bespreking van die vergelykings.....	112
Hoofstuk V:	Gevolgtrekkings en aanbevelings.....	115-129
1.	<u>Gevolgtrekkings in verband met die woordeskat van 8 - 12-jarige leerlinge.....</u>	115-118
	a. Gevolgtrekkings in verband met die gemiddelde woordeskat van 8 - 12-jarige leerlinge.....	115
	b. Gevolgtrekkings in verband met	

2.	<u>Gevolgtrekkings in verband met die frekwensie van woorde.....</u>	118-120
	Gevolgtrekkings in verband met die gebruiklikste woorde.....	118
3.	<u>Gevolgtrekkings in verband met die ver- naamste klasse spelfoute.....</u>	120-123
	a. Gevolgtrekkings in verband met die verskillende klasse foute.....	120
	b. Gevolgtrekkings in verband met die eerste 100 veelgebruikte woorde en spelfoute.....	121
	c. Gevolgtrekkings in verband met al die veelgebruikte woorde en spelling	122
	d. Die onderrig van die veelgebruikte woorde as spelling.....	123
4.	<u>Gevolgtrekkings in verband met die vergelykings tussen die woordeskat van kinders en volwassenes.....</u>	124
	Bespreking van algemene gevolgtrekkings.....	124
5.	<u>Die keuse van die meesgebruikte woorde.</u>	125
	a. Hoe die lys saamgestel is.....	125
	b. Die nut en waarde van die lys.....	127
6.	<u>'n Opsomming van die rigtings waarin daar in verband met die skryfwoordeskat ondersoek ingestel kan word.....</u>	128-129
	Lys van geraadpleegde werke.....	193

BYLAES.

1.	Hoe die ontledingsgemaak is.....	130
11.	'n Voorbeeld hoe briewe afgeskryf is.....	134
111.	'n Lys van woorde waarvan krediete oorgedra is.....	135
1V.	Lys van veelgebruikte woorde op 8-jarige leef- tyd.....	137
V.	Lys van spelfoute op 8-jarige leeftyd.....	140
VI.	Lys van veelgebruikte woorde op 9-jarige leef- tyd.....	143
VII.	Lys van spelfoute op 9-jarige leeftyd.....	146
VIII.	Lys van veelgebruikte woorde op 10-jarige leef tyd.....	149
IX.	Lys van spelfoute op 10-jarige leeftyd.....	152
X.	Lys van veelgebruikte woorde op 11-jarige leef tyd.....	155
XI.	Lys van spelfoute op 11-jarige leeftyd.....	159
XII.	Lys van veelgebruikte woorde op 12-jarige leef tyd.....	162
XIII.	Lys van spelfoute op 12-jarige leeftyd.....	166
XIV.	Lys van veelgebruikte woorde wat eerste hon- derde veelgebruikte woorde insluit.....	169
XV.	Lys wat al die veelgebruikte woorde van die vyf ontledings insluit.....	173
XVI.	(a) Lys van 1028 veelgebruikte woorde.....	183
XVI.	(b) Lys van 364 veelgebruikte woorde van Aucamp.....	191

LYS VAN TABELLE.

1.	Ontleding van 926 briewe van 8-12-jarige kinders.....	37
II.	Woordeskat en verskyningskrediete.....	38
III.	Lys van 5 veelgebruikte woorde.....	39
IV.	Ontleding van 718 foute wat voorkom in die ondersoek.....	40
V.	Ontleding 1: 100 meesgebruikte woorde van 8-jariges.....	46
VI.	Ontleding van 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges.....	47
VII.	Ontleding van 169 spelfoute van 8-jariges....	49
VIII.	Ontleding van 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges in vergelyking met die van Aucamp....	52
IX.	Ontleding van 310 veelgebruikte woorde van 9-jariges.....	54
X.	Ontleding 2: 100 meesgebruikte woorde van 9-jariges.....	56
XI.	Ontleding van 247 spelfoute van 9-jariges....	58
XII.	Ontleding van 310 veelgebruikte woorde van 9-jariges in vergelyking met 1000 van Aucamp....	61
XIII.	Ontleding van 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges.....	64
XIV.	Ontleding 3: 100 meesgebruikte woorde van 10-jariges.....	65
XV.	Ontleding van 319 spelfoute van 10-jariges....	68
XVI.	Ontleding van 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges in vergelyking met die van Aucamp....	71
XVII.	Ontleding van 429 veelgebruikte woorde van 11-jariges.....	73
VIII.	Ontleding 4: Lys van 100 veelgebruikte woorde van 11-jariges.....	74
XIX.	Ontleding van 321 spelfoute van 11-jariges	77

XXI.	Ontleding van 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges.....	82
XXII.	Ontleding 5: Lys van 100 veelgebruikte woorde van 12-jariges.....	83
XXIII.	'n Ontleding van 284 spelfoute van 12-jariges.	86
XXIV.	Ontleding van 480 veelgebruikte woorde in vergelyking met die van Aucamp.....	89
XXV.	'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van 8- en 9-jariges.....	91
XXVI.	'n Ontleding van die 100 veelgebruikte woorde van 8- en 9-jariges.....	92
XXVII.	'n Vergelyking van die persentasies van 8-, 9- en 10-jariges.....	94
XXVIII.	Ooreenkoms tussen veelgebruikte woorde self van 8-, 9-en 10-jariges.....	94
XXIX.	Ooreenkoms tussen persentasies van die 100 veelgebruikte woorde op 8-, 9-en 10-jarige leeftyd.....	96
XXX.	Ooreenkoms tussen 100 veelgebruikte woorde self op 8-, 9- en 10-jarige leeftyd.....	97
XXXI.	'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde op 8-, 9-, 10- en 11-jarige leeftyd.....	98
XXXII.	'n Ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde self op 8-, 9-, 10-en 11-jarige leeftyd.....	99
XXXIII.	'n Ontleding van die 10, 25, 50, 100 veelgebruikte woorde op 8-, 9-, 10-en 11-jarige leeftyd.....	100
XXXIV.	'n Vergelyking van die 10, 25, 50, 100 veelgebruikte woorde self op 8-, 9-, 10-, en 11-jarige leeftyd.....	101
XXXV.	'n Ontleding van die persentasies van die veelgebruikte woorde vir alle ouderdomme.....	102
XXXVI.	Ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde	

XXXVII.	'n Ontleding van die persentasies vir die eerste 100 veelgebruikte woorde op 8-, 9-, 10-, 11- en 12- jarige leeftyd.....	105
XXXVIII.	'n Vergelyking tussen die 10, 25, 50, en 100 veelgebruikte woorde self op alle ouderdomme	106
XXXIX.	'n Opsomming van die uitslae van die verskillende ontledings.....	109
XL.	'n Opsomming van die soorte spelfoute en hulle frekwensies.....	110
XLI.	'n Ontleding van die verskillende veelgebruikte woorde van Aucamp en leerlinge wat ooreenstem.....	113
XLII.	'n Ontleding van ²⁸⁸ 286 spelfoute binne die eerste honderde veelgebruikte woorde.....	121
XLIII.	'n Ontleding van ²⁶⁴ 286 spelfoute onder 388 veelgebruikte woorde.	122

A F D E L I N G A.OOR DIE WERK VAN ANDER ONDERSOEKERS.HOOFSTUK 1. Navorsing in verband met die skryf-
woordeskat van volwassenes.

Om die belangrikste woorde te bepaal waaruit die skryfwoordeskat van kinders bestaan, is 'n eenvoudige taak indien van die spontane briewe van kinders gebruik gemaak word. Dit vereis tabellering, vasstelling van die frekwensie en verspreiding van die woorde.

In hierdie verband is reeds veel in oorsese lande gedoen, terwyl in Suid-Afrika slegs 'n paar ondersoekinge uitgevoer is. Veral die oorsese ontledings is so uitgevoer dat die frekwensie van die woorde asook die verspreiding daarvan noukeurig vasgestel is. Die stof is deeglik uitgesoek, sodat 'n noukeurige weergawe verkry is van die skryfwoordeskat van die gemiddelde kind en volwassene.

Die een groep het die geskifte van volwassenes ontleed, omdat hulle beweer dat daar 'n verskil is tussen die woorde wat die kind gebruik en wat hy behoort te gebruik. Om die skryfwoordeskat van volwassenes vas te stel, sou minstens 'n aanduiding wees van wat die kind behoort te leer. Tot hierdie skool behoort die volgende ondersoekers: L.P. Ayres¹⁾, W.A.Cook en M.v. O'Shea²⁾, W.A.Andersen³⁾, G. Aucamp⁴⁾, en die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing⁵⁾.

-
1. Tidyman,. The Teaching of Spelling, 1919.
 2. Cook en O'Shea,. The Child and his Spelling, 1914.
 3. McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing, 1934.
 4. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duisend Afrikaanse staatmakers, 1932.
 5. Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, ondersoek nog nie voltooi nie. Meegedeel.

Die tweede groep het gebruik gemaak van die briewe en opstelle wat binne sowel as buite die skool geskryf is.

Ondersoekers op die gebied sluit in: W.F. Jones¹⁾, W.F. Tidyman²⁾, Grace McKee³⁾ en H.G. Hoffman⁴⁾.

'n Derde groep navorsers het bestaan uit die wat resultate van e.g. skole saamgevat het om sodoende die woordeskat van die kind en die gemiddelde 'volwassene vas te stel, o.a. Grace McKee⁵⁾ en C.W. Washburne⁶⁾.

Al die ondersoekers het een doel nagestreef, nl. om die woorde te ontdek wat geleer moes word sodat die skryfaktiwiteit geslaagd kon wees. Daar is veral van drie kriteria gebruik gemaak om die relatiewe waarde van die woorde ten opsigte van spelonderrig vas te stel. Dit is om (i) die algemeenheid en die frekwensie, (ii) die spelmoeilikheid en (iii) die belangrikheid of verspreiding van die woorde te bepaal.

Indien ons bestaande Suid-Afrikaanse ondersoekes volgens bogenoemde drie kriteria beoordeel, kan ons onder (i) insluit die ondersoekes van Aucamp⁷⁾ en die woordtelling, tans nog ongepubliseer, van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing⁸⁾; onder (ii) die bydraes van N. van der Walt⁹⁾ en L. van der Heever¹⁰⁾ en onder (iii) die werk van J.F. Malan¹¹⁾ en R.A. Forsyth¹²⁾. Waasgenoemde se spellys is vir Engelssprekende kinders bedoel.

-
1. McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing, 46.
 2. Tidyman, Survey of the Writing Vocabularies of School Children in Connecticut.
 3. McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing, 49.
 4. Ibid., 51.
 5. Ibid., 54.
 6. Ibid., 60.
 7. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duisend Afrikaanse staatmakers, 1932.
 8. Meegedeel deur Hoof van die Buro.
 9. V.d. Walt, Afrikaanse spelonderrig in die laerskool, 1930.
 10. Ibid., 1930.
 11. Ibid., 1930.
 12. Ibid., 1930.

Verder het daar in Engels verskyn twee spellyste deur die Natalse Onderwysdepartement ¹⁾ en die Suid-Afrikaanse Onderwysunie ²⁾ respektiewelik.

Omdat die eerste ondersoeke in verband met die skryfwoordeskat van volwassenes uitgevoer is, word dit eers kortliks behandel. Oorsese ondersoeke word eerstens bespreek en daarna Suid-Afrikaanse.

1. Die ondersoek van Ayres.

'n Onderzoek in verband met die skryfwoordeskat van volwassenes is reeds in 1913 deur L.P. Ayres ³⁾ uitgevoer. Hy het 2000 persoonlike en sakebriewe van volwassenes uit 12 verskillende bronne ontleed. Die totale aantal lopende woorde was 23, 629 en die woordeskat 2001.

Die drie meesgebruikte woorde met hulle herhalings het een agste van die aantal lopende woorde uitgemaak. Die nege meesgebruikte woorde het 'n kwart van die lopende woorde uitgemaak. Die 43 meesgebruikte woorde het 50% van die lopende woorde uitgemaak.

2. Die ondersoeke van Cook en O'Shea.

W.A. Cook en M.V. O'Shea ⁴⁾ het die korrespondensie van 13 volwassenes ontleed. Die totale aantal lopende woorde was 200,000 en die woordeskat 5,200. Die ondersoekers het 'n fout begaan deur nie die afgeleide vorms van woorde as aparte woorde te behandel nie.

1. Natal Education Department, Spelling lists for the Standards, 1926.

2. Suid-Afrikaanse Onderwysunie, S.A.O.U. spelling list, 1939.

3. Tidyman, The Teaching of Spelling, 8.

4. Cook en O'Shea, The Child and his Spelling. Child

3. Die ondersoek van Andersen.

1)

'n Belangrike ondersoek was die van W.A. Andersen in 1917. Hy het 3,723 briewe, wat deur ouers uit 35 verskillende beroepe geskryf is, ontleed. Sy ontleding het uit 361,184 lopende woorde met 'n woordeskat van 9,223 bestaan. Hy het 'n lys van 3,087 meesgebruikte woorde met 'n minimum krediet van 5 saamgestel, wat ten minste in drie uit die ses groepe waarin hy sy stof verdeel het, moes verskyn.

Die grootste waarde van die ondersoek is dat dit 'n ontleding gemaak het van briewe van skrywers met verskillende opvoedkundige bekwaamheid.

4. Die ondersoek van Houser.

2)

J.D. Houser het 'n ontleding gemaak van briewe wat boere aan die Departement van Landbou van die Universiteit van Kalifornië geskryf het. Dit het uit 750 briewe bestaan, wat 'n totaal van 65,500 lopende woorde en 'n woordeskat van 1,869 opgelewer het. Die stof van die ontleding was te eensydig omdat dit slegs een bron gebruik het.

5. Die ondersoek van Clark.

3)

W.F. Clark het die skryfwoordeskat van persone wat aan 'n dagblad in Chicago geskryf het, ontleed. Hy het 2000 briewe ontleed, wat 28,292 lopende woorde en 'n woordeskat van 3,360 opgelewer het. Hierna het hy sy lys van 3,360 woorde vergelyk met die 1000 meesgebruikte woorde van Ayres. Hy het o.a. gevind dat 117 woorde in lg. se lys glad nie in die briewe voorkom nie en dat 237 woorde uit sy lys nie in die lys van Ayres verskyn nie. Hieruit het hy afgelei dat Ayres se lys nie die woordeskat van die gemiddelde persoon weergee nie.

6. Die ondersoek van Horn en Crowder.

Ander ontledings, wat nie veel van die wat tot hiertoe bespreek is, verskil nie, was die van Ernest Horn, wat die skryfwoordeskat van bankiers en verskonings wat ouers aan skole geskryf het, en die van Cora Crowder, wat 2258 sakebriewe ontleed het ¹⁾.

7. Die ondersoek van Horn.

'n Onderzoek wat enigszins van bogenoemde verskil, was die van E. Horn ²⁾ wat die skryfwoordeskat van 8 beroemde Engelse en 8 Amerikaanse outeurs ontleed het. Die beweegrede vir die ondersoek was dat al die genoemde ondersoek vasgestel het watter woorde mense wel gebruik maar nie daarin geslaag het om te bewys watter woorde hulle behoort te gebruik nie. Hy veronderstel dat mense met 'n voortreflike skryfvermoë die beste keuse van woorde sal maak. Die aantal lopende woorde was 704,837, en die woordeskat 23,531.

Die ondersoek het bewys dat 'n groot aantal woorde wat deur geniale persone gebruik word, ook deur die gemiddelde persoon gebruik is.

8. Verdere ondersoek van Horn.

Verdere ondersoek wat deur E. Horn ³⁾ uitgevoer is, staan in verband met die woordeskat van persoonlike briewe wat deur universiteitstudiante en hulle ouers geskryf is, asook die woordeskat van 'n groot aantal sakebriewe.

-
1. McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing, 34.
 2. Ibid., 35.
 3. Ibid., 38-39.

9. Die ondersoek van Aucamp.

Van die belangrikste Afrikaanse ondersoekinge was die van G. Aucamp¹⁾. Hy het in 1932 'n noukeurige ontleding gemaak van 269,000 lopende woorde uit 16 verskillende bronne, wat 'n totale woordeskat van 14,222 opgelewer het. Hieruit het hy die 1000 meesgebruikte woorde gekies. Hierdie 1000 woorde, met hulle herhalings, het 32.7% van die totale aantal lopende woorde uitgemaak.

Die nut van die lys bestaan daarin dat dit aandui watter die gebruiklikste en noodsaaklikste grondwoorde van die Afrikaanse skryfwoordeskat is. Die woorde is gerangskik volgens hulle waarde, wat bepaal is deur twee dinge in aanmerking te neem, nl. die verspreiding en die frekwensie van die woorde.

Hieruit leer ons nie op 'n algemene vae manier nie maar wetenskaplik bepaal presies hoe gebruiklik en noodsaaklik hierdie woorde is.

Een van die interessantste feite wat aan die lig gebring is, is die hoë frekwensie wat sekere woorde het. Die eerste 10 woorde het gemiddeld 27.6% uitgemaak van die aantal lopende woorde vir elke ontleding. Die hoogste 25 het 42.6%; die hoogste 50 het 54.0%, en die hoogste 100 het 64.2% uitgemaak. Hierdie hoë persentasies vestig ons aandag op die feit dat die skryfwoordeskat uit 'n beperkte aantal woorde en hulle herhalings bestaan.

10. Die ondersoek van die Nasionale Buro.

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing²⁾ is op die oomblik besig met 'n woordstelling. Die stof vir hulle ondersoek bestaan uit boeke, romans, tydskrifte, amptelike stukke, private briewe ens. Hulle is besig om frekwensielyste vir die verskillende woorde saam te stel en is op die oomblik besig met die letter "m".

11. Samevattings van die ontledings van die skryfwoordeskat van volwassenes.

Dit is duidelik uit al die ondersoeke dat die meesgebruikte woorde nie bepaal kan word deur 'n enkele ondersoek met beperkte bronne nie. Die woordeskat wat deur 'n enkele ondersoek vasgestel word, word beperk deur verskeie faktore, soos hoeveelheid en tipe materiaal, geografiese invloede, metode waarvolgens te werk gegaan word, asook die ontwikkeling van die skrywers wie se briewe ontleed word. Die enigste betroubare lys wat dus saamgestel kan word, sal bestaan uit resultate van verskillende ondersoekinge.

Een van die bekendste opsommings wat gemaak is, is die van Ayres¹⁾, wat die resultate van vier ondersoeke saamgevat het in sy Ayres Spelling Scale.

Een van die volledigste opsommings is die wat E. Horn²⁾ in 1919 saamgestel het uit al die ondersoeke tot op daardie datum. Die totale aantal lopende woorde was 5,136,816 en die woordeskat 36,373. Uit die 36,373 verskillende woorde het hy toe 'n lys van 10,000 meesgebruikte woorde saamgestel.

12. Gevolgtrekkings.

Elke ondersoek dui aan dat 'n klein aantal woorde in skriftelike werk gebruik word in die verhouding met die lopende woorde. W.A. Cook en M.V. O'Shea merk dan ook op: "The examination of a vast body of correspondence collected from widely separated sources shows that less than a dozen words do one-fourth of our work in writing, that about fifty do a half of it and that less than eight hundred do nine-tenths of it"³⁾.

Die taak van die laerskool is dus om die klein aantal woorde wat geleer moet word, deeglik te leer. Maar afgesien van die aantal woorde wat geleer moet word, moet die wat wel geleer word, die belangrikste wees.

HOOFSTUK 11. NAVORSING IN VERBAND MET DIE SKRYFWOORDESKAT VAN KINDERS.

Die groep navorsers wat ondersoek instel na die skryfwoordeskat van kinders gaan uit van die veronderstelling dat die woorde wat kinders behoort te kan spel, die woorde is wat deur kinders self in hulle skriftelike werk gebruik word. Daarom moet die woordeskat van kinders nagegaan word en nie die van volwassenes nie. Hulle veronderstel dus dat daar 'n verskil bestaan tussen die woordeskat van kinders en die van volwassenes. Die stof wat hulle ondersoek het, het bestaan uit briewe en opstelle wat binne sowel as buite die skool geskrywe is.

Die volgende is van die vernaamste ondersoeke. Die oorse ondersoeke word eerste bespreek en daarna Suid-Afrikaanse.

1. Die ondersoek van Jones.

1)
W.F. Jones het 75,000 opstelle ontleed, wat deur 1050 leerlinge binne die skool geskrywe is. Dit het 'n totaal van 15,000,000 lopende woorde en 'n woordeskat van 4532 opgelewer. Hy het egter versuim om die frekwensie van die woorde aan te dui. Die relatiewe waarde van die woorde kon dus nie bepaal word nie.

2. Die ondersoek van Tidyman.

2)
W.F. Tidyman het 5000 opstelle en briewe wat leerlinge geskryf het, ontleed. Die totale aantal lopende woorde was 538,500 en die woordeskat 3850. Hy het die eerste, tweede en derde duisend meesgebruikte woorde vasgestel.

3. Die ondersoek van Smith.

3)
H.J. Smith het die skryfwoordeskat van spontane opstelle van kinders in gr. 1-8 ontleed. Die aantal lopende woorde was 75,000 en die woordeskat 1100. Ongelukkig het hy sekere woorde, soos voorsetsels, verbindingswoorde ens. uitgelaat.

4. Die ondersoek van Grace McKee.

1)
Grace McKee het die skryfwoordeskat van gr.6-kindere ondersoek wat 180 verskillende opstelle geskryf het. Die totale aantal lopende woorde was 18,958 en die woordeskat 2329. Die waarde van die ondersoek lê daarin dat oor so 'n ' verskeidenheid van onderwerpe geskryf is.

5. Die ondersoek van Hoffman.

2)
H.G. Hoffman het gebruik gemaak van spontane briewe wat deur kindere buite die skool geskryf is. Hy het 366 briewe wat deur 347 kindere geskryf is, ontleed. Dit het 'n totaal van 49,423 lopende woorde en 'n woordeskat van 2789 opgelewer. Sy grootste bydrae bestaan in die tipe materiaal wat hy ontleed het.

6. Die ondersoek van Mary Simpson.

3)
Mary Simpson het 522 spontane briewe ontleed wat deur kindere van gr.1-8 geskrywe was. Die totale aantal lopende woorde was 67,706 en die woordeskat 2,414. Haar bydrae is veral van waarde omdat sy nie alleen die frekwensie van die woorde bepaal het nie maar ook die verspreiding daarvan in die verskillende standerds.

7. Die ondersoek van Fitzgerald.

Een van die volledigste ontledings was egter die van J.A. Fitzgerald 4). Hy het 3500 spontane briewe van skoolkindere uit 41 state van Amerika ontleed. Hy het hom bepaal by drie standerds. Vir gr.4 het hy 87,960 lopende met 'n woordeskat van 3327 ontleed. Vir gr. 5 168,188 lopende woorde met 'n woordeskat van 4,705 en vir gr. 6 205,028 lopende woorde met 'n woordeskat van 5,578.

8. Die ondersoek van Rinsland.

Een van die jongste ondersoeke in verband met die spontane woordeskat van die skriftelike werk van kinders is die van H.D. Rinsland¹⁾ in 1947. Hy het stof versamel in 708 skole. Hy het 100,000 individuele briewe en opstelle ontleed. Dit het 6,012,359 lopende woorde en 'n woordeskat van 25,632 opgelewer.

Rinsland het **frekwensielyste** saamgestel vir die 100, 500 en 1000 meesgebruikte woorde.

Die 100 meesgebruikte woorde in gr. 1 het 63% van die lopende woorde uitgemaak. In gr. 2 het die 100 meesgebruikte woorde 57% uitgemaak. Die 2000 meesgebruikte woorde in gr. 1 het 98% en in gr. 8 90% van die lopende woorde uitgemaak.

9. Die ondersoek van Thorndike.

E.L. Thorndike²⁾ het 120 laerskoolboeke van gr. 3-8 ontleed. Hy het 4,500,000 lopende woorde en 'n woordeskat van 38,000 verskillende woorde gevind. Thorndike se ondersoek is een van die beste in verband met kinderboeke.

10. Die ondersoek van die Natalse Onderwysdepartement.

In 1926, het verskyn 'n spellys³⁾ deur die Natalse Onderwysdepartement vir gebruik in goewerment- en staatsondersteunde skole. Hoe die woorde wat in die spellys ingesluit is, uitgesoek is, word nie gemeld nie. Die lys is bedoel vir Engelsmediumskole. Daar is 'n aparte lys vir elke standerd tot en met st. 6.

1. Rinsland, A Basic Vocabulary of Elementary School Children, 1947.
2. Ibid., 3.

11. Die ondersoek van die Suid-Afrikaanse Onderwysunie.

In 1939 het die "S.A.O.U. Spelling List"¹⁾ verskyn, wat spesiaal ontwerp is vir Afrikaanssprekende kinders. Die lys bestaan uit 1600 woorde wat elke Afrikaanssprekende leerling aan die einde van die laerskoolloopbaan moet kan spel. Frekwensielyste van die woorde is opgestel.

12. Die ondersoek van Malan.

J.P. Malan²⁾ het spellyste vir Afrikaanssprekende kinders van st. 1-6 saamgestel. Hierdie woorde is versamel uit klasleesboekies en mondelinge sowel as skriftelike werk. Die skrywer het ongelukkig nie sy metode volledig beskryf hoe die klaslyste saamgestel is nie. Dit skyn asof die woorde veral ontleen is aan klasleesboeke. Daar is dus geen bewys of dit wel die woorde is wat kinders in hulle skriftelike werk sal nodig kry nie.

Tidyman sê: "The study of spelling has value for the child just to the extent that the words learned are the words that the child uses or that he will use in the near future in doing the writing involved in carrying on everyday affairs of life"³⁾. Om die rede is dit onekonomies om die kind woorde te leer wat in bogenoemde lys voorkom voordat vasgestel is wat die frekwensie en verspreiding daarvan is.

13. Die ondersoek van Forsyth.

In 1949 het R.A. Forsyth⁴⁾ 'n Afrikaanse spellys vir Engelssprekende kinders gepubliseer. Die lys is ingedeel in verskillende afdelings, nl. woorde wat met klere, kleure, vrugte, blomme, tuin, plaas ens. in verband staan.

1. Suid-Afrikaanse Onderwysunie, S.A.O.U. Spelling List, 1939.
 2. Malan, Afrikaanse spellyste vir Afrikaanssprekende

Die doel van die samesteller is om die grondwoorde in Afrikaans vir die Engelssprekende kind beskikbaar te stel. Die woorde is nie gegradeer nie. Ook laat die samesteller na om te meld hoe die woorde presies vasgestel is.

14. Samevattings wat van die ontledings van die skryfwoorde-
deskat van kinders gemaak is.

a. Die samevatting van Grace McKee.

Soos reeds voorheen vermeld, kan ons nie die skryfwoorde-
skat van kinders bepaal deur die werk van 'n enkele navorsers-
nie. Net soos in die geval van volwassenes is die beperken-
de faktore te veel.

1)

Grace McKee het in 1924 'n opsomming gemaak van al die
bestaande ondersoeke. As gevolg van die onvolledige wyse
waarop ondersoekers van wie se werk sy gebruik gemaak het,
hulle resultate verwerk het, kon sy slegs 1475 meesgebruikte
woorde vind wat in alle ondersoeke verskyn het.

b. Die samevatting van Breed.

2)

F.S. Breed het o.a. van die resultate van die onder-
soeke van Bauer, Jones, Smith, Tidyman, Stanley en Ware ge-
bruik gemaak. Hy rapporteer nie die aantal lopende woorde
wat met sy ondersoek in verband staan nie. Hy kon 'n lys
van 7,035 verskillende woorde saamstel.

15. Gebreke van die ondersoekinge na die skryfwoordeskat
van kinders.

Daar bestaan 'n groot verskil tussen die resultate van
die verskillende ondersoeke. Daar bestaan selfs verskil tus-
sen die lysse van veelgebruikte woorde. McKee het o.a. ge-
vind dat haar lys veelgebruikte woorde woorde insluit wat
glad nie in ander lysse voorkom nie. McKee sê in die verband:

"The vocabularies they report are decidedly incomplete, and there is a great lack of agreement among them as to the words children use. These facts.... lead to one important conclusion; no one knows what words are used commonly by children in writing themes.... For purposes of getting a true measure of the child's writing vocabulary it is necessary that he have the opportunity to write on many and varied important topics... more important is the need for investigations of a vocabulary which children use in writing normal letters entirely removed from the school situation..... It should be remembered that the words which the school teach the child to spell are those which he needs and will need in writing he does and will do in life outside the school"¹⁾.

16. Samevattings van ondersoekinge van die skryfwoordeskat van kinders en volwassenes.

a. Die samevatting van Breed.

²⁾
F.S. Breed het 'n opsomming gemaak van die resultate van 5 ondersoekers in verband met die skryfwoordeskat van kinders. Dit het 'n totaal van 7035 verskillende woorde opgelewer. Hierdie woorde het hy vergelyk met 9,057 woorde wat hy saamgestel het uit 11 ondersoeke i.v.m. die skryfwoordeskat van volwassenes. Die vergelyking het bewys dat 4,598 woorde uit die twee lyste dieselfde was.

b. Die samevatting van Washburne.

³⁾
In 1923 het C.W. Washburne 'n opsomming gemaak van die volgende bronne: Andersen se ondersoek na die skryfwoordeskat van volwassenes, Tidyman se ondersoek na die skryfwoordeskat van kinders en Thorndike se ondersoek na die leeswoordeskat. Die gebreke van die opsomming is voor die hand liggend. Hy het slegs van een ondersoek elk van kinders en

en volwassenes gebruik gemaak. Daarby kom nog dat die ondersoek van Thorndike in verband staan met die leeswoordeskat, en dit is te betwyfel of dit wenslik is om dit te gebruik as bron vir die skryfwoordeskat.

c. Die samevatting van Coleman.

Een van die verdienstelike opsommings is deur Coleman¹⁾ gemaak. Hy het van al die beskikbare resultate tot en met 1931 gebruik gemaak. Daarby het hy gevoeg resultate van ondersoeke in verband met leeswoordeskatte en spreekwoordeskatte van Thorndike, Gate, Parker, Beck, Horn en Kirchner. Hy het ook die woordeskat van 16 spelhandboeke wat in 1919 verskyn het, daarby gevoeg. Sy opsomming het dus bestaan uit die resultate van 33 bronne

Hy het 'n lys saamgestel van 3017 woorde wat hy as die noodsaaklikste woorde beskou wat die kind moet kan spel.

Die ondersoeke van Breed en Coleman het gedien as stimulus om meer spelhandboeke saam te stel waarin veral die resultate van die ondersoeke van Horn gebruik is, tesame met die ondersoeke i.v.m. die skryfwoordeskat van kinders.

17. Ondersoeke in verband met die gradering van woorde volgens standerd.

Om die meesgebruikte woorde te ontdek wat nodig is vir onderrig, is maar een aspek waarna ondersoek ingestel is. 'n Tweede en belangrike aspek is om te bepaal watter woorde in bepaalde standerds ingevoer moet word. McKee sê: "After one has selected the items of a subject which should be taught, he is faced with the very important problem of determining the order in which the items should be presented"²⁾.

Direkte ondersoeke in die verband is nog baie min.

Om te bepaal watter woorde in bepaalde standerds geleer moet word, hang veral af van die logiese, psigologiese en sosiologiese faktore.

In verband met die rangskikking van woorde in bepaalde standerds sê W.F. Tidyman: "So far as can be discovered no rational or scientific principals have been followed in placing words in grades. Apparently personal opinion and custom have largely controlled the matter"¹⁾ .

Die logiese faktore is tog die mees algemene wat gevolg word, want dit bestudeer die stof self. Maar die grootste gebrek van die logiese rangskikking van die stof is dat dit nie die vermoë van die leerder deeglik in aanmerking neem nie. McKee sê: "The logical plan has no place in determining the gradeplacement of spelling vocabulary"²⁾ .

Die sielkundige beginsel neem die aard van die kind op elke trap van ontwikkeling in aanmerking. Die woorde wat dus op 'n bepaalde ouderdom of standerd ingevoer moet word, sal daardie woorde wees wat by die kind se belangstelling pas, en sy vermoëns in aanmerking neem. "If we wish to determine the grade-placement of the spelling words previously selected to be taught", aldus McKee, "we could for one thing, determine at each grade-level those words which are used by children in their spontaneous writing"³⁾ .

Die sielkundige beginsel vereis in die eerste plek dat die spelmoeilikhed van die woorde bepaal moet word, en tweedens dat 'n deeglike studie van die woordeskat van kinders op elke stadium van ontwikkeling gemaak moet word.

1. Tidyman, The Teaching of Spelling, 10.

Die rangskikking van woorde volgens die sosiologiese beginsel neem in aanmerking die woorde wat waarskynlik deur kinders op 'n bepaalde ouderdom of in 'n bepaalde standerd gebruik sal word, m.a.w. die sosiale belangrikheid of frekwensie van die woorde. Wanneer ons ondersoek nagaan wat in verband staan met die geskifte van volwasse nes, vind ons gegewens oor die belangrikheid van individuele woorde. So was E. Horn in staat om woorde wat met sy ondersoek in verband staan, te rangskik volgens relatiewe waarde en frekwensies. Hy het dus die sosiale gebruik van woorde in aanmerking geneem.

Wat betref die spelmoeilikehid van woorde en hulle rangskikking daarvolgens vir verskillende standerds, bestaan daar die werk van Ayres en Ashbough¹⁾. Hulle het vasgestel wat die spelmoeilikheid van woorde is wat hulle in hulle spellingskale ingesluit het. Maar hiervolgens kan woorde as 't ware nie gerangskik word nie, want, sê McKee, "what is needed is information which will show the grade-level in which a word unlearned by children in that grade can be mastered in a reasonable time"²⁾.

Jones, Tidyman and Bauer het in hulle ondersoek aparte lyste gehou van die skryfwoordeskat van kinders in verskillende standerds. Hierdeur kon hulle bepaal watter woorde in bepaalde standerds die meeste gebruik word.

18. Gevolgtrekkings.

Die ondersoek in verband met die skryfwoordeskat van kinders is nog baie onvolledig. Die ondersoekers op die gebied verskil ten opsigte van die skryfwoordeskat wat hulle vasstel, en daar is nog geen eenstemmigheid met betrekking tot die meesgebruikte woorde nie.

Daar is nog 'n omvangryke ondersoekingswerk nodig voordat vasgestel kan word watter die meesgebruikte woorde is wat kinders in hulle skryfwoordeskat gebruik.

Na aanleiding van die ondersoek wat reeds ingestel is, bestaan daar dus drie tipes van woordelyste, nl. (i) 'n lys van woorde wat volwassenes die meeste gebruik, saamgestel deur E. Horn; (ii) 'n onvolledige lys kinderwoorde saamgestel deur Breed, en (iii) 'n lys van woorde gebaseer op die ondersoek na die skryfwoordeskat van kinders en volwassenes, soos deur Coleman saamgestel.

In Suid-Afrika is daar nog maar baie min gedoen i.v.m. enige van bogenoemde tipes. Die werk van Aucamp¹⁾ is seker die volledigste met betrekking tot die skryfwoordeskat van volwassenes. Hoewel hy aanspraak maak dat sy werk kinderwoorde insluit, is dit nie heeltemal korrek nie. Hy het kinderboeke en kinderblaasie ontleed, maar dit is nogtans deur volwassenes geskryf.

Die spellys vir kinders van Forsyth, Malan en andere kan nie as volledig beskou word nie, omdat hulle nie hulle metodes volledig beskryf het waarvolgens die woorde bepaal is wat in die lys opgeneem is nie.

Om die rede is dit onekonomies om aan die kind woorde te leer wat in bogenoemde lys ingesluit is. In die verband sê Taute²⁾ : „Dit is onmoontlik en dit is nie noodsaaklik nie, omdat die gewone mens en sy skryfwerk hoofsaaklik van 'n beperkte woordeskat gebruik maak - al wat die kind, benewens sodanige noodsaaklike woorde te leer reg spel, hoef te leer, is die gesindheid of gewoonte wat hom na 'n woordeboek laat gryp sodra hy oor 'n woord se spelling twyfel. Die voor die voet leer van allerlei

1. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duisend

woorde is natuurlik baie tydrowend en dit gee net betekense leer af, waarby kinders woorde leer spel wat hulle op hulle leeftyd in skriftelike werk nooit sal gebruik nie.....".

William Boyd sê: "... the obvious course is to concentrate effort on the learning of the common words. As for what happens in the case of the others, it does not greatly matter..."¹⁾

1. Boyd, Measuring Devices in Composition, Spelling and Arithmetic, 97.

AFDELING B.EIE ONDERSOEK.HOOFSTUK III. Die Onderzoek.1. Probleemstelling.

In Suid-Afrika is reeds ondersoekinge uitgevoer na die beste metodes om o.a. spelling en taalwerk in ons skole te onderrig ¹⁾. Een aspek van die onderrig wat egter nog heeltemal onaangeroerd is en wat seker nie minder belangrik is nie, is juis ondersoek na die data van die onderrig van spelling en taalwerk.

Die probleem waarvoor ons dus te staan kom, is eers- tens om die woorde wat kinders wel gebruik, wetenskaplik te bepaal voordat daartoe oorgegaan mag word om woorde aan kinders voor te skryf om te leer spel. Dit is psilogologies die regte prosedure.

Tweedens moet hierdie woorde wat volgens wetenskaplike beginsels bepaal is, vergelyk word met die van volwassenes wat op dieselfde wyse vasgestel is. Op die wyse kan 'n gevolgtrekking gemaak word in hoeverre die kinderwoordeskat nog te kort skiet en gevolglik aangevul moet word.

Mildred A. Dawson sê in die verband: "Most authorities maintain that it is wise to adopt a basal list of the words most used by children and supplemented by a limited number of important words that the children will later need in adult life. This standard list, consisting of 3,500 to 4,500 words would be further supplemented by words of particular importance in the local situation"²⁾

1. Die volgende publikasies kan genoem word:

- V.d. Walt, Afrikaanse spelonderrig in die Laerskool.
- V.d. Heever, 'n Objektiewe studie van die spelling

Ons stel dus eerstens vas wat die kind wel in staat is om nou te gebruik, tweedens wat volwassenes gebruik, en vergelyk dan derdens die resultate om sodoende vas te stel wat die kind nog kortkom.

Ons moet dus nie die woordeskat van volwassenes bepaal om sodoende vas te stel, soos sommige ondersoekers meen, wat aan die kind geleer behoort te word nie, maar alleen om vas te stel wat die kind nog kort. Thorndike sê: "Adults estimates of children's abilities are always likely to be overestimates"¹⁾.

Ons moet dus eerstens vasstel wat die kind wel ken en algemeen gebruik, en deur dit met die van volwassenes te vergelyk, leer ons wat aan hom onderwys moet word. Dit is die enigste logiese wyse waarop te werk gegaan kan word. Wat hy behoort te ken, kan ons nie bepaal voordat ons weet wat hy reeds ken nie. Om tyd ekonomies te bestee moet voortgebou word op die grondslag van wat die kind reeds ken, en om die werklike skryfwoordeskat van kinders te bepaal, moet van die spontane geskryfte van kinders gebruik gemaak word.

Elke onderwyser wat daagliks met die onderkryg van Afrikaans in al sy aspekte op skool te doen het, lê hom voortdurend daarop toe om die woordeskat van die leerlinge uit te brei. Hierdie werk is egter gewoonlik nie gebaseer op wetenskaplike ondersoek na die woorde wat behoort geleer te word nie. Dit is ook nie vasgestel watter woorde die deursneekind van 'n bepaalde leeftyd of standerd in die daaglikse lewe gebruik nie.

1. Rinsland, A Basic Vocabulary of Elementary School Children, 2.

Aucamp beweer in die verband: " 'n Aansienlike aantal werkers het reeds hulle deel gedoen om, d.m.v. Afrikaanse Woordeboeke en ander geskrifte, wat kort-kort uit die drukpers vloei, vir ons 'n denkbeeld te gee van die uitgestrektheid van Afrikaans het die Afrikaanse boom, met wortels en takke en al, vir ons voorgestel. Maar tot dusver het nog niemand probeer om met juistheid vas te stel wat die omvang of beperktheid en die kern van die taal is nie... Daar is min mense selfs onder ontwikkelde persone wat sonder enige voorafgaande ondersoek, vóór die vuil weg kan sê wat wel die eerste meesgebruikte woord in Afrikaans is..."¹⁾

Ons kan met reg beweer dat baie van die onbevredigende resultate van die werk in ons skole, veral met betrekking tot spelling, die gevolg is van die onbekendheid van die stof waarmee ons werk. Volgens McKee is daar twee dinge wat elke onderwyser moet weet i.v.m. die bepaling van enige ~~st~~ stof wat onderrig word: "(1) The philosophical point of view behind most of the research which has sought to select the content of a given elementary school subject; and (2) the results of the research which has been carried on in order to make the selection of that content scientific"²⁾

Dikwels is die onderwyser maar aangewys op die rigting wat taalboeke hom aandui, en sulke boeke berus gewoonlik op die persoonlike ervaring van die samesteller. In die verband sê McKee: "The old way of determining methods and materials by personal opinion or personal experience is no longer considered worthy"³⁾. Maar omdat die ideale "oestand" nog nie bereik is nie en die werk in ons skole moet voortgaan, is ons nogtans verplig om gebruik te maak van gesonde ervaring van die onderwyser en die samesteller.

Ons kan dus beweer dat die bestudering van die skryfwoordeskat van kinders sy waarde vir die skool sal hê. Daaruit kan ons min of meer vasstel watter woorde die kind vir sy buiteskoolse behoeftes nodig het. Vir die skool kan dit dus in besondere mate rigtende waarde hê.

Een van die belangrikste take van die skool is juis om die kind op te voed vir sy buiteskoolse behoeftes. McKee stel dit soos volg: "Probably the most workable and most widely applied philosophical point of view for determining what should be taught in a given subject is the theory of social utility. Stated in its simplest and briefest form this theory holds that whatever is taught in the school must be of importance outside the school. In terms of school subjects it says that the spelling, the reading, the arithmetic, the science etc; that are needed in life outside the school"¹⁾.

Teenswoordig kry leerlinge van alle ouderdomme volle geleentheid om hulle skryfwoordeskat ten volle buite die skool te beoefen. Spesiale rubrieke word vir kinders afgesonder in feitlik alle dag-en weekblaaie. Die skrywer beskou die woorde wat die kind spontaan gebruik in sy private briewe, as van die grootste opvoedkundige belang: dit kan dien as een van die rigtinggewende grondslae waarop leerboeke gebou word, waarop skriftelike werk van leerlinge beoordeel word en waarvolgens taal, veral spelling, onder-
rig behoort te word.

Tidyman beweer: "In seeking to discover what words really form the child's vocabulary only spontaneous compositions should be considered, for in literal reproduction large numbers of unassimilated words of the text are certain to be brought into the written work"²⁾.

Daar moet in gedagte gehou word dat daar 'n verskil is tussen die woorde wat die kind elke dag gebruik, en die wat hy behoort te gebruik. Ons kan nie sonder meer as mast-staf vir die skool die gebruikte woordeskat aanvaar nie. Daarby kom nog dat die kinders in hulle spreektaal 'n uitgebreider woordeskat hanteer as in hulle geskrifte.

Die vraag ontstaan hoe hierdie woordeskat bepaal moet word. Na aanleiding van die sosiale bruikbaarheidsteorie is dit duidelik dat die skryfwoordeskat nie bepaal kan word voordat die kinderaktiwiteite buite die skool, waarin hierdie woorde gebruik word, nie bepaal is nie.

By nadere ondersoek ¹⁾ is dit duidelik dat daar vier kinderaktiwiteite is waarin woorde gebruik word, nl. lees, praat, luister na wat gesê word, en skryf. By lees moet die betekenis van die woorde geken word, - daar bestaan dus 'n noodsaaklikheid vir 'n leeswoordeskat. By praat moet betekenis en regte uitspraak geken word - daar bestaan dus 'n noodsaaklikheid vir 'n spreekwoordeskat. Insgelyks bestaan daar 'n noodsaaklikheid vir 'n luisterwoordeskat. Om geslaagd te kan skryf moet die kind kan spel. En omdat die kind spelling alleen by die skryfaktiwiteit as 'n ernstige hindernis ervaar, is dit nodig om daardie woorde aan laerskoolkinders te leer spel wat lg. aktiwiteit sal laat slaag. McKee sê: „The selection of words which elementary school pupils should be able to spell is limited to the vocabulary used in the writing activities of life” ²⁾.

'n Woord uit een woordeskat mag of mag nie in 'n ander woordeskat bestaan nie. By woorde, net soos by mense, sê Tidyman ³⁾, is daar grade van bekendheid.

1. Tidyman, The Teaching of Spelling, 2-5.
McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing. 68-75.

Daar bestaan slegs 'n geringe aantal woorde wat so bekend is aan die individu dat hy in staat is om hulle met vertroue te gebruik om sy gedagtes weer te gee. En uit hierdie bekende woorde soek die individu sy skryfwoordeskat. Tidyman stel dit soos volg: "While the words of the writing vocabulary are common to hearing, speaking and reading vocabularies.... the writing vocabulary does not by any means represent a random selection of words from the other groups rather it consists of a relatively small number of words most useful to the child in expressing his thoughts"¹⁾.

In dieselfde verband sê Aucamp: "In die algemeen gesproke besef ons maar weinig, meen ek, hoeveel ons aan hierdie grondwoorde van die taal verskuldig is; intendeel, ons sien dikwels met minagting op hulle neer"²⁾.

Ons moet ons dus wend tot die spontane geskrifte van kinders as ons hulle skryfwoordeskat wil vasstel. Maar die eise van die latere lewe maak dit noodsaaklik dat die skool ook daarmee rekening moet hou. Om die rede moet ons ook aandag gee aan die skryfwoordeskat van volwassenes.

Ons staan dus op die oomblik in Suid-Afrika voor 'n drieledige probleem, nl. (I) om die skryfwoordeskat van kinders uit verskillende bronne, die frekwensie en verspreiding van die verskillende woorde vir verskillende standers te bepaal, (II) om die skryfwoordeskat van volwassenes uit nog meer bronne as die reeds bestaande vas te stel, en om die verspreiding en die frekwensie van dié verskillende woorde te bepaal³⁾, en (III) om uit bogenoemde ondersoeke 'n finale lys saam te stel wat aanvaar sal word as die meesgebruikte woorde van die gemiddelde persoon.

In Suid-Afrika lê hierdie veld nog heeltemal braak.

2. Doelstelling.

Die hoofogmerke van hierdie ondersoek is die volgende:

- a. Die bepaling van die woordeskat van 8-12-jarige Afrikaanssprekende laerskoolkinders uit hulle private briewe;
- b. die bepaling van die frekwensie van die woorde op verskillende leeftye;
- c. die bepaling van die vernaamste klasse spelfoute en hulle frekwensie op verskillende leeftye;
- d. 'n vergelyking van hierdie woordeskat met die van volwassenes soos bepaal deur Aucamp ¹⁾ ;
- e. die samestelling van 'n lys van die meesgebruikte kinderwoorde.

3. Die stof en metode van bewerking.

a. Die stof.

Vir die doel van hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van die oorspronklike briewe van kinders van leeftye van 8 tot 12 jaar wat geskryf is vir: Die Brandwag, Die Mōrelig, Die Landbouweekblad en Die Vaderland.

Elkeen van hierdie tydskrifte besit 'n kinderrubriek wat weekliks 'n paar van die beste briefies waarin kinders aan hulle geskryf het, publiseer. Die skrywer(s) van die beste briefie, storie of gedig ontvang gewoonlik 'n kontant- of boekprys. Daar word ook gereeld kiekies en verjaarsdae van die „maats" gepubliseer. Verder word daar wedstryde uitgeskryf. Oor al hierdie onderwerpe word vryelik gekorrespondeer.

1. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duisend

Die sake waaroor geskryf word, is van baie uiteenlopende aard. Dit sluit o.a. in denkbeeldige stories en gedigte; vertellings i.v.m. huislike omstandighede, alledaagse gebeurtenisse, sport, stokperdjies ens. ens.

Die briewe is deur Afrikaanssprekende laerskoolleerlinge geskryf wat oor die hele Unie, Suidwes-Afrika en Rhodesië versprei is.

Hierdie briewe kan dus as taamlik verteenwoordigend van die belangstelling van kinders van verskillende ouderdomme, sosiale stande, ouers se beroepe en van omgewings beskou word.

Te oordeel na die wyse waarop die stof meegedeel is, die klasposisies wat dikwels vermeld word, en die leeftye vir die verskillende standers behoort die meeste van hierdie leerlinge verstandelik tot die normale of bonormale groep.

In die volgende tabel word die briewe ontleed.

TABEL I.

Ontleding van 926 briewe van 8 tot 12-jarige kinders.

Ouderdom van skrywers.	Aantal briewe ontleed.	Aantal lopende woorde.	Aantal verskillende woorde.
8 jaar	103	8,520	978
9 jaar	168	15,026	1,374
10 jaar	210	20,772	1,696
11 jaar	219	22,259	1,754
12 jaar	226	26,369	2,144
Totaal.	926	92,946	7,946

b. Hoe die ontledings gemaak is.

Om 'n duideliker beeld te kry van hoe die ontledings

Liewe Tannie,

Hoe gaan dit met Tannie?

Met my gaan dit nog goed. Ek sien tannie hou ons kiekies vir 'n nuwe wedstryd. Ek wil graag myne terug hê as tannie klaar is met hom. Tannie ek het 'n sussie Annie wat 5 jaar is. O maar sy is stout. Sy baklei met my. As sy groot is sal sy seker ook 'n maatjie word. Ek het 'n koei en twee kalwers. My perd Vos is dood. Hy was siek en ek het my vark verkoop. Tannie ek kan nog nie goed en mooi skryf nie. Ek is links. Ek is agt jaar en in Std. I. Ek sal later vir tannie skryf.

Baie groete,

In Tabel II, wat hier onder volg, word die briefie ontleed.

TABEL II.

Ontleding 1: Woordeskat en verskyningskrediete.

Woordeskat	Verskyningskrediete.	Woordeskat	Verskyningskrediete	Woordeskat	Verskyningskrediete
agt	1	jaar	2	ook	2
as	2	kalwers	1	perd	1
baie	2	kan	1	sal	2
baklei	1	kiekies	1	seker	1
dit	2	klaar	1	siek	1
dood	1	koei	1	sien	1
ek	9	later	1	skryf	2
en	4	liewe	1	std.	1
gaan	2	links	1	stout	1
goed	2	maar	1	sussie	1
graag	1	maatjie	1	sy	4
groete	1	met	4	tannie	7
groot	1	mooi	1	terug	1
hê	1	my	4	twee	1
het	3	myne	1	vark	1
hoe	1	'n	4	verkoop	1
hom	1	nie	2	vir	2
hou	1	nog	2	was	1
hy	1	nuwe	1	wat	1
in	1	O	1	wedstryd	1
is	7	ons	1	weer	1
				wil	1

Nadat die adres asook eiename en getalle weggelaat is, het die briefie bestaan uit 114 lopende woorde met 'n woordeskat van 65. Uit die voorbeeld is dit duidelik dat die totaal van die verskyningskrediete gelyk is aan die aantal lopende woorde in die briefie nadat sekere woorde uitge-laat is.

Indien 'n lys van die 5 woorde met die hoogste krediete saamgestel word, sou dit uit die volgende woorde bestaan:-

TABEL III.

Ontleding 2: Lys van 5 veelgebruikte woorde.

Rang.	Woordeskat.	Krediete.	%
1.	Ek	9	
2.	is	7	
3.	tannie	7	
4.	en	4	
5.	met	4	
Totaal	5	31	27.1%

Deur die krediete van die 5 veelgebruikte woorde op te tel, kan bepaal word watter persentasie van die totale aantal lopende woorde hierdie paar woorde met hulle herhalings uitmaak (bv. $\frac{31}{114} \times 100 = 27.1\%$).

Daar is by al die ontledings wat gemaak is, afsonderlike lysie gehou van die 10, 25, 50 en 100 meesgebruikte woorde en hulle persentasie in verhouding tot die lopende woorde.

Eiename van persone en plekke is geskrap voordat die briefie afgeskryf is vir ontleding, omdat dit nie as deel van die woordeskat beskou kan word nie.

In die bepaling van watter woorde om ingesluit en uitge-laat moet word, is gebruik gemaak van dieselfde beginsels

Byvoeglike naamwoorde van eiename gevorm, soos bv.: Suid-Afrikaanse, is behou asook die name van die dae van die week, maande van die jaar en die benamings vir nasionaliteite, tale ens. Hulle vorm in elk geval 'n baie klein gedeelte van die stof.

Wat betref die afleidings van grondwoorde, is besluit om elke afsonderlike woordvorm as 'n woord te behandel.

Om die enkelvoud en ook die meervoud en afleidinge gevorm deur byvoegings van voor-en agtervoegsels soos be-, ge-, her-, ver- en -ing, -baar, -heid, -lik, -loos, respektiewelik almal as 'n eenheid met die grondwoorde te behandel, is baie onwenslik en sou die ondersoek baie bemoeilik.

In hierdie ondersoek is deurgaans, op enkele uitsonderinge na, wat later bespreek word, elke woordvorm as 'n afsonderlike woord behandel.

Die wyse waarop briewe afgeskryf, gekeur, die woorde getel en die frekwensies bepaal is word in Bylae I en II op bl. 130 en 134 behandel.

c. Foute wat in die ondersoek gemaak is.

Daar is na elke ontleding 'n klein foutjie ontdek of 'n verskil tussen die aantal lopende woorde en die totale wat verkry is toe die krediete bymekaar getel is. Hierdie foute kan toegeskryf word aan mistellings of misrekenings.

Tabel IV dui die verskille aan en die persentasie van die fout in elke ontleding.

TABEL IV.

Ontleding van 718 foute wat voorkom in die ondersoek.

Ouderdom in jare.	Aantal woorde voor ontleding.	Aantal woorde na ontleding.	Fout.	%
8	8,520	8,493	-27	0.3
9	15,026	15,009	-17	0.1
10	20,772	20,500	-272	1.3
11	22,259	22,116	-143	0.6
12	26,369	26,110	-259	0.9

Die grootste fout is gemaak by die ontleding van die briewe van die 10-jariges. Dit is die eerste ouderdom wat ontleed is, maar die ondervinding het blykbaar 'n heilsame uitwerking op die res van die ontledings gehad.

Omdat die grootste fout vir die res van die ontledings 0.9% is, en vir die hele ontleding 0.8%, is dit so klein dat dit niks sal afdoen aan die wetenskaplike waarde van die ondersoek nie.

Weens die tyd wat elke ontleding in beslag geneem het, sal dit nie die moeite loon om die ontleding om daardie rede oor te doen nie.

Die volgende stap was om lyste te maak van die 10, 25, 50 en 100 meesgebruikte woorde en hulle krediete. Dit was betreklik maklik.

d. Krediete wat oorgedra is.

Voordat die lyste opgestel is, is die krediete van sekere woorde oorgedra na die van ander.

Soos reeds vroeër gemeld, is die woorde in die ontledings behou in die vorm waarin hulle aangetref is, met inbegrip van verkortings en dubbele vorme.

Na voltooiing van al die ontledings het dit geblyk dat dit raadsaam is om die krediete van sommige woorde bymekaar te tel. Die verkorte woorde se krediete is getel by die wat voluit geskryf is maar alleen as die woorde in beide vorme voorgekom het. So is Des. by Desember getel; jr. by jaar; asb. by asseblief, ens. Op dieselfde wyse is gehandel met enkele woorde waarvan daar twee vorme of wisselvorme voorgekom het, soos skryf en skrywe; vriend en vrind; somaar en sommer ens. Alleen vorme is behou wat toegelaat word deur die jongste Woordelys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns (1953)¹⁾ of wat bloot

1. In gevalle waar twyfel ontstaan het oor die vorm van die woorde soos die spelling, afkorting ens. is ook ge-

afhang van die skrywer se willekeur, maar nie vorme waar wisselvorme verskillende betekenisse het of verskillend gebruik word nie, soos jong-jonk; lang-lank ens.

In die geval van verkeerdgespelde woorde is die krediete van sulke woorde oorgedra na die regte spelling.

'n Volledige lys van woorde waarvan die krediete oorgedra is, word in Bylae III op bl. 135 gegee.

e. Hoe frekwensielyste opgestel is.

Nadat die krediete oorgedra is, het die totale wat vir elke ontleding gevind is, nog dieselfde gebly. Nou is daartoe oorgegaan om afsonderlike lyste vir die 10, 25, 50 en 100 meesgebruikte woorde saam te stel. Ook is die persentasies wat hierdie meesgebruikte woorde met hulle herhalings van die totaal uitmaak, uitgewerk. Dit dien as 'n nuttige maatstaf van vergelyking van die betreklike eenvoudigheid of moeilikheid van die stof. Dit gee veral 'n denkbeeld of daar 'n mate van egaligheid of bestendigheid is in die veelvuldige gebruik van woorde. Dit dien veral as basis waarop 'n vergelyking tussen die verskillende leeftye gemaak kan word. Dit is terselfdertyd 'n aanduiding of die ondersoek wel op wetenskaplike grondslag berus.

Dit is ook dieselfde wyse as die waarop Aucamp¹⁾ te werk gegaan het. En aangesien een van die oogmerke was 'n vergelyking van die woordeskat van kinders met die van volwassenes, was dit die aangewese wetenskaplike grondslag waarop te werk gegaan kon word.

1. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duizend Afrikaanse staatmakers.

HOOFSTUK IV. Bespreking van die resultate van die
verskillende ontledings.

Uit die aard van die doelstelling van hierdie ondersoek, soos gestel op bladsy 36, is dit voor die hand liggend dat vir elke leeftyd gelyktydig die volgende aspekte nagegaan word:-

1. Die bepaling van die woordeskat van 8 tot 12-jarige Afrikaanssprekende laerskoolkinders uit hulle private briewe;
2. die bepaling van die vernaamste klasse spelfoute en hulle frekwensies op die verskillende leeftye;
3. 'n vergelyking van hierdie woordeskat met die van volwassenes soos bepaal deur Aucamp.

Daarna sal die frekwensie van woorde by die verskillende leeftye vir almal saam behandel word. En tén slotte sal die leeftye met mekaar vergelyk word oor die hele terrein van die ondersoek.

Ontleding nr. 1: Resultate van briewe geskryf deur 8-jarige leerlinge.

a. Die totale aantal briewe en woorde.

Die totale aantal briewe wat vir hierdie leeftyd ontleed is, is 103. Die totale aantal skrywers was 97. Die wyse waarop dit vasgestel is, word in Bylae I op bl. 130 bespreek. Die totale aantal lopende woorde was 8,520 en die woordeskat 978 (Tabel I op bl. 37). Nadat die woorde gesorteer is, is, soos reeds vermeld, 'n klein foutjie in elke ontleding ontdek as gevolg van mistellings. Soos reeds verduidelik, is die krediete van sommige woorde oorgedra na die van ander. Na sortering het die lopende woorde dus 'n totaal van 8493 uitgemaak, en nadat die krediete van sommige woorde oorgedra is, het die woordeskat bestaan uit 978 verskillende woorde. In Bylae III op bl. 135 verskyn 'n lys van woorde waarvan die krediete oorgedra is.

As ons die woordeskat met die aantal lopende woorde vergelyk, vind ons dat elke woord gemiddeld ongeveer 8 keer gebruik is. M.a.w. die herhalingsverhouding tussen die woordeskat en die lopende woorde was ongeveer 1:8. Daar is natuurlik enkele woorde met 'n verskyningskrediet van honderde en ander met 'n krediet van slegs 1.

b. Bespreking van die lys van veelgebruikte woorde.

Uit hierdie 978 woorde is nou 'n lys van die veelgebruikte woorde met krediete van 3 en hoër saamgestel. Dit word in Bylae IV op bl. 137 gegee. Die doel van hierdie lys is om al die veelgebruikte woorde saam te groepeer sodat dit vergelyk kan word met die veelgebruikte woorde van ander leeftye.

Indien ons nou hierdie lys van veelgebruikte woorde ontleed, is dit veelseggend uit die oogpunt van die veel-

Die woordeskat van 8-jariges bestaan uit 978 verskillende woorde, en uit hierdie totaal kom slegs 323 in die lys van veelgebruikte woorde voor. Hierdie 323 woorde maak as gevolg van hulle herhalings en veelvuldige gebruik 'n totaal uit van 7688 lopende woorde uit die groot totaal van 8520. Dit is 90.2%. Die res van die lopende woorde, met 'n krediet minder as 3, maak dus 'n totaal van 832 uit. ($8520 - 7688 = 832$). Hierdie 832 lopende woorde verteenwoordig 655 woorde van die woordeskat ($978 - 323 = 655$). Met ander woorde 323 woorde of 33% verteenwoordig as gevolg van veelvuldige herhalings 90.2% van die lopende woorde, en 77% van die woordeskat bestaan uit mingebruikte woorde. Die mingebruikte woorde maak slegs 9.8% van die totale aantal lopende woorde uit.

Dit is dus duidelik aan watter woorde die onderwyser sy aandag moet gee. Hy moet klem lê op die 323 veelgebruikte woorde, want dit dek 90.2% van die skryfwoordeskat van die 8-jarige kinders.

As ons die verhouding tussen die woordeskat en die lopende woorde van die lys van veelgebruikte woorde vergelyk, kom dit op 1:23 te staan. Elkeen van die veelgebruikte woorde is gemiddeld 23 keer gebruik, terwyl die mingebruikte woorde maar 1.2 maal gebruik is.

c. Die 100 meesgebruikte woorde.

Uit die lys van veelgebruikte woorde met 'n krediet van 3 en hoër is nou gekies die 100 woorde met die hoogste krediete, en hulle is volgens orde gerangskik van die hoogste af. Die gesamentlike krediete vir die 10, 25, 50 en 100 meesgebruikte woorde is op die manier verkry, en die persentasies vir die verskillende krediete is toe

utgevoer. Die lys is soos volg:

TABEL V.

Ontleding 1: 100 meesgebruikte woorde op 8-jarige leeftyd.

Rang.	Woordeskat.	Krediete.	%	Rang.	Woordeskat.	Krediete	%
1.	ek	549		51.	een	32	
2.	is	387		52.	tee	32	
3.	die	318		53.	hulle	32	
4.	my	302		54.	mooi	30	
5.	en	288		55.	lekker	30	
6.	tannie	281		56.	agt	30	
7.	het	233		57.	bly	29	
8.	'n	211		58.	stuur	29	
9.	ons	176		59.	as	29	
10.	in	168		60.	vanjaar	28	
Totaal		2,913	34	61.	sussie	27	
11.	van	128		62.	wees	27	
12.	ook	119		63.	dan	27	
13.	jaar	119		64.	dat	27	
14.	baie	115		65.	hom	26	
15.	vir	106		66.	lees	26	
16.	nie	97		67.	mammie	25	
17.	lieue	91		68.	moet	25	
18.	dit	86		69.	pappie	24	
19.	oud	76		70.	weer	24	
20.	met	74		71.	hier	24	
21.	te	70		72.	kiekie	23	
22.	wie	67		73.	plaas	21	
23.	gaan	66		74.	briefie	21	
24.	groete	65		75.	brandwag-	20	
25.	nou	63			maatjie		
Totaal.		4,255	49.9	76.	hoop	20	
26.	al	62		77.	hou	20	
27.	op	60		78.	kom	20	
28.	standerd	60		79.	aansluit	20	
29.	toe	58.		80.	hoe	19	
30.	naam	56		81.	klein	19	
31.	hy	54		82.	u	19	
32.	om	54		83.	daar	18	
33.	by	52		84.	kry	18	
34.	graag	52		85.	want	18	
35.	nog	50		86.	na	16	
36.	maar	48		87.	of	16	
37.	se	47		88.	sê	16	
38.	skryf	45		89.	sien	16	
39.	aan	45		90.	dis	15	
40.	sal	45		91.	liefde	15	
41.	skool	44		92.	sluit	15	
42.	wat	42		93.	gekry	15	
43.	was	40		94.	altyd	15	
44.	maatjie	40		95.	eerste	14	
45.	word	39		96.	goed	14	
46.	beste	38		97.	haar	14	
47.	kan	38		98.	gehad	13	
48.	so	35		99.	kat	13	
49.	boetie	33		100.	na	13	
		33		Totaal.		6,504	76%

d. Bespreking van die frekwensie van die 100 veelgebruikte woorde.

Die volgende tabel dui die persentasies van al die veelgebruikte woorde vir hierdie ouderdom aan.

TABEL VI.

Ontleding van 323 veelgebruikte woorde op 8-jarige leeftyd.

Ontleding nr. 1.		Woorde met krediete groter as 3.	Die hoogste.				2de
Woordeskat	978		10	25	50	100	
		323					100
Totale aantal lopende woorde.	8520	7,688	2,913	4,255	5,455	6504	747
%	100	90.2	34	49.9	64	76	8.7

Hierdie 100 woorde verteenwoordig 'n totaal van 6,504 uit 8,520 lopende woorde. Dit is 76% Die 100 woorde alleen, uit 'n woordeskat van 978, maak dus meer as driekwart van die totale aantal woorde uit wat deur agtjarige gebruik word.

Die 10 woorde met die hoogste krediete verteenwoordig as gevolg van hulle veelvuldige herhalings 'n totaal van 2,913 uit 8,520 lopende woorde. Dit is 34%. Hierdie 10 woorde uit 'n totaal van 978 is soveel keer herhaal dat dit meer as 'n derde van die hele skryftaal uitgemaak het.

Die 25 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste 10, maak 'n totaal van 4,255 uit 8,520 lopende woorde uit. Dit is 49.9% Die 25 woorde verteenwoordig dus feitlik die helfte van wat die kind geskryf het.

van wat die kind neergeskryf het, kon hy dus gedoen het as hy slegs hierdie 50 veelgebruikte woorde geken het.

e. Die tweede 100 meesgebruikte woorde.

Die betekenis van die eerste 100 veelgebruikte woorde word nog sterker beklemtoon indien ons die tweede 100 veelgebruikte woorde daarmee vergelyk. Die eerste 100 veelgebruikte woorde maak 'n totaal uit van 6,504 lopende woorde uit 'n totaal van 8,520. Hierteenoor maak die tweede 100 veelgebruikte woorde slegs 'n totaal van 747 lopende woorde uit 'n totaal van 8,520 uit.

Waar die eerste 100 veelgebruikte woorde 76% van 8,520 lopende woorde verteenwoordig, maak die tweede 100 slegs 8.7% uit. Waar die herhalingsverhouding van die eerste 100 veelgebruikte woorde 1:65 is, is dié van die tweede slegs 1:7.

f. Die verhoudings tussen die woordeskat en lopende woorde.

Bostaande Tabel VI stel ons in staat om die verhouding tussen die woordeskat en die lopende woorde beter raak te sien.

Die verhouding tussen die hele woordeskat (978) en die lopende woorde (8520) is ongeveer 1:8; vir die veelgebruikte woorde is dit ongeveer 1:23; vir die 100 meesgebruikte woorde is dit ongeveer 1:109; vir die 25 woorde is dit ongeveer 1:160, en vir die 10 woorde is dit ongeveer 1:291. Hierdie resultate dui andermaal aan hoeveel van die grondwoorde van die taal afhanklik is.

2. 'n Ontleding van die spelfoute van 8-jariges.

a. Die verskillende groepe spelfoute.

TABEL VII.Ontleding van 169 spelfoute deur 8-jariges.gemaak.

Klas fout.	Aantal Spelfoute	Frekwensie	% tot naaste heelgetal.
Woorde los geskryf.	80	100	47
Aanmekaar i.p.v. los.	14	24	8
Verkeerd afgekort.	13	34	8
Letters uitgelaat of bygevoeg.	26	27	15
Weglating van 2de medeklinker.	6	8	4
Verwarring.	23	28	14
Deelteken, kappie, hoofletters.	7	10	4
Totaal.	169	231	100%

Soos reeds vermeld, is vir hierdie leeftyd 103 briewe ontleed, wat 'n totale aantal lopende woorde van 8250 en 'n woordeskat van 978 opgelewer het (tabel 1, bl. 37).

Van die 978 woorde is 169 een of meer keer verkeerd gespeel, met 'n totale frekwensie van 231. In Bylae 1 op bl. 130 word verduidelik hoe die spelfoute vasgestel is. Om die foute te bespreek, word dit in die volgende klasse verdeel:-

elektriesetrein, sebrief ens.

- (3) Woorde wat verkeerd afgekort is, bv. P.K., assb, ens.
- (4) Woorde waar 'n letter uitgelaat of bygevoeg is, bv. Apil, lans (langs) ens.
- (5) Woorde waar die tweede medeklinker weggelaat is na 'n kort klinker, bv. aseblief, ligies ens.
- (6) Woorde waar 'n verwarring van letters geskied het, bv. bie (die), gehat (gehad) ens.
- (7) Woorde waar die deelteken, kappie, koppelteken en hoofletters weggelaat is.

'n Volledige lys van al die spelfoute met die frekwansies verskyn in Bylae V op bl. 140.

(1) Die eerste groep bestaan uit woorde wat los i.p.v. aanmekaar geskryf is. Die spelfoute wat die meeste voorgekom het, behoort tot hierdie groep. Uit die 169 spelfoute is 80 woorde los i.p.v. aanmekaar geskryf. Die frekwensie van die 80 woorde maak 'n totaal van 100 uit. Dit is 47.3% van die totale aantal spelfoute. Opvallend was die groot aantal woorde waar die voorvoegsels „op -“, „in-“, „ge-“, los geskryf is. Die drie woorde wat die hoogste krediet het, is brandwagmaatjie(8), aansluit(6) en geboortedatum (4).

(2) Woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is.

Hierdie groep bestaan uit 14 woorde met 'n totale frekwensie van 24. Dit is 8%. Die fout wat die meeste voorgekom het, is tot siens, wat aanmekaar geskrywe was. Uit die 11 keer wat dit aan die slot van briewe gebruik is, is dit 7 keer verkeerd geskrywe. Die „nasetse!” toe is dikwels aanmekaar geskryf aan die voorafgaande selfstandige naamwoord, bv. skooltoe en huistoe.

Die woordjie te is slegs twee keer aan ander woorde vas geskryf.

(3) Die derde groep bestaan uit woorde wat verkeerd afge-

Woorde wat hierdie groep sluit 13 woorde in met 'n frekwensie

met 'n krediet van 20, wat feitlik deurgaans as P.K. i.p. v. Pk. afgekort is. Slegs in hierdie enkele geval is nie net die inhoud van die brief in aanmerking geneem nie maar ook die adres. Die vernaamste foute wat begaan is i.v.m. afkortings, is dat geen punt aan die end van die afkorting geplaas is nie.

(4) Die vierde groep spelfoute bestaan uit woorde waar letters weggelaat of bygevoeg is.

Dit sluit woorde in soos als (alles), April (April), besste (beste) ens. Die groep bestaan uit 26 woorde met 'n frekwensie van 27. Slegs twee van die 26 woorde het meer as twee lettergrepe. Hierdie groep is verantwoordelik vir 15.3% van die spelfoute.

(5) Die vyfde groep bestaan uit foute wat gemaak is deur weglating van die tweede medeklinker na 'n kort klinker.

Die lys is baie kort en bestaan slegs uit 6 woorde met 'n frekwensie van 8. Dit maak slegs 3.5% van die aantal spelfoute uit.

(6) Hierdie groep bestaan uit woorde waarvan sekere letters verwar is, bv. e en i; t en d ens.

Dit bestaan uit 23 spelfoute met 'n frekwensie van 28. Die groep is dus verantwoordelik vir 13.6% van die spelfoute. Die tipe fout word waarskynlik gemaak weens die feit dat die uitspraak dieselfde of feitlik dieselfde is. Die volgende is 'n paar van die foute met die hoogste frekwensie:- goed(t) 3; liefde (liewde) 2; portret(protret) 2

(7) Hierdie groep bestaan uit woorde wat verkeerd gespeel is weens die feit dat die deelteken, kappie ens. weggelaat is. Die lys is kort en bestaan slegs uit 7 woorde met 'n frekwensie van 10. Dit maak slegs 4.1% van die spelfoute uit.

b. Spelfoute wat as veelgebruikte woorde voorkom.

Van die 169 spelfoute kom slegs 17 in die lys van 100

die 17 veelgebruikte woorde as lopende woorde is 39, terwyl die gemiddelde verskyningskrediet van dieselfde woorde as spelfoute 2.1 is. Met ander woorde vir elke 39 keer wat die betrokke woord gebruik is, is dit ongeveer 2 keer verkeerd gespel.

Van die 169 spelfoute kom 47 voor in die lys van 323 veelgebruikte woorde. Met ander woorde 27.8% van die spelfoute is ook veelgebruikte woorde. Die gemiddelde verskyningskrediet van die 47 spelfoute as lopende woorde is ongeveer 1:20, terwyl dit as spelfoute ongeveer 1:1.6 is. Vir elke 20 keer wat 'n veelgebruikte woord dus verskyn, is dit gemiddeld 1.6 keer verkeerd gespel.

3. 'n Vergelyking tussen die 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges en Aucamp se 1000.

a. 'n Vergelyking van die eerste 100 woorde.

Tabel VIII dui die ooreenkomst tussen die veelgebruikte woorde aan.

TABEL VIII.

Ontledings van 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges in vergelyking met die van Aucamp.

Veelgebruikte woorde van 8-jariges.	10	25	50	100	100	323	100
Woorde wat ooreenstem.	7	15	33	63	38	241	82
Aucamp se	10	25	50	100	1000	1000	200

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van 8-jariges met die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp vind ons dat uit die eerste 10 veelgebruikte woorde, 7 met mekaar ooreenstem. Dit is 70%.

Vergelyk ons die 25 veelgebruikte woorde met mekaar,

vind ons dat 15 dieselfde is. Dit is 60%.

Vergelyk ons die 50 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste 25, vind ons dat 33 dieselfde is. Dit is 66%. Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met mekaar vind ons dat 63 dieselfde is. Dit is 63%

Vergelyk ons die lys van 100 veelgebruikte woorde van 8-jariges met die hele lys van veelgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat 88 dieselfde is. Van die 12 woorde wat nie in Aucamp se lys voorkom nie, kom 5 wel voor in 'n ander vorm, bv. mammie as ma; pappie as pa; briefie as brief; maatjie as maat; agt as ag.

Die volgende 7 woorde kom glad nie in die lys van Aucamp voor nie: standerd, boetie, verjaar, kiekie, brandwagmaatjie, aansluit en kat.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van die 8-jariges met die eerste 200 veelgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat 82 dieselfde is.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die veelgebruikte woorde van 8-jariges in 'n baie groot mate ook veelgebruikte woorde van volwassenes is.

b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde.

Vergelyk ons die lys van 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges met die 1000 meesgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat 241 of 74.6% wel in die lys voorkom. Slegs 82 woorde kom nie in die lys van Aucamp voor nie.

Hierdie 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges het 7688 lopende woorde uit 'n totaal van 8520 uitgemaak. Dit is 90%. Die feit dat 241 uit 323 van die veelgebruikte woorde van 8-jariges wel in die lys van veelgebruikte woorde van volwassenes voorkom, is veelseggend.

In Bylae IV op bl. 137 verskyn die lys van 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges, en die woorde wat nie in die lys van veelgebruiktes van Aucamp voorkom nie, word

4. Ontleding nr. 2. Briewe geskrywe deur 9-jarige leerlinge.

a. Die aantal briewe en woorde wat ontleed is.

Die aantal briewe wat vir hierdie leeftyd ontleed is, is 168. Die totale aantal lopende woorde was 15,026 en nadat dit gesorteer was 15,009. Daar was dus 'n verskil van 17 woorde te min. (sien Tabel I, bl. 37).

Hierdie 168 briewe is deur 157 leerlinge geskrywe, die woordeskat was 1386, wat 408 meer is as die vir 8-jr...

Nadat die krediete vir sommige woorde bymekaar getel is, het die woordeskat uit 1374 verskillende woorde bestaan. Die verhouding van die woordeskat tot die aantal lopende woorde was dus ongeveer 1:10. In Bylae III op bl. 135 verskyn 'n lys van woorde waarvan die krediete oorgedra is.

Om die lys van veelgebruikte woorde vir hierdie ouderdom saam te stel, is slegs woorde met 'n krediet van groter as 5 geneem. In Bylae VI op bl. 143 word 'n volledige lys van die woorde gegee met hulle krediete.

b. Bespreking van al die veelgebruikte woorde.

Die volgende tabel dui die persentasies van al die veelgebruikte woorde aan.

TABEL IX.

Ontleding van 310 veelgebruikte woorde op 9-jarige leeftyd.

Ontleding nr. 2.		Woorde met krediete groter as 5	Die hoogste				2de.
Woordeskat	1,374	310	10	25	50	100	100
Totale aantal lopende woorde	15,026	13,287	5,960	7,413	9,426	11,328	1,306
"	100	88.6	33.6	49.3	62.7	75.3	8.6

Daar is 310 veelgebruikte woorde in die lys. Hierdie 310 veelgebruikte woorde met hulle herhalings verteenwoordig 13,287 lopende woorde uit 'n totaal van 15,026.

Die lys van 310 veelgebruikte woorde verteenwoordig andermaal 'n baie hoë persentasie van die lopende woorde, nl. 88.6%

Die res van die woordeskat, $1374 - 310 = (1064)$ woorde, is dus verantwoordelik vir $15,026 - 13,287$ (1729) lopende woorde.

Die lys van 310 veelgebruikte woorde maak slegs ongeveer 22% van die woordeskat van 9-jariges uit maar verteenwoordig 88.6% van die lopende woorde. Die woorde met krediete minder as 5 maak 77% van die woordeskat uit maar slegs ongeveer 11% van die lopende woorde.

As ons die verhouding tussen die woordeskat en die lopende woorde van die lys van veelgebruikte woorde vergelyk, kom dit op ongeveer 1:43 te staan. Elkeen van die veelgebruikte woorde is dus gemiddeld 43 keer gebruik, terwyl die mingebruikte woorde maar 1.5 keer gebruik is.

c. Die 100 veelgebruikte woorde.

Uit die lys van 310 veelgebruikte woorde is nou gekies die 100 woorde met die hoogste krediete, en hulle is volgens orde gerangskik, van die hoogste af.

Die gesamentlike krediete vir die 10, 25, 50 en 100 woorde is op die manier verkry, en die persentasies vir die verskillende krediete is toe uitgewerk.

Die lys is soos volg:-

TABEL X.

Ontleding 2: 100 meesgebruikte woorde van 9-jariges.

Rang.	Woordeskat	Krediete	%	Rang	Woordeskat	Krediete	%
1.	ek	1022		51.	stuur	62	
2.	die	675		52.	dat	62	
3.	is	610		53.	bly	61	
4.	tannie	562		54.	dan	61	
5.	en	486		55.	se	58	
6.	my	410		56.	weer	57	
7.	'n	346		57.	een	56	
8.	in	330		58.	nege	55	
9.	het	321		59.	kry	55	
10.	ons	298		60.	hou	54	
	Totaal	5060	33.6	61.	net	51	
11.	van	245		62.	hy	49	
12.	baie	198		63.	want	48	
13.	dit	196		64.	twee	46	
14.	ook	194		65.	kan	45	
15.	nie	191		66.	daar	44	
16.	vir	161		67.	kiekie	42	
17.	jaar	161		68.	lekker	42	
18.	te	135		69.	lees	42	
19.	wil	134		70.	verjaar	41	
20.	liewe	128		71.	hoe	39	
21.	maar	124		72.	wees	39	
22.	met	123		73.	sê	37	
23.	nou	123		74.	weet	37	
24.	standerd	123		75.	hoop	36	
25.	gaan	117		76.	sussie	36	
	Totaal	7413	49.3	77.	mooi	35	
26.	groete	113		78.	mammie	32	
27.	om	107		79.	plaas	32	
28.	op	96		80.	na	31	
29.	so	95		81.	kom	30	
30.	graag	95		82.	klein	30	
31.	oud	89		83.	haar	30	
32.	nog	87		84.	of	29	
33.	beste	85		85.	boetie	28	
34.	maatjie	85		86.	sien	27	
35.	moet	85		87.	u	27	
36.	sy	81		88.	brief	27	
37.	al	81		89.	dus	26	
38.	sal	78		90.	goed	26	
39.	naam	77		91.	hom	26	
40.	was	74		92.	eerste	25	
41.	by	74		93.	keer	25	
42.	skryf	74		94.	koud	25	
43.	aan	72		95.	wedstryd	24	
44.	wat	70		96.	pappie	23	
45.	as	70		97.	speel	23	
46.	hier	68		98.	sluit	22	
47.	word	68		99.	eers	22	
48.	hulle	65		100.	elke	22	
49.	skool	63			Totaal	11,328	75.3
50.	toe	62					
	Totaal	9426	62.7				

Hierdie 100 veelgebruikte woorde verteenwoordig 'n totaal van 11,328 uit 15,026 lopende woorde. Dit is 75.3% (sien Tabel IX, bl. 54).

Die 10 woorde met die hoogste krediete verteenwoordig 5060 lopende woorde. Dit is 33.6%

Die 25 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste 10, maak 'n totaal van 7413 uit 15,026 lopende woorde uit. Dit is 49.3%

Die 50 meesgebruikte woorde maak 'n totaal van 9426 lopende woorde uit. Dit is 62.7%

Driekwart van wat die gemiddelde kind neergeskryf het, kon hy dus gedoen het as hy slegs hierdie 100 woorde geken het.

d. Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.

Wanneer ons die tweede 100 veelgebruikte woorde, geneem uit 310 veelgebruikte woorde, met die eerste 100 vergelyk, vind ons dat daar 'n baie groot verskil is. Die tweede 100 veelgebruikte woorde maak 'n totaal van 1306 uit 15026 lopende woorde uit, teenoor 'n totaal van 11,328 lopende woorde van die eerste 100. Waar die eerste 100 veelgebruikte woorde 75.3% van die lopende woorde verteenwoordig, verteenwoordig die tweede 100 slegs 8.6%. Die verhouding tussen die eerste 100 veelgebruikte woorde en die lopende woorde is ongeveer 1:113, terwyl dit vir die tweede 100, ongeveer 1:13 is.

e. Die verhouding tussen die woordeskat en veelgebruikte woorde.

Tabel IX op bl. 54 stel ons ook in staat om die verhouding tussen die woordeskat en die lopende woorde raak te sien.

Die verhouding tussen die woordeskat (1374) en die lopende woorde (15026) vir hierdie ouderdom in sy geheel geneem, is ongeveer 1:11; vir die (310) veelgebruikte woorde 1:43; vir die 100 veelgebruikte woorde 1:113; vir

50 1:188; vir 25 woorde 1:300 en vir die 10 veelgebruikte woorde ongeveer 1:506

Hierdie resultate dui andermaal aan hoeveel ons van die grondwoorde van die taal afhanklik is.

5. 'n Ontleding van die spelfoute van 9-jariges.

a. Bespreking van die groepe spelfoute.

Die volgende tabel dui die ontleding van die spelfoute aan.

TABEL XI.

Ontleding van 247 spelfoute deur 9-jariges gemaak.

Soort fout.	Aantal spelfoute	Frekwensie	%
Woorde los geskryf.	113	135	45.8
Aanmekaar i.p.v. los.	24	33	9.7
Verkeerd afgekort.	7	41	2.8
Letters uitgelaat of bygevoeg.	48	66	19.5
Weglating van 2de medeklinker.	14	24	5.7
Verwarring.	31	34	12.5
Deelteken, kappie, hoofletters.	10	11	4.1
Totaal.	247	344	100

Vir hierdie ouderdom is 168 briewe ontleed, wat 'n totaal van 15026 lopende woorde en 'n woordeskat van 1374 opgelewer het (Tabel I, bl. 37).

Van die 1374 verskillende woorde waaruit die woordeskat bestaan het, is 247 een of meer keer verkeerd gespelt, met

bespreek, is dieselfde indeling as vir die vorige ouderdom gebruik.

'n Volledige lys van die spelfoute vir hierdie ouderdom met hulle frekwensie verskyn in Bylae VII bl. 146.

(1) Die eerste groep bestaan uit woorde wat los i.p.v. aanmekaar geskrywe is.

Uit die totaal van 247 Spelfoute wat deur hierdie ouderdom gemaak is, bestaan 113 uit woorde wat los i.p.v. aanmekaar geskryf is. Die frekwensie van die 113 woorde is 135. Met ander woorde 45.1% van die spelfoute behoort tot die klas. Die meeste foute bestaan uit meerlettergrepige woorde en meestal uit samestellinge sonder verbindingsklanke, bv. aansluit, koekblik, skoolgaan ens. Die klas fout word gewoonlik as "aan sluit", "koekblik" "skool gaan" ens, geskryf. Hierdie foute word ook gemaak waar die voorvoegsels "ge-", "op-", "uit-", en "in-" los geskryf word.

(2) Die tweede groep bestaan uit woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is. Dit bestaan uit 24 woorde met 'n frekwensie van 33. Die fout wat die meeste gemaak is, is om te vas te skryf aan die daaropvolgende werkwoord. Van die 24 spelfoute bestaan 12 uit die tipe. 'n Ander spelfout met 'n hoë krediet is tot siens. Uit die 12 keer wat dit aan die slot van briewe gebruik is, is dit 6 keer aanmekaar geskryf.

Woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is, maak 9.7% van die aantal spelfoute uit.

(3) Die derde groep bestaan uit woorde wat verkeerd afgekort is. Die lys is kort en bestaan uit 7 woorde met 'n frekwensie van 41. Dit maak slegs 2.8% van die aantal spelfoute uit. Die fout wat die meeste gemaak is, is die woordjie Poskantoor, wat deurgaans as P.K. afgekort is. Dit is nie minder dan 31 keer verkeerd ge-

(4) Die vierde groep spelfoute bestaan uit woorde waarⁿ letter bygevoeg of weggelaat is. Die groep bestaan uit 48 woorde met 'n frekwensie van 66 en verteenwoordig 19.5% van die spelfoute. Die meeste is tweeletter-grepige woorde met foute soos die volgende:- anstig (angstig)? baaie (baie); leere (lere); trug (terug) ens.

(5) Die vyfde groep bestaan uit foute wat gemaak is deur weglating van die tweede medeklinker na 'n kort klinker. Die lys is kort en bestaan uit 14 woorde met 'n frekwensie van 24. Dit maak slegs 5.7% van die totale aantal spelfoute uit.

(6) Hierdie groep bestaan uit woorde waar sekere letters verwar is, bv. t en d; ei en ui; v en f ens. Die lys bestaan uit 31 woorde met 'n frekwensie van 34. Die groep is verantwoordelik vir 12.5% van die spelfoute. Die volgende is die tipe fout wat gemaak is:- standert i.p.v. standerd; ferbeel i.p.v. verbeel; klyn i.p.v. klein ens.

(7) Hierdie groep bestaan uit woorde wat verkeerd gespel is weens die feit dat die deelteken, kappie, hoofletter ens. weggelaat is. Die lys is kort en bestaan uit 10 woorde met 'n frekwensie van 11. Dit maak slegs 4.1% van die spelfoute uit.

b. Veelgebruikte woorde as spelfoute.

Van die 247 spelfoute kom slegs 18 in die lys van 100 veelgebruikte woorde voor (sien Bylae VII, bl. 146). Dit is ongeveer 7%. Die gemiddelde verskyningskrediet van die 18 veelgebruikte woorde as lopende woorde is ongeveer 107, terwyl dit as spelfoute ongeveer 2 is. Met ander woorde vir elke 107 keer wat een van die betrokke veelgebruikte woorde geskryf is, is dit 2 keer verkeerd geskrywe.

Van die 247 spelfoute kom 71 voor in die lys van 310

spelfoute is veelgebruikte woorde. Die gemiddelde verskyningskrediet van die spelfoute as lopende woorde is ongeveer 1:37 en as spelfoute 1:1.7. Vir elke 37 keer wat 'n veelgebruikte woorde geskryf is, is dit 1.7 keer verkeerd geskryf.

6. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van 9-jariges en die van Aucamp ¹⁾.

a. Vergelyking van die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Tabel XII dui die ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde van Aucamp en die van 9-jariges aan.

TABEL XII.

'n Ontleding van 310 veelgebruikte woorde van 9-jariges in vergelyking met 1000 van Aucamp.

Veelgebruikte woorde van 9-jariges.	10	25	50	100	100	100	310
Woorde wat met Aucamp ooreenstem.	7	16	35	65	75	89	243
% van 9-jariges	70	64%	70%	65%	75%	89%	78.3%
Aucamp se	10	25	50	100	200	1000	1000

Vergelyk ons die lys van 100 veelgebruikte woorde van 9-jariges met die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat uit die eerste 10 veelgebruikte woorde 7 met mekaar ooreenstem. Dit is 70%. Vergelyk ons die 25 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste

10 met mekaar, vind ons dat 16 dieselfde is. Dit is 64%

Vergelyk ons die 50 veelgebruikte woorde met mekaar, insluitende die eerste 25, vind ons dat 35 of 70% dieselfde is. Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 65 dieselfde is.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met die hele lys van Aucamp, vind ons dat 89 dieselfde is. Van die 11 woorde wat nie in die lys van Aucamp voorkom nie, kom 6 wel voor in 'n ander vorm, bv. tannie as tante; groete as groet; maatjie as maat; sussie as suster; mammie as ma; pappie as pa.

Die volgende 5 woorde kom glad nie in die lys van Aucamp voor nie: standerd, kiekie, boetie, verjaar en wedstryd.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van 9-jariges met die eerste 200 veelgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat 75 dieselfde is.

Ons kom tot die gevolgtrekking dat die veelgebruikte woorde van 9-jariges in 'n baie groot mate ook veelgebruikte woorde van volwassenes is.

b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde.

Vergelyk ons die lys van 310 veelgebruikte woorde van 9-jariges met die 1000 veelgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat 243 of 78.3% dieselfde is (Tabel XII, bl. 61.). Hierdie 310 veelgebruikte woorde het 'n totale verskyningskrediet van 13,287 uit 'n totaal van 15,026 lopende woorde. Die feit dat 78.3% van die veelgebruikte woorde van 9-jariges wel in die lys van volwassenes voorkom, is veelseggend.

In Bylae VI op bl. 143 verkyn 'n lys van 310 veelgebruikte woorde van 9-jariges, en die woorde wat nie

7. Ontleding nr. 3: Briewe geskrywe deur 10-jarige leerlinge.

a. Aantal briewe en woorde wat ontleed is.

Die totale aantal briewe wat vir hierdie leeftyd ontleed is, is 210. Die totale aantal lopende woorde voordat met sortering begin is, is 20,772 en daarna 20,500. Daar was dus 'n fout van 272 woorde te min (sien Tabel 1, bl. 37 en Tabel IV, bl. 40). Dit is die grootste fout wat in enige ontleding voorkom, nl. 1.3%. Dit was dan ook die eerste leeftyd waarvan die briewe afgeskryf en die woorde gesorteer is. Die fout is in elk geval nie as van so 'n omvang beskou dat dit dit sou regverdig om die ontleding oor te doen nie.

Die aantal skrywers was 199 en die woordeskat 1,709. Die aantal briewe is 107 meer as die van 8-jariges en 43 meer as van 9-jariges.

Nadat die krediete vir sommige woorde bymekaar getel was, het die woordeskat bestaan uit 1,696. In Bylae III op bl. 135 word 'n lys gegee van die woorde waarvan krediete oorgedra is.

Die verhouding tussen die woordeskat en die aantal lopende woorde was dus ongeveer 1:12.

Om die lys van veelgebruikte woorde vir hierdie leeftyd op te stel, is slegs woorde met 'n krediet van meer as 5 ingesluit. In Bylae VIII op bl. 149 word 'n volledige lys van die 401 woorde met hulle krediete gegee. Omdat die aantal veelgebruikte woorde vir hierdie leeftyd baie meer is as vir 8-jariges, is slegs woorde met krediete van 5 en hoër ingesluit.

b. Bespreking van die veelgebruikte woorde.

TABEL XIII.

Ontleding van 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges.

Ontleding nr. 3.	Woorde met krediete groter as 5	Die hoogste.					2de.
		10	25	50	100	100	
Woordeskat.	1696	401	10	25	50	100	100
Totale aantal lopende woorde.	20772	18932	6869	10212	12952	15403	1,858
% van totale aantal lopende woorde.	100	91.1	32.9	48.9	62.3	74.1	8.9

Hierdie 401 veelgebruikte woorde verteenwoordig 18,932 lopende woorde uit 'n totaal van 20,772. Die veelgebruikte woorde verteenwoordig dus andermaal 'n hoë persentasie lopende woorde, nl. 91.1%. Ons vind dus andermaal dat ongeveer 23% van die woordeskat vir 91.1% van die lopende woorde verantwoordelik is en dat ongeveer 77% van die woordeskat slegs verantwoordelik is vir ongeveer 9% van die lopende woorde (sien Tabel XIII).

Die persentasies vir die veelgebruikte woorde stem dus in 'n baie groot mate ooreen met die van die vorige leeftye, ten spyte van die feit dat die aantal briewe wat ontleed is, asook die aantal lopende woorde meer is (sien Tabel I op bl. 37).

Waar die verhouding tussen die hele woordeskat en al die lopende woorde vir hierdie leeftyd ongeveer 1:12, is, is dit vir 401 veelgebruikte woorde ongeveer 1:47, terwyl dit vir die mingebruikte woorde slegs 1:1.2 is. Elkeen van die veelgebruikte woorde is dus gemiddeld 43 keer gebruik teenoor die 1.2 keer van die mingebruikte woorde.

c. Die eerste 100 veelgebruikte woorde.

c. Die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Uit die lys van 401 veelgebruikte woorde is nou 'n lys saamgestel van die 100 woorde met die hoogste krediete. Die gesamentlike krediete vir 10, 25, 50 en 100 woorde is toe uitgewerk.

Die volgende is 'n lys van die 100 veelgebruikte woorde vir hierdie ontleding.

TABEL XIV.

Ontleding 3: 100 meesgebruikte woorde op 10-jarige leeftyd.

Rang.	Woordeskat.	Krediete	%	Rang.	Woordeskat.	Krediete	%
1.	ek	1376		37.	op	105	
2.	die	884		38.	hy	104	
3.	is	838		39.	by	104	
4.	tannie	719		40.	was	101	
5.	en	687		41.	moet	101	
6.	my	581		42.	dat	100	
7.	het	516		43.	as	100	
8.	'n	463		44.	beste	100	
9.	ons	411		45.	hier	98	
10.	in	394		46.	stuur	92	
	Totaal	6869	32.9	47.	naam	90	
11.	nie	343		48.	net	90	
12.	van	316		49.	maatjie	79	
13.	dit	282		50.	bly	77	
14.	ook	280			Totaal	12952	52.3
15.	baie	256		51.	dan	76	
16.	vir	252		52.	daar	76	
17.	jaar	219		53.	sy	73	
18.	maar	208		54.	skool	72	
19.	nou	198		55.	kan	72	
20.	met	179		56.	graag	70	
21.	wil	172		57.	se	69	
22.	te	170		58.	weer	68	
23.	liewe	166		59.	hulle	65	
24.	so	154		60.	want	63	
25.	groete	148		61.	een	63	
	Totaal	10,212	48.9	62.	word	62	
26.	om	144		63.	kom	61	
27.	gaan	143		64.	kiekies	60	
28.	al	143		65.	hou	60	
29.	oud	130		66.	niks	58	
30.	skryf	128		67.	tien	57	
31.	standerd	128		68.	sê	57	
32.	sal	124		69.	hoop	56	
33.	aan	119		70.	lekker	53	
34.	toe	118		71.	brief	51	
				72.	twee	50	

Rang.	Woordeskat.	Krediete.	%	Rang.	Woordeskat.	Krediete	%
75.	lees	48		89.	kry	37	
76.	sussie	47		90.	sien	37	
77.	weet	47		91.	plaas	37	
78.	of	46		92.	wedstryd	36	
79.	na	45		93.	darem	36	
80.	goed	45		94.	klein	35	
81.	wees	45		95.	koud	35	
82.	aansluit	42		96.	sluit	34	
83.	u	41		97.	hom	34	
84.	boetie	40		98.	maatjies	34	
85.	kinders	39		99.	pappie	33	
86.	hoe	39		100.	eers	34	
87.	verjaar	39			Totaal	5493	74.1%
88.	altyd	38					

d. Bespreking van die frekwensie van die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Die eerste 100 woorde verteenwoordig as gevolg van hulle veelvuldige herhaling 15,403 lopende woorde uit 'n totaal van 20,772. Dit is 74.1%. Hierdie persentasie is die laagste van die drie leeftye wat tot dusver ontleed is. Die van 8-en 9-jariges was onderskeidelik 76 en 75%.

Die 10 woorde met die hoogste krediete verteenwoordig 6,869 uit 20,772 lopende woorde, en dit is 32.9%. (sien Tabel XIII op bl. 64).

Die 25 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste 10, maak 'n totaal uit van 10,212 uit 20,772 lopende woorde, en dit is 48.9%.

Die 50 veelgebruikte woorde maak 'n totaal uit van 12,952 uit 20,772 lopende woorde en dit is 62.3%.

e. Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.

Wanneer die tweede 100 veelgebruikte woorde, geneem uit die 401 veelgebruikte woorde, met die eerste 100 vergelyk word, vind ons dat daar 'n baie groot verskil is.

Die tweede 100 veelgebruikte woorde maak slegs 'n totaal van 1,858 lopende woorde uit teenoor die 15,403 van die eerste 100. Daarbenewens maak dit slegs 8.9% van die totale aantal lopende woorde uit teenoor die 74.1% van die eerste 100. Die verhouding van die tweede 100 veelgebruikte woorde en lopende woorde is ongeveer 1:19, terwyl dit vir die eerste 100 1:154 is.

Die verhouding tussen die woordeskat (1,696) en die lopende woorde (20,772) vir hierdie ouderdom is ongeveer 1:12; vir die 401 veelgebruikte woorde is dit 1:47, vir die 100 veelgebruikte woorde 1:154; vir die 50 1:259,

8. Ontleding van die spelfoute van 10-jariges.

a. Bespreking van die groepe spelfoute.

Die volgende tabel dui 'n ontleding van die spelfoute aan.

TABEL XV.Ontleding van 319 spelfoute deur 10-jariges gemaak.

Klas fout.	Aantal Spelfoute.	Frekwensie.	%
Woorde los geskryf.	114	160	35
Woorde aanmekaar geskryf i.p.v. los.	41	56	12
Woorde verkeerd afgekort.	3	45	10
Letters uitgelaat of bygevoeg.	59	61	13
Weglating van 2de medeklinker.	9	21	5
Verwarring.	65	85	18
Deelteken, kappie hoofletters.	28	32	7
Totaal.	319	460	100

Vir hierdie leeftyd is daar 210 briewe ontleed, wat 'n woordeskat van 1696 en 'n totaal van 20,772 lopende woorde opgelewer het.

Van die 1696 woorde is 319 een of meer keer verkeerd geskrywe, met 'n totale frekwensie van 460. In Bylae IX op bl. 152 word 'n lys van al die spelfoute gegee met die frekwensies. Die spelfoute word onder dieselfde hoofde bespreek as die vir die vorige leeftye.

(1) Die eerste groep bestaan uit woorde wat los i.p.v.

spelfoute in. Uit die totaal van 319 foute is 114 woorde wat los in plaas van aanmekaar geskrywe is, met 'n totale frekwensie van 160. Dit is 34.8%. Die meeste foute bestaan uit meerlettergrepige woorde en meestal uit samestellinge sonder verbindingsklanke.

(2) Die tweede groep bestaan uit woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is. Die groep bestaan uit 41 woorde met 'n frekwensie van 56. Die nasetel toe is dikwels vas geskryf aan die voorafgaande selfstandige naamwoord. Dit maak 25% van die totaal van die groep uit. Die woordjie te is 11 keer vas geskryf aan die daaropvolgende werkwoord.

'n Ander spelfout met 'n hoë frekwensie is die woordjie tot siens, wat aanmekaar geskryf is. Uit die 11 keer wat dit aan die slot van briewe gebruik is, is dit 5 keer verkeerd geskrywe.

Hierdie groep foute is verantwoordelik vir 12.2% van die totale aantal spelfoute.

(3) Die derde groep bestaan uit woorde wat verkeerd afgekort is. Die lys is kort en bestaan slegs uit drie woorde met 'n frekwensie van 45. Dit maak slegs 9.7% van die totale aantal spelfoute uit. Die fout wat die meeste voorkom, is die woordjie Poskantoor, wat, net soos by die vorige ouderdomme, deurgaans as "P.K." in plaas van Pk. afgekort is.

Dit is 58 keer gebruik en daarvan is 42 verkeerd afgekort.

(4) Die vierde groep bestaan uit woorde waar 'n letter bygevoeg of weggelaat is. Dit bestaan uit 59 woorde met 'n frekwensie van 61 en verteenwoordig 13.2% van die totale aantal spelfoute. Die meeste is tweelettergrepige woorde soos die volgende:- verlore (verloore); water (watter); wil (will); vertel (vetel) ens.

(5) Die vyfde groep bestaan uit foute wat gemaak is deurdat die tweede medeklinker weggelaat is na 'n kort klinker. Die lys is kort en bestaan uit 9 woorde met 'n frekwensie van 21. Dit maak slegs 4.5% van die totale aantal spelfoute uit. Enkele voorbeelde is die volgende:- aseblief i.p.v. asseblief; tanie i.p.v. tannie; jamer i.p.v. jammer ens.

(6) Hierdie groep bestaan uit woorde waarvan sekere letters verwar is, bv. t en d; tj en k; ei en y ens.

Dit is die klas fout wat op een na die meeste voorkom. Dit bestaan uit 65 woorde met 'n frekwensie van 85 en maak 18.4% van die totale aantal spelfoute uit.

(7) Hierdie groep bestaan uit woorde wat verkeerd gespел is omdat die deelteken, kappie, hoofletters ens. uitgelaat is. By die 10-jariges tref ons meer van die klas fout aan as by die vorige twee ouderdomme. Daar is 28 sulke foute met 'n totale frekwensie van 32. Dit maak dus 6.9% van die totale aantal spelfoute uit.

b. Bespreking van die veelgebruikte woorde as spelfoute.

Van die 319 spelfoute kom slegs 17 in die lys van 100 veelgebruikte woorde voor (sien Bylae IX, bl. 152). Dit is ongeveer 5.3%. Die gemiddelde verskyningskrediet vir die 17 spelfoute is 1:2.2, terwyl dit vir dieselfde woorde as lopende woorde ongeveer 1:117 is. Vir elke 117 keer wat die woord dus gebruik is, is dit gemiddeld 2.2 keer verkeerd geskrywe.

Van die 319 spelfoute kom 94 ook voor in die lys van 401 veelgebruikte woorde. Dit wil sê 29.4% van die spelfoute is ook veelgebruikte woorde. Die herhalingsverhouding van die spelfoute as lopende woorde is ongeveer 1:19, terwyl dit as spelfoute ongeveer 1:1.7 is.

9. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van

a. 'n Vergelyking van die eerste 100 woorde.

Tabel XVI dui die ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde aan.

TABEL XVI.

'n Ontlading van 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges met die van Aucamp.

Veelgebruikte woorde 10-jariges.	10	25	50	100	100	100	401
Woorde wat met Aucamp ooreenstem.	7	16	34	63	75	86	314
% van 10-jariges.	70%	64%	68%	63%	75%	86%	78.3%
Aucamp se.	10	25	50	100	200	1000	1000

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van 10-jariges met die van Aucamp, vind ons dat uit die eerste 10 veelgebruikte woorde 7 met mekaar ooreenstem. Dit is 70%.

Vergelyk ons die 25 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 16 dieselfde is. Dit is 64%.

Wanneer ons die 50 meesgebruikte woorde, insluitende die eerste 25 met mekaar vergelyk, vind ons dat 34 dieselfde is. Dit is 68%. Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 63 dieselfde is. Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde egter met die hele lys van Aucamp vind ons dat 86 dieselfde is. Van die 14 woorde wat nie in die lys van Aucamp voorkom nie, kom 8 wel voor maar in 'n ander vorm, bv. pap as pa; maatjie(s) as maat; boetie as broer ens.

Die volgende veelgebruikte woorde van 10-jariges, kom glad nie in Aucamp se lys van veelgebruikte woorde

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van 10-jariges met slegs die eerste 200 van Aucamp, vind ons dat 75 dieselfde is.

b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde.

Vergelyk ons die lys van 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges met die 100 van Aucamp, vind ons dat 314 woorde dieselfde is. (sien Tabel XVI op bl. 71). Slegs 87 woorde kom nie in die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp voor nie. Ongeveer 78% van die veelgebruikte woorde van 10-jariges kom dus in die lys van Aucamp voor.

Hierdie 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges verteenwoordig 18,932 lopende woorde uit 'n totaal van 20,772 lopende woorde. Dit is 91.1% van die totale aantal lopende woorde wat deur 10-jariges gebruik is.

Die feit dat 78% van die veelgebruikte woorde van 10-jariges ook veelgebruikte woorde van volwassenes is, vestig ons/aandag andermaal op die feit dat die skryfwoordeskat bestaan uit 'n beperkte aantal woorde en hulle herhalings.

In Bylae VIII op bl. 149 verskyn 'n lys van die 401 veelgebruikte woorde met hulle frekwensies. Die woorde wat nie in die lys van Aucamp verskyn nie, word met 'n sterretjie aangedui.

10. Ontleding nr. 4: Briewe geskryf deur 11-jarige leerlinge.

a. Die aantal briewe en woorde wat ontleed is.

Die totale aantal briewe wat vir hierdie leeftyd ontleed is, is 219. Dit is 9 meer as die van 10-jariges en 51 meer as die van 9-jariges. Die totale aantal lopende woorde was 22,259 en na sortering 22,116 (sien Tabel I en IV, bl. 37 en 40 respektiewelik).

Daar is dus 'n fout van 143 woorde te min.

Die 219 briewe is deur 206 skrywers bygedra. Daar is 'n woordeskat van 1761 verskillende woorde, en nadat die krediete van sommige woorde bymekaar getel is, was dit 1754. In Bylae III (bl. 135) verskyn 'n lys van woorde waarvan krediete oorgedra is.

Die verhouding tussen die woordeskat en die aantal lopende woorde was ongeveer 1:12. Om die lys van veelgebruikte woorde vir hierdie ouderdom saam te stel, is slegs woorde met 'n frekwensie van 5 en hoër in die lys opgeneem.

In Bylae X op bl. 155 word 'n volledige lys gegee van hierdie woorde met hulle krediete.

b. Bespreking van die veelgebruikte woorde.

TABEL XVII.

Ontleding van 429 veelgebruikte woorde op 11-jarige leeftyd.

Ontleding nr. 4.		Woorde met krediete \bar{B} .	Die hoogste.				2de.
Woordeskat.	1754	429	10	25	50	100	100
Totale aantal lopende woorde.	22259	20549	7474	11044	14013	16676	2018

Hierdie lys bestaan uit 428 woorde en verteenwoordig 'n totaal van 20,549 uit 22,259 lopende woorde.

Hierdie 428 woorde met hulle herhalings verteenwoordig andermaal 'n baie hoë persentasie van die aantal lopende woorde, nl. 92.3%. Ons vind dus dat slegs 24.4% van die woordeskat (1754) 92.3% van die lopende woorde (22,259) uitmaak.

Die verhouding tussen die 428 veelgebruikte woorde en die 20,549 lopende woorde is dus ongeveer 1:47, terwyl dit vir die mingebruikte woorde (1,325) ongeveer 1:1.2 is. Elkeen van die veelgebruikte woorde is dus ongeveer 47 keer gebruik, teenoor die 1.2 keer van die mingebruikte woorde.

c. Bespreking van die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Uit die lys van 428 veelgebruikte woorde is nou gekies die 100 woorde met die hoogste krediete.

Die gesamentlike krediete vir die 10, 25, 50 en 100 woorde is op die manier verkry, en die persentasies vir die verskillende krediete is toe uitgewerk.

Die lys is soos volg:-

TABEL XVIII.

Ontleding 4: Lys van 100 veelgebruikte woorde van 11-jariges.

Rang.	Woordeskat	Krediete	%	Rang.	Woordeskat	Krediete	%
1.	ek	1438		11.	nie	365	
2.	die	944		12.	van	329	
3.	is	892		13.	ook	292	
4.	tannie	844		14.	baie	291	
5.	en	793		15.	dit	271	
6.	my	644		16.	vir	235	
7.	het	605		17.	jaar	226	
8.	in	491		18.	nou	225	

Rang	Woordeskat	Krediete	%	Rang	Woordeskat	Krediete	%
23.	sal	181		63.	mooi	63	
24.	met	180		64.	hulle	62	
25.	so	176		65.	hoop	62	
	Totaal	11044	49.6	66.	kiekie	61	
26.	beste	173		67.	kom	60	
27.	al	172		68.	plaas	59	
28.	groete	160		69.	daar	59	
29.	aan	157		70.	bly	58	
30.	wat	139		71.	sê	58	
31.	liewe	138		72.	kry	56	
32.	skryf	137		73.	sien	54	
33.	standerd	123		74.	verjaar	51	
34.	gaan	121		75.	een	50	
35.	oud	119		76.	lekker	50	
36.	op	119		77.	brief	48	
37.	moet	115		78.	boetie	47	
38.	as	115		79.	sluit	47	
39.	graag	113		80.	weet	45	
40.	naam	111		81.	hom	45	
41.	nog	105		82.	of	43	
42.	hy	104		83.	mammie	42	
43.	dat	102		84.	eerste	42	
44.	stuur	95		85.	lees	40	
45.	weer	94		86.	keer	39	
46.	sy	94		87.	darem	38	
47.	by	92		88.	twee	37	
48.	was	91		89.	maatjies	37	
49.	se	91		90.	ander	36	
50.	maatjie	89		91.	sussie	36	
	Totaal	14013	62.8	92.	dus	36	
51.	net	89		93.	kinders	35	
52.	hier	87		94.	goed	35	
53.	want	85		95.	groot	34	
54.	wees	84		96.	koud	33	
55.	kan	82		97.	drie	33	
56.	u	80		98.	aansluit	33	
57.	word	75		99.	klein	32	
58.	dan	75		100.	haar		
59.	toe	75			Totaal	16676	74.9
60.	hou	73					
61.	skool	67					
62.	elf	64					

Hierdie 100 veelgebruikte woorde maak 'n totaal van 16,676 uit 22,259 lopende woorde uit. Dit is 74.9%. Die 10 veelgebruikte woorde alleen verteenwoordig 7,474 uit 22,259 lopende woorde. Dit is 33.6%

Die 25 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste 10, maak 'n totaal van 11,044 uit 22,259 lopende woorde uit. Dit is 49.6%. Met ander woorde feitlik die helfte van wat die gemiddelde kind in sy brief geskryf het, kon hy doen indien hy hierdie 25 woorde tot sy beskikking gehad het.

Die 50 veelgebruikte woorde verteenwoordig 14,013 uit 'n totaal van 22,259 lopende woorde, en dit is 62.8%

Vergelyk ons bogenoemde persentasies met die van die vorige ouderdomme, is daar 'n groot mate van egaligheid ten opsigte van die persentasies vir die 10, 25, 50 en 100 veelgebruikte woorde.

d. Bespreking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.

Maar die betekenis van die eerste 100 woorde word nog duideliker as ons die tweede 100 veelgebruikte woorde daarmee vergelyk (sien Tabel XVII op bl. 73).

Hierdie tweede 100 maak slegs 'n totaal uit van 8,018 uit 22,259 lopende woorde. Dit is slegs 9% van die lopende woorde, en 74% van die eerste 100.

e. Bespreking van die verhoudings tussen veelgebruikte en lopende woorde.

Die verhouding tussen die eerste 100 veelgebruikte woorde en die lopende woorde is ongeveer 1:167, terwyl dit vir die tweede 100, slegs 1:20 is.

Vir die 10 veelgebruikte woorde is dit ongeveer 1:747; vir die 25 veelgebruikte woorde ongeveer 1:442; vir 50 ongeveer 1:280, terwyl dit vir die veelgebruikte 428 woorde ongeveer 1:48 en vir die mingebruikte woorde slegs 1:1.2 is.

11. Ontleding van spelfoute van 11-jariges.

a. Bespreking van die groepe foute.

Die volgende tabel dui 'n ontleding van die spelfoute aan.

TABEL XIX.

'n Ontleding van 321 spelfoute deur 11-jariges maak.

Klas fout.	Aantal spel- foute	Frekwensie	%
Woorde los geskryf.	139	180	43.3.
Aanmekaar i.p.v. los	53	69	16.5
Verkeerd afgekort.	5	44	1.6
Letters uitgelaat of bygevoeg.	43	61	13.5
Weglating van die 2de medeklinker.	17	24	5.2
Verwarring.	41	50	12.8
Deelteken, kappie, hoofletters.	23	32	7.1
Totaal.	321	460	100%

Vir hierdie leeftyd is 219 briewe ontleed, wat 'n totaal van 22,259 lopende woorde en 'n woordëskat van 1754 opgelewer het.

Van die 1754 woorde waaruit die woordeskat bestaan het, is 321 een of meer keer verkeerd gespel, met 'n totale frekwensie van 460. Om die spelfoute te bespreek is van dieselfde indeling as vir die vorige ouderdomme gebruik maak.

leef tyd, verskyn in Bylae XI (bl. 159).

(1) Die eerste groep bestaan uit woorde wat los i.p.v. aanmekaar geskrywe is. Die meeste foute wat gemaak is, behoort andermaal, net soos by die vorige ouderdomme, tot hierdie klas. Uit die totaal van 321 spelfoute behoort 139 tot die groep, met 'n totale frekwensie van 180. Dit is 43.3%. Net soos by die vorige ouderdomme is die meeste woorde meerlettergrepig en meestal samestellinge sonder verbindingsklanke, bv. daarvan, vervolgverhaal, snippermandjie ens.

(2) Die tweede groep bestaan uit woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is. Die groep sluit op een na die meeste foute in, nl. 53, met 'n totale frekwensie van 69. Dit maak dus 16.5% van die totale aantal spelfoute uit.

Diemfout wat die meeste gemaak is, is om die woordjie te vas te skryf aan die daaropvolgende werkwoord. Dit alleen is verantwoordelik vir ongeveer 33% van dié soort spelfout. 'n Ander spelfout met 'n hoë frekwensie is tot siens, wat dikwels as een woord geskryf is. Uit die 25 keer wat dit aan die slot van briewe gebruik is, is dit 11 keer aanmekaar geskrywe.

(3) Die derde groep bestaan uit woorde wat verkeerd afgekort is. Die lys is kort en bestaan uit slegs 5 foute met 'n frekwensie van 44. Die klas fout is verantwoordelik vir 1.6% van die spelfoute. Die fout wat die meeste gemaak is in hierdie groep sowel as in die hele ontleding, is die woordjie Poskantoor wat feitlik deurgaans as "P.K." i.p.v. "Pk." afgekort is. Dit is 53 keer gebruik, en daarvan is dit nie minder as 39 keer verkeerd geskrywe nie.

(4) Die vierde klas bestaan uit woorde waar letters bygevoeg of weggelaat is. Die groep bestaan uit 43

foute met 'n totale frekwensie van 61 en verteen-

lettergreepige woorde, en die volgende kenmerkende foute is gemaak:- agterpoote i.p.v. pote; kompetiesie i.p.v. kompetisie; verveelig i.p.v. vervelig; grag i.p.v. graag; trug i.p.v. terug ens.

(5) Die vyfde groep bestaan uit woorde waarvan die tweede medeklinker weggelaat is na 'n kort klinker. Dit bestaan uit 17 foute met 'n totale frekwensie van 24. Dit is verantwoordelik vir slegs 5.2% van die spelfoute.

(6) Die klas fout bestaan uit woorde waarvan sekere letters verwar is, bv. ee en eu; t en d ens.

Die lys bestaan uit 41 foute met 'n frekwensie van 50 en is verantwoordelik vir 12.8% van die spelfoute. Die volgende is die soort fout wat gemaak is:-

friendin vir vriendin; assablied vir asseblied; slyt vir sluit; moed vir moet ens.

(7) Hierdie groep bestaan uit woorde wat verkeerd gespел is weens die feit dat die deelteken, kappie, hoofletters ens. weggelaat is.

Die lys bestaan uit 23 woorde met 'n totale frekwensie van 32 en is verantwoordelik vir slegs 7.1% van die spelfoute.

b. Bespreking van die veelgebruikte woorde as spelfoute.

Van die 321 spelfoute kom slegs 20 in die lys van 100 veelgebruikte woorde voor (sien Bylae X, bl. 155). Dit is slegs 6.2%. Die gemiddelde verskyningskrediet van die 20 woorde as lopende woorde is 138, ~~terwyl~~ dit as spelfoute ongeveer 2 is. Met ander woorde vir elke 138 keer wat 'n veelgebruikte woord geskryf is, is dit ongeveer 2 keer verkeerd geskrywe.

Van die 321 spelfoute kom 64 voor in die lys van 428 veelgebruikte woorde. Ongeveer 20% van die spelfoute kom dus as veelgebruikte woorde voor. Die herhalingsverhouding van die spelfoute as lopende woorde is onge-

12. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van
¹⁾
Aucamp en die van 11-jariges.

a. 'n Vergelyking tussen die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Tabel XX dui die ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde aan.

TABEL XX.

'n Ontleding van die 428 veelgebruikte woorde van 11-
jariges in vergelyking met die van Aucamp.

Veelgebruikte woorde van 11-jariges.	10	25	50	100	100	100	428
Woorde wat met Aucamp ooreenstem.	7	18	34	65	76	88	326
% van 11-jariges.	70%	72%	68%	65%	76%	88%	76%
Aucamp se	10	25	50	100	200	1000	1000

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van 11-jariges met die eerste 100 woorde van Aucamp (Tabel XX), vind ons dat uit die eerste 10 veelgebruikte woorde 7 met mekaar ooreenstem. Dit is 70%. Vergelyk ons die 25 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 18 met mekaar ooreenstem. Dit is 72%. Wanneer ons die 50 veelgebruikte woorde met mekaar vergelyk, vind ons dat 34 dieselfde is. Dit is 68%.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 65 dieselfde is.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met die hele lys van Aucamp, vind ons dus dat 88 dieselfde is. Van die 12 woorde wat nie in die lys van Aucamp verskyn nie, kom 8 wel voor maar in 'n ander vorm. Die volgende

van Aucamp voor nie: aansluit, standerd, kiekie en elf.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met die 200 meesgebruikte woorde van Aucamp, vind ons dat 76 dieselfde is.

b. 'n Vergelyking tussen al die veelgebruikte woorde.

Vergelyk ons die lys van 428 veelgebruikte woorde van 11-jariges met die lys van Aucamp, vind ons dat 326 woorde dieselfde is (sien Tabel XX, bl. 80). Slegs 102 woorde kom nie in die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp voor nie. Ongeveer 76% van die woorde van 11-jariges kom dus wel in die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp voor.

Hierdie 428 veelgebruikte woorde verteenwoordig 20,549 lopende woorde uit 'n totaal van 22,259 lopende woorde. Dit is 92.3%. Die feit dat 76% van die veelgebruikte woorde van 11-jariges ook veelgebruikte woorde van volwassenes is, is veelseggend.

In Bylae X op bl. 155 verskyn 'n lys van die veelgebruikte woorde met hulle frekwensies, en die wat nie in die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp voorkom nie, word met 'n sterretjie aangedui.

13. Ontleding nr. 5: Briewe geskrywe deur 12-jarige leerlinge.

a. Aantal briewe en woorde wat ontleed is.

- Die aantal briewe wat vir die 12-jarige leeftyd ontleed is, is 226 en is geskrywe deur 219 leerlinge. Dit is dus die grootste aantal briewe wat vir enige ouderdom ontleed is, en het ook die grootste aantal lopende woorde opgelewer, nl. 26,369 voor telling en daarna 26,110. Daar is 'n woordeskat van 2,155, en nadat die krediet vir sommige woorde bymekaar getel is, het dit bestaan uit 2,144 woorde (sien Tabel I en IV bll. 37 en 40 respektiewelik).

Die verhouding tussen die woordeskat en aantal lopende woorde is ongeveer 1:12. In Bylae III op bl. 135 verskyn 'n lys van woorde waarvan die krediete oorgedra is.

b. Bespreking van die veelgebruikte woorde.

Die volgende tabel dui die persentasies van die veelgebruikte woorde van 12-jariges aan.

TABEL XXI.

Ontleding van 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges.

Ontleding 5.		Woorde met krediete.	Die hoogste.				2de.
			10	25	50	100	
Woordeskat	2,144	480	10	25	50	100	100
Totale aantal lopende woorde.	26,369	23,505	8371	12566	15921	19144	2385
% van lopende woorde.	100%	89.1%	31.6	47.6	60.2	72.8	9.0

Rang.	Woordeskat	Krediete	%	Rang	Woordeskat	Krediete	%
37.	op	135		68.	skool	71	
38.	by	133		69.	kry	67	
39.	dat	127		70.	mooi	66	
40.	stuur	122		71.	lekker	66	
41.	was	120		72.	weet	66	
42.	kan	116		73.	plaas	63	
43.	weer	115		74.	sluit	63	
44.	graag	114		75.	of	61	
45.	hoop	114		76.	kom	60	
46.	net	113		77.	sê	58	
47.	u	113		78.	verjaar	58	
48.	dan	111		79.	wedstryd	57	
49.	hy	110		80.	sien	57	
50.	toe	108		81.	hom	56	
	Totaal	15921	60.2	82.	brief	55	
				83.	asseblief	50	
51.	oud	108		84.	na	51	
52.	sy	105		85.	twaalf	49	
53.	hulle	102		86.	elke	49	
54.	want	102		87.	ander	48	
55.	standerd	98		88.	goed	47	
56.	hier	95		89.	keer	44	
57.	word	95		90.	altyd	42	
58.	naam	91		91.	geskryf	42	
59.	bly	89		92.	klein	42	
60.	een	87		93.	darem	41	
61.	lees	85		94.	mammie	41	
62.	se	85		95.	af	39	
63.	wees	81		96.	tot	39	
64.	maatjie	80		97.	sit	38	
65.	hou	80		98.	gekry	37	
66.	kiekie	76		99.	nuwe	37	
67.	daar	74		100.	ou	37	
					Totaal	19114	72.8

Hierdie 100 woorde verteenwoordig 19,114 lopende woorde, uit 'n totaal van 26,369. Dit is 72.8%. Die 10 veelgebruikte woorde maak 'n totaal uit van 8371 lopende woorde uit 'n totaal van 26,369. Dit is 31.6%.

Die 25 veelgebruikte woorde, insluitende die eerste 10, maak 'n totaal van 12,955 uit. Dit is 47,6%. Die 50 meesgebruikte woorde maak 'n totaal uit van 15,921 lopende woorde, en dit is 60.2%.

Vergelyk ons bogenoemde persentasies met die van die vorige ouderdomme, tref ons 'n groot mate van egaligheid en ooreenkoms aan.

d. Die tweede 100 veelgebruikte woorde.

Net soos by die ander ontledings wat gemaak is, word die betekenis van die eerste 100 veelgebruikte woorde eers terdeë besef wanneer dit met die tweede 100 meesgebruikte woorde vergelyk word, (sien Tabel XXI, bl. 82).

Hierdie tweede 100 maak slegs 'n totaal uit van 2,358 lopende woorde uit 'n totaal van 26,369. Dit is slegs 9%, teenoor die 19,144 lopende woorde van die eerste 100, wat 72.8% is.

e. Die bespreking van die verhoudings.

Die verhouding van die eerste 100 veelgebruikte woorde en die lopende woorde is ongeveer 1:191, terwyl dit vir die tweede 100 slegs ongeveer 1:24 is. Vir die 10 veelgebruikte woorde is dit ongeveer 1:837; vir die 25 ongeveer 1:501 en vir die 50 veelgebruikte woorde ongeveer 1:308. Vir die 480 veelgebruikte woorde is dit ongeveer 1:49, terwyl dit vir die mingebruikte woorde, 26369 - 23505 (2864), ongeveer 1:1.7 is.

14. Die ontleding van spelfoute van 12-jariges.

a. Bespreking van die verskillende groepe foute.

Die volgende tabel dui die ontleding van die spelfoute aan.

TABEL XXIII.

'n Ontleding van 284 spelfoute deur 12-jariges gemaak.

Klas fout.	Aantal spelfoute.	Frekwensies.	%
Woorde los geskryf.	144	197	50.7
Woorde aanmekaar i. p.v. los geskrywe.	45	64	15.7
Woorde verkeerd afgekort.	4	55	1.4
Letters uitgelaat of bygevoeg.	30	35	10.5
Weglating van die 2de medeklinker.	9	14	3.5
Verwarring.	29	34	10.2
Deelteken, kappie, hoofletters.	23	31	8
Totaal.	284	430	100%

Vir hierdie leeftyd is 226 briewe ontleed, wat 26,369 lopende woorde en 'n woordekant van 2,144 opgelewer het (sien Tabel I op bl. 37).

Van die 2,144 verskillende woorde is 284 een of meer keer verkeerd geskrywe met 'n totale frekwensie van 430.

Om die spelfoute te bespreek word van dieselfde indeling as vir die vorige leeftye gebruik gemaak.

'n Volledige lys van die spelfoute met hulle krediete verskyn in Bylae VIII op bl. 166.

(1) Die eerste groep bestaan uit woorde wat los i.p.v. aanmekaar geskrywe is. Die meeste spelfoute wat gemaak is, behoort, net soos by die vorige ouderdomme, tot hierdie klas. Uit 'n totaal van 284 spelfoute behoort 144 tot die groep, met 'n totale frekwensie van 197. Dit is 50.7%. Net soos by die vorige

ouderdomme is die meeste woorde meerlettergrepig en meestal samestellinge sonder verbindingsklanke.

(2) Die tweede groep bestaan uit woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is. Die groep sluit op een na die meeste foute in, nl. 45, met 'n totale frekwensie van 64. Dit maak 15.7% van die totale aantal spelfoute uit.

Die fout wat die meeste gemaak is, is, net soos by die vorige ouderdom, om die woordjie te vas te skryf, aan die daaropvolgende werkwoord. Dit is verantwoordelik vir 35% van die spelfoute van die groep. 'n Ander spelfout met 'n hoë frekwensie is die woordjie tot siens, met 'n frekwensie van 9. Dit is feitlik deurgaans as "totsiens" geskrywe.

(3) Die derde groep bestaan uit woorde wat verkeerd afgekort is. Die lys is baie kort en bestaan uit slegs 4 woorde met 'n frekwensie van 55. Die soort fout is verantwoordelik vir slegs 1.4% van die totale aantal spelfoute. Die fout wat hier die meeste voorkom, is die woordjie Poskantoor wat deurgaans verkeerd afgekort is. Uit die 75 keer wat dit gebruik is, is dit 47 keer as "P.K." afgekort i.p.v. "Pk."

(4) Die vierde groep bestaan uit woorde waar letters uitgelaat of bygevoeg is. Die groep bestaan uit 30 spelfoute met 'n frekwensie van 35, en dit verteenwoordig 10.5% van die totale aantal spelfoute. Die

volgende dien as voorbeeld van die klas fout: haare

(5) Die vyfde groep bestaan uit woorde waarvan die tweede medeklinker weggelaat is na 'n kort klinker. Dit bestaan uit 9 foute met 'n frekwensie van 14. Dit is verantwoordelik vir slegs 3.5% van die aantal spelfoute.

(6) Die groep bestaan uit woorde waar sommige letters verwar is, bv. au met ou, t met d, y met ui ens. Die lys bestaan uit 29 foute met 'n frekwensie van 34 en is verantwoordelik vir 10.2% van die spelfoute.

Die volgende is die klas fout wat gemaak is:

Ougustus vir Augustus; beit vir byt; out vir oud ens.

(7) Hierdie groep bestaan uit woorde waar die deelteken, kappie, hoofletters ens. uitgelaat is. Die lys bestaan uit 23 woorde met 'n frekwensie van 31 en is verantwoordelik vir 8% van die totale spelfoute.

b. Die veelgebruikte woorde as spelfoute.

Van die 284 spelfoute kom slegs 9 in die lys van 100 veelgebruikte woorde voor (sien Bylae XIII op bl. 166). Dit is 3.5%. Die gemiddelde verskyningskrediet van die 9 woorde as lopende woorde is 91, terwyl dit as spelfouteslegs 2 is. Vir elke 91 keer wat die woord dus geskryf is, is dit slegs 2 keer verkeerd geskrywe.

Van die 284 spelfoute kom 66 in die lys van 480 veelgebruikte woorde voor. Van die spelfoute is ongeveer 23% dus ook veelgebruikte woorde. Die herhalingsverhouding van die spelfoute as lopende woorde is ongeveer 1:26, terwyl dit as spelfoute 1:2 is.

15. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van Aucamp en die van 12-jariges.

a. 'n Vergelyking van die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Tabel XXIV dui die ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde aan.

TABEL XXIV.

Ontleding van 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges in vergelyking met die van Aucamp.

Veelgebruikte woorde van 12-jariges.	10	25	50	100	100	100	480
Woorde wat met Aucamp ooreenstem.	7	18	37	66	78	92	359
% van 12-jariges.	70	72	74	66	78	92	75%
Aucamp se.	10	25	50	100	200	1000	1000

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van hierdie leeftyd met die eerste 100 van Aucamp, vind ons dat uit die eerste 10 7 met mekaar ooreenstem. Dit is 70%. Vergelyk ons die 25 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 18 dieselfde is. Dit is 72%. Vergelyk ons die 50 veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 37 dieselfde is. Dit is 74%. Vergelyk ons die 100 woorde met mekaar, vind ons dat 66 dieselfde is.

Vergelyk ons egter die 100 veelgebruikte woorde met die hele lys van Aucamp, vind ons dat 92 dieselfde is. Van die 8 woorde wat nie in die veelgebruikte woorde van Aucamp voorkom nie, kom 4 wel voor maar in 'n ander vorm.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met die

1. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duisend Afrikaanse staatmakers.

eerste 200 van Aucamp, vind ons dat 78 dieselfde is.

b. 'n Vergelyking van al die veelgebruikte woorde.

Vergelyk ons die lys van 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die van Aucamp, vind ons dat 359 woorde dieselfde is (sien Tabel XXIV, bl. 89), Slegs 121 woorde kom nie in die lys van Aucamp voor nie, en hierdie lys kan heelwat korter gemaak word, aangesien baie van hierdie 121 woorde wel in 'n ander vorm voorkom. Ongeveer 74,5% van die veelgebruikte woorde van 12-jariges kom dus in die lys van Aucamp voor.

Die 480 veelgebruikte woorde verteenwoordig 23,505 uit 26,369 lopende woorde. Dit is 89,1%. En hiervan kom 74,5% wel in die lys van veelgebruikte woorde van volwassenes voor.

In Bylae XII op bl. 162 verskyn die lys van veelgebruikte woorde, en die wat nie in die lys van Aucamp voorkom nie, word met 'n sterretjie aangedui.

'n Vergelyking van die resultate van die verskillende ontledings met mekaar.

16. 'n Vergelyking van die resultate van 8- en 9-jariges.

a. 'n Vergelyking van die persentasies.

Van 8-jariges is 8,520 lopende woorde ontleed teenoor 15,026 van 9-jariges. Die woordeskat was 978 en 1374 respektiewelik. Vir 8-jariges is slegs woorde met krediete van 3 en groter en vir 9-jariges woorde met krediete van 5 en groter in die lys van veelgebruikte woorde ingesluit. Hoewel daar feitlik twee maal die aantal lopende woorde vir 9-jariges ontleed is as vir 8-jariges, stem die persentasie van die veelgebruikte woorde en mingebruikte woorde in 'n baie groot mate ooreen.

Die volgende tabel dui die vergelykings tussen die veelgebruikte woorde vir die twee ouderdomme aan.

TABEL XXV.

'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van 8- en 9-jariges.

Ouderdom	Lopende woorde	Woordeskat	Veelgebruikte woorde.	% veelgebr. woorde	Totaal mingebr. woorde	% mingebr. woorde.
8 jaar.	8520	978	323	90.2	832	9.8
9 jaar.	15026	1374	310	88.6	1739	11.4
Woorde wat dieselfde is.			238	76.5		..

b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self.

1.	Total
2.	Netto
3.	Total
4.	Verh
5.	Woord
6.	Minir
7.	Tota
8.	Verh bruil
9.	Tota
10.	100
11.	50
12.	25
13.	10
14.	Verh lope
15.	Verh pend
16.	Verh pend
17.	Verh pend
18.	2de
19.	2de
20.	Verl lope
21.	Woo

kaar grootliks ooreen (sien Bylae XV op bl. 173).

Van die 310 veelgebruikte woorde van 9-jariges kom 238 in die lys van veelgebruikte woorde van 8-jariges voor (sien Bylae VI op bl. 143.)

Maar vergelyk ons die 310 veelgebruikte woorde met die hele lys lopende woorde van 8-jariges vind ons slegs 13 woorde wat nie deur 8-jariges gebruik is nie. Met ander woorde 297 of 95.8% van die veelgebruikte woorde van 9-jariges is ook deur 8-jariges gebruik, hoewel almal nie in die lys van veelgebruikte woorde van 8-jariges ingesluit is nie.

In Bylae XV op bl. 173 verskyn 'n lys van die ooreenstemmende veelgebruikte woorde met hulle krediete.

c. 'n Vergelyking van die 100 veelgebruikte woorde van 8-en 9-jariges.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms tussen die 100 veelgebruikte woorde aan.

TABEL XXVI.

'n Ontleding van die 100 veelgebruikte woorde van 8-en 9-jariges.

Ouderdom.	Veelgebruikte woorde.	Die hoogste.			
		10	25	50	100
8 jaar	323	34%	49.9%	64%	76%
9 jaar	310	33.6%	49.3%	62.7%	75.3%
Ooreenkoms.	Woorde self.	10	24	45	91
	%	100%	96%	90%	91%

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde met me-

'n

Die eerste 10 veelgebruikte woorde van die 8-jariges verteenwoordig 34 $\frac{1}{2}$ % van die lopende woorde teenoor 33.6% van 9-jariges. Die 25 meesgebruikte woorde van 8-jariges verteenwoordig 49.9% van die lopende woorde, teenoor die 49.3% van 9-jariges.

Die 50 meesgebruikte woorde van 8-jariges verteenwoordig 64% teenoor die 62.5% van 9-jariges. En die 100 meesgebruikte woorde van 8-en 9-jariges verteenwoordig 76% en 75.3% respektiewelik.

Bogenoemde persentasies stem in 'n groot mate ooreen, maar die woorde self stem ook grootliks ooreen (sien Bylae XIV op bl. 169).

Die eerste 10 veelgebruikte woorde is letterlik dieselfde vir die twee ouderdomme.

Van die 25 veelgebruikte woorde is 24 letterlik dieselfde. Van die 50 veelgebruikte woorde is 45 dieselfde, en van die 100 veelgebruikte woorde is 91 dieselfde, hoewel die rangorde van woorde verskil.

17. 'n Vergelyking tussen 8-, 9- en 10-jariges.

a. 'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde.

Van 10-jariges is 20,772 lopende woorde ontleed met 'n woordeskat van 1696.

In die lys van veelgebruikte woorde is slegs woorde ingesluit met 'n krediet van 5 en meer. Dit bestaan uit 401 woorde, wat 18,932 lopende woorde verteenwoordig.

Die lopende woorde van die lys van veelgebruikte woorde verteenwoordig andermaal 'n baie hoë persentasie, nl. 91.1%. Dit is 0.9% hoër as die vir 8-jariges en 2.5% hoër as die vir 9-jariges.

Die persentasies vir die veelgebruikte woorde van hierdie drie ouderdomme stem dus tot 'n groot mate

TABEL XXVII.

'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde van 8-, 9- en 10-jariges.

Ouderdom.	Totaal lopende woorde.	Totale woorde skat.	Veelgebr. woorde	Totaal lopende veelgebruikte woorde.	% veelgebr. woorde.	Mingebruik. woorde	% mingebr. woorde van totaal
8	8520	978	323	7688	90.2	832	9.8
9	15026	1374	310	13344	88.6	1682	11.4
10	20772	1696	401	18932	91.1	1295	8.9

Afgesien van die feit dat vir 8-jariges slegs 8520 woorde ontleed is en vir 10-jariges 20,772, maak die persentasies van veelgebruikte woorde in elk geval feitlik geen verskil nie.

b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms aan tussen die woorde self vir die verskillende ouderdomme.

TABEL XXVIII.

Ooreenkoms tussen veelgebruikte woorde self van 8-, 9- en 10-jariges.

Ouderdom.	Woorde wat ooreenstem met						
	8jaar	9 jaar		10 jaar.			
Lopende woorde	8520	15026	20772				
Veelgebruikte wrd.	323	310	401				
10 jaar	401	271	362	272	390	-	-
9 jaar	310	238	297	-	-	272	390

Behalwe die persentasies veelgebruikte woorde, wat in 'n groot mate ooreenstem, stem die woorde in die drie lysse ook grootliks ooreen (sien Bylae XV, bl. 173).

Die lys van 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges sluit 272 veelgebruikte woorde in van 9-jariges, d.w.s. 67.8%, plus 128 nuwe woorde. Van hierdie 128 nuwe woorde is daar slegs 11 wat glad nie in die woordeskat van 9-jariges voorkom nie. Van die 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges is 390, d.w.s. 97.5%, dus wel deur 9-jariges ook gebruik, hoewel al die woorde nie in die lys van veelgebruikte woorde voorkom nie.

Hierteenoor sluit die 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges 271, m.a.w. 67.8%, veelgebruikte woorde van 8-jariges in. Dus 67.8% van die lys van veelgebruikte woorde van 10-jariges bestaan uit woorde wat ook deur 8-jariges gebruik is. Vergelyk ons die 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges met die hele woordeskat van 8-jariges, vind ons dat 8-jariges wel 362 van die 401 woorde ook gebruik het. Die 401 veelgebruikte woorde van 10-jariges sluit dus slegs 39 woorde in wat glad nie in die woordeskat van 8-jariges voorkom nie. Hierdie 39 woorde van 8-jariges en 11 van 9-jariges kan nog verminder word indien die meervoud, enkelvoud en verkleinwoord nie as aparte woorde beskou word nie.

In Bylae XV op bl. 173 verskyn 'n lys van veelgebruikte woorde van die verskillende leeftye met die ooreenstemmende krediete.

c. 'n Vergelyking van die persentasies van die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Die volgende tabel dui die ooreenkomstige tussen

TABEL XXIX.

Ooreenkoms tussen persentasies van die 100 veelgebruikte woorde van 8-, 9-en 10-jariges.

Ouderdom	Veelgebr. woorde	Die Hoogste.			
		10	25	50	100
8 jaar	323	34%	49.9%	64%	76%
9 jaar	310	33.6%	49,6%	62.2%	75%
10 jaar	401	32.9%	48.9%	62.3%	74.1%

Vergelyk ons die persentasies van die 100 veelgebruikte woorde van die drie leefye met mekaar, is daar 'n baie groot mate van ooreenkoms.

Die 10 meesgebruikte woorde verteenwoordig 34, 33 en 32.9% van die totale aantal lopende woorde van 8-, 9- en 10-jariges respektiewelik.

Die 25 veelgebruikte woorde verteenwoordig 49.9, 49.6 en 48.9% van die lopende woorde vir 8-, 9- en 10-jariges respektiewelik.

Die 50 veelgebruikte woorde verteenwoordig 64, 62.2 en 62.3% van die lopende woorde vir 8-, 9- en 10-jariges respektiewelik.

Die 100 veelgebruikte woorde verteenwoordig 76, 75 en 74.1% van die lopende woorde vir 8-, 9- en 10-jariges respektiewelik.

d. 'n Vergelyking van die eerste 100 veelgebruikte woorde self.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms tussen die 100 veelgebruikte woorde self aan.

TABEL XXX.

Ooreenkoms tussen 100 veelgebruikte woorde self van 8-, 9- en 10-jariges.

	Aantal woorde wat dieselfde is.											
	8 jaar.				9 jaar.				10 jaar.			
	10	25	50	100	10	25	50	100	10	25	50	100
10 jr.	10	23	44	88	10	24	45	92	-	-	-	-
9 jr.	10	24	45	91	-	-	-	-	10	24	45	92
8 jr.	-	-	-	-	10	24	45	91	10	23	44	88
Vir alle ouderdomme.									10	23	42	85

Vergelyk ons die lyste van 10, 25, 50 en 100 woorde van die drie leeftye met mekaar, is daar net so 'n groot mate van ooreenkoms (sien bostaande tabel XXX).

Die eerste 10 woorde van die drie leeftye is letterlik dieselfde, hoewel die rangorde verskil. Die woorde ek beklee by al drie die eerste plek, die die tweede en en deurgaans die 5de plek (sien Bylae XIV, bl. 169).

Die 25 veelgebruikte woorde stem ook grootliks ooreen: 23 woorde, d.w.s. 92%, is dieselfde.

Vergelyk ons die 50 veelgebruikte woorde van 10-jariges met die van 9-jariges, stem 45 ooreen; met die van 8-jariges stem 44 ooreen; en vergelyk ons die drie ouderdomme, stem 42 ooreen.

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van 10-jariges met die van 9-jariges is 92 dieselfde, en in vergelyking met die van 8-jariges is 88 dieselfde.

18. 'n Vergelyking tussen resultate van 8-, 9-, 10- en 11-jariges.

a. 'n Vergelyking van die persentasies.

Die volgende tabel bevat die vergelyking tussen die persentasies veelgebruikte woorde.

TABEL XXXI.

'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde van 8-, 9-, 10-en 11-jariges.

Ouderdomme	Totaal lopende woorde	Totale woordeskat	Veelgebruikte woorde	Totaal lopende veelgebruikte woorde.	% veelgebruikte woorde	Mingebruikte woorde	% van Totaal
8	8520	978	323	7688	90.2	832	9.8
9	15,026	1374	310	13,344	88.6	1682	11.4
10	20,772	1696	401	18,932	91.1	1295	8.9
11	22,259	1754	428	20,549	92.3	1710	7.7

Van 11-jariges is 22,259 lopende woorde ontleed met 'n woordeskat van 1754.

In die lys van 428 veelgebruikte woorde is slegs woorde ingesluit met 'n krediet van 5 en **groter**.

Hierdie 428 veelgebruikte woorde maak andermaal 'n baie hoë persentasie van die lopende woorde uit, nl. 92.3.

Vergelyk ons hierdie resultate met die van die vorige leeftye, is daar andermaal 'n baie groot mate van egaligheid in die verhoudings.

Hoewel vir 11-jariges die grootste aantal lopende woorde ontleed is, nl. 22,259 teenoor 20,772, 15,026 en 8,520, vir 10-, 9-en 8-jariges respektiewelik, is daar nie 'n noemenswaardige verskil in die persentasies wat die veelgebruikte woorde van die totaal uitmaak nie. Ook is daar 'n merkbare egaligheid in die

b. 'n Vergelyking tussen die veelgebruikte woorde self.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms tussen die woorde self aan.

TABEL XXXII.

Ooreenkoms tussen veelgebruikte woorde self van 8-, 9-, 10- en 11-jariges.

		Woorde wat ooreenstem met.							
Ouderdom		8jr.		9jr.		10jr.		11jr.	
Lopende we.		8520		15,026		20,772		22,259	
Veelgebr. we.		323		310		401		428	
11jr.	428	271	365	274	402	334	418	-	-
10jr.	401	271	362	272	390	-	-	334	418
9 jr.	310	238	297	-	-	272	390	274	402
8 jr.	323	-	-	238	297	271	362	271	365
Alle ouderdomme		212 veelgebruikte woorde.							
		348 lopende woorde.							

Behalwe die persentasie veelgebruikte woorde, wat grootliks ooreenstem, stem die woorde self in die lys te ook grootliks ooreen.

In Bylae XV op bl. 173 verskyn 'n ooreenstemmende lys van veelgebruikte woorde met die krediete vir die verskillende leeftye.

Vergelyk ons die 428 veelgebruikte woorde van 11-jariges met die 401 van 10-jariges, vind ons dat 334 woorde of 77.8% dieselfde is. Vergelyk ons die 428 veelgebruikte woorde met die hele lys van lopende woor-

Vergelyk ons die 428 veelgebruikte woorde van 11-jariges met die 323 van 8-jariges vind ons dat dit 271 of 80% van die ^{van} 8-jariges insluit. Vergelyk ons die 428 woorde met die hele lys van 8-jariges, vind ons dat 365 dieselfde is. Met ander woorde die lys veelgebruikte woorde van 11-jariges sluit slegs 63 woorde in wat glad nie deur 8-jariges gebruik is nie.

Vergelyk ons die lys van 428 veelgebruikte woorde van 11-jariges met die van 9-jariges, vind ons dat dit 274 uit die 310 veelgebruikte woorde van lg. ouderdom insluit. Vergelyk ons die 428 woorde van 11-jariges met die hele lys van 9-jariges vind ons dat e.g. lys slegs 26 woorde bevat wat glad nie deur 9-jariges gebruik is nie. Met ander woorde 97.4% van die veelgebruikte woorde van 11-jariges is ook deur 9-jariges gebruik.

Vergelyk ons die vier lysse van veelgebruikte woorde met mekaar, vind ons dat 212 woorde dieselfde is vir die vier leeftye.

Vergelyk ons die 428 veelgebruikte woorde van 11-jariges met die lopende woorde van die drie vorige leeftye, vind ons dat 348 dieselfde is. Dit is 83.0%.

c. 'n Vergelyking van die persentasies van 100 veelgebruikte woorde.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms tussen die persentasies vir die 10, 25, 50, en 100 veelgebruikte woorde aan.

TABEL XXXIII.

'n Ontleding van die 10, 25, 50 en 100 veelgebruikte woorde op 8-, 9-, 10- en 11-jarige leeftyd.

Ouderdom	Veelgebr. woorde.	Die hoogste.			
		10	25	50	100

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van hierdie leeftyd met mekaar, is daar 'n baie groot mate van ooreenkoms.

Die 100 meesgebruikte woorde verteenwoordig 76, 75, 74.1 en 74.0% van die totale aantal lopende woorde van 8-, 9-, 10- en 11-jariges respektiewelik.

Die 10 veelgebruikte woorde verteenwoordig 34, 33, 32.9, 33.6% vir die onderskeie leeftye.

Die 25 veelgebruikte woorde verteenwoordig 49.9, 49.6, 48.9 en 49.6% respektiewelik.

Die 50 veelgebruikte woorde verteenwoordig onderskeidelik 64, 62.2, 62.3 en 62.8%.

d. 'n Vergelyking van die 100 veelgebruikte woorde self.

Die volgende tabel dui die aantal woorde aan wat vir die vier ouderdomme dieselfde is.

TABEL XXXIV.

'n Vergelyking van die 10, 25, 50 en 100 veelgebruikte woorde self op 8-, 9-, 10- en 11-jarige leeftyd.

	Aantal woorde wat dieselfde is vir															
	8 jr.				9 jr.				10 jr.				11 jr.			
	10	25	50	100	10	25	50	100	10	25	50	100	10	25	50	100
11 jr.	10	21	44	88	10	22	45	92	10	23	46	91	-	-	-	-
10 jr.	10	23	44	88	10	24	45	92	-	-	-	-	10	23	46	91
9 jr.	10	24	45	91	-	-	-	-	10	24	45	92	10	22	45	92
8 jr.	-	-	-	-	10	24	45	91	10	23	44	88	10	21	44	88
Alle ouderdomme.												10	21	41	83	

Vergelyk ons die 10, 25, 50 en 100 woorde in die lys-te met mekaar, is daar ook 'n baie groot mate van ooreenkoms (sien Bylae XIV op bl. 169).

Die eerste 10 woorde van die vier ouderdomme is let-

Van die 25 veelgebruikte woorde is 21 dieselfde vir die vier leeftye. Vergelyk ons die eerste 25 veelgebruikte woorde van 8-jariges met die van 9-jariges, is 24 dieselfde; in vergelyking met die van 10-jariges is 23 dieselfde en van 11-jariges 21.

Vergelyk ons die eerste 25 van 9-jariges met die van 10- en 11-jariges, is 24 en 22 respektiewelik dieselfde (sien bostaande Tabel ~~xxxiv~~).

Van die 50 veelgebruikte woorde is 41 dieselfde vir die vier ouderdomme.

Vergelyk ons die eerste 50 van 8-jariges met die van 9-jariges, is 45 dieselfde; met die van 10-jariges 44 en met die van 11-jariges 44. Vergelyk ons die van 9-jariges met die van 10-jariges, is 45 dieselfde, ens.

Uit die 100 veelgebruikte woorde is 83 dieselfde vir die vier leeftye.

Vergelyk ons die woordeskat van 11-jariges met die van 10-jariges, is 91 woorde dieselfde, met die van 9-jariges 92 en met die van 8-jariges 88.

19. 'n Vergelyking van die resultate van alle ouderdomme met mekaar.

a. 'n Vergelyking van die persentasies veelgebruikte woorde.

Die volgende tabel dui die verhoudings aan.

TABEL XXXV.

'n Ontleding van die persentasies veelgebruikte woorde vir alle ouderdomme.

Ouderdomme.	Totaal lopende woorde.	Woorde skat	Totaal veelgeb. woorde.	Totaal lopende veelgeb. woorde.	% veelgebruikte woorde.	Totaal mingebruikte woorde.	% van lopende woorde.
8	8520	978	323	7688	90.2	832	9.8

Van 12-jariges is 26,369 lopende woorde ontleed, wat 'n woordeskat van 2144 opgelewer het.

Die veelgebruikte woorde met krediete groter as 5 maak 'n totaal van 480 uit en verteenwoordig 23,505 lopende woorde, wat 89.1% van die totale aantal lopende woorde uitmaak.

Vergelyk ons hierdie gegewens met die van die vorige leeftye, vind ons 'n groot egaligheid in die verspreiding van die verhoudings tussen die lopende en veelgebruikte woorde, asook tussen die persentasies mingebruikte woorde.

Hoewel daar 'n verskil van ongeveer 18,000 lopende woorde tussen die ontledings van woorde van 8- en 12-jariges is en 'n verskil van ongeveer 16,000 veelgebruikte lopende woorde tussen die genoemde twee ouderdomme, is die verskil tussen die persentasies veelgebruikte woorde slegs 1.1%.

Vergelyk ons verder die persentasies van die ander leeftye met mekaar, is daar 'n konstantheid in hulle verspreiding. Die verskil tussen die hoogste en laagste persentasie veelgebruikte woorde is slegs 3.7%. In die geval van die mingebruikte woorde is dit ook slegs 3.7%.

b. 'n Vergelyking van die veelgebruikte woorde self.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde vir die verskillende leeftye aan. Dit stel ons ook in staat om enige twee leeftye met mekaar te vergelyk.

TABEL XXXVI.

Ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde self vir alle ouderdomme.

		Woorde wat ooreenstem.									
Ouderdom.		8	9	10	11	12					
Lopende we.		8520	15026	20772	22259	26369					
Veelgebruikte woorde.		323	310	401	429	480					
12	480	278	401	269	437	345	457	353	467	-	-
11	428	271	365	274	402	334	418	-	-	353	467
10	401	271	362	272	390	-	-	334	418	345	457
9	310	238	297	-	-	272	390	274	402	269	437
8	323	-	-	238	297	271	362	271	365	278	401
Alle Ouderdomme.		369 lopende woorde.									
		207 veelgebruikte woorde.									

Vergelyk ons die woorde self in die lys van 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die van die ander leeftye, is daar 'n groot mate van ooreenkoms (sien Tabel XXXVI).

In Bylae XV op bl. 173 verskyn 'n vergelykende lys van al die veelgebruikte woorde van die vyf ontledings met hulle krediete.

Vergelyk ons die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die 428 veelgebruikte woorde van 11-jariges, vind ons dat 353 dieselfde is. Met ander woorde 72.9% van die veelgebruikte woorde van die 12-jariges is ook veelgebruikte woorde van 11-jariges. Vergelyk ons egter die 480 veelgebruikte woorde met al die lopende woorde van 11-jariges, vind ons dat 467 ook deur 11-jariges gebruik is.

Vergelyk ons die 480 veelgebruikte woorde met die 401 van 10-jariges, vind ons dat 345 dieselfde is. Vergelyk ons dit met die lopende woorde van 10-jariges, vind ons dat 457 ook in die woordeskat van lg. groep

Vergelyk ons die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges, wat 170 meer is as die van 9-jariges, met lg. se 310, vind ons dat 269 dieselfde is. Met ander woorde 86.9% van die veelgebruikte woorde van 9-jariges kom ook as die veelgebruikte woorde van 12-jariges voor.

Vergelyk ons die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die lopende woorde van 9-jariges is 437 dieselfde. Die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges sluit dus slegs 43 woorde in wat glad nie in die woorde-skat van 9-jariges voorkom nie.

Vergelyk ons die lys van die 480 veelgebruikte woorde met die van 8-jariges, vind ons dat hoewel lg. slegs 323 teenoor die 480 van e.g. insluit, daar nogtans 278 woorde, of 57.9% dieselfde is. Vergelyk ons die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die hele lys lopende woorde van 8-jariges, vind ons dat 401 of 83.5% wel in die lys van veelgebruikte woorde van lg. groep voorkom.

Vergelyk ons die veelgebruikte woorde van die vyf leeftye met mekaar, vind ons dat 207 woorde gemeenskaplik is. Vergelyk ons die lys van veelgebruikte woorde van 12-jariges met al die lopende woorde van die ander leeftye, vind ons dat 369 dieselfde is.

c. 'n Vergelyking tussen die persentasies van die eerste 100 woorde.

Die volgende tabel dui die ooreenkoms tussen die persentasies vir die verskillende leeftye aan.

TABEL XXXVII

'n Ontleding van die persentasies van die eerste 100 veelgebruikte woorde op 8-, 9-, 10-, 11-en 12 jarige leeftyd.

Ouderdom	Aantal veelgebr. woorde.	% van totaal lopende we.	Die hoogste.			
			10	25	50	100
8-12	323	90.2	34	49.9	64	76

Vergelyk ons die 100 veelgebruikte woorde van die vyf leeftye met mekaar, is daar andermaal 'n baie groot mate van ooreenkoms tussen die persentasies van die 10, 25, 50 en 100 veelgebruikte woorde respektiewelik.

Die 100 veelgebruikte woorde, maak 76,75, 74.1, 74.4, en 72.8% uit van die aantal lopende woorde van 8-, 9-, 10-, 11- en 12-jariges respektiewelik. Bostaande tabel dui die ooreenkoms tussen die groepe baie duidelik aan.

Wat in bostaande opsomming veral opmerklik is, is die bestendigheid en egaligheid van die persentasies wat die groepe 100, 50, 25 en 10 woorde as veelgebruikte woorde verteenwoordig. Die persentasies is deurgaans standhoudend, afgesien van die aantal woorde wat ontleed is.

d. Die vergelyking van die eerste 100 woorde self.

Die volgende tabel dui die aantal veelgebruikte 10, 25, 50 en 100 woorde aan wat dieselfde is vir die verskillende leeftye.

TABEL XXXVIII.

'n Vergelyking van die 10, 25, 50 en 100 veelgebruikte woorde self in alle ouderdomme.

Aantal woorde wat dieselfde is.																	
	8				9				10				11				
	10	25	50	100	10	25	50	100	10	25	50	100	10	25	50	100	
12 jr.	9	21	43	84	9	22	42	88	9	22	45	88	9	24	45	87	
11 jr.	10	21	44	88	10	22	45	92	10	23	46	91	-	-	-	-	
10 jr.	10	23	44	88	10	24	45	92	-	-	-	-	10	23	46	91	
9 jr.	10	24	45	91	-	-	-	-	10	24	45	92	10	22	45	92	
8 jr.	-	-	-	-	10	24	45	91	10	23	44	88	10	21	44	88	
Alle ouderdomme.													9	21	38	80	

Vergelyk ons die veelgebruikte 10, 25, 50 en 100 woorde in dielyste met mekaar self, vind ons feitlik dieselfde bestendigheid en ooreenkoms as voorheen (sien Tabel XXXVIII op bl. 106 en Bylae XIV op bl. 169).

Vergelyk ons eerstens die 10 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die ander leeftye, vind ons dat die eerste 9 letterlik dieselfde is. Die woordjie in, wat deurgaans 'n lae rang beklee by die ander ouderdomme, word vervang deur die woordjie nie, wat by 12 jaar die tweede plek inneem.

Vergelyk ons die 25 veelgebruikte woorde van 12-jariges met die van die ander leeftye, is 21 dieselfde. Die woorde van 8-jariges is die beperkende faktor, want dit is by 12-jariges dieselfde woorde: lieuwe, oud, gaan, en groete, wat deur die woorde: maar so, om, en sal vervang word, soos by 9-, 10- en 11-jariges (sien Bylae XIV). Op dieselfde wyse kan ons voortgaan om groepe te vergelyk.

Vergelyk ons alle leeftye met mekaar, vind ons dat 80 woorde gemeenskaplik is. Verder vind ons dat slegs 128 verskillende woorde nodig is om al die veelgebruikte woorde van die vyf leeftye in te sluit.

In Bylae XIV op bl. 169 verskyn 'n lys wat die 128 veelgebruikte woorde van die vyf ontledings insluit. Slegs 11 woorde is nodig om al die groepe van 10 veelgebruikte woorde vir alle leeftye in te sluit, 30 sluit al die groepe 25 veelgebruikte woorde in, 62 sluit al die groepe van 50 in (sien Bylae XIV).

Hierdie resultate is veelseggend indien in aanmerking geneem word dat hierdie 128 woorde, wat al die veelgebruikte woorde van die vyf leeftye insluit,

Hierdie 128 woorde maak dus feitlik driekwart uit van alle skriftelike werk wat leerlinge in hulle spontane briewe weergegee het. Dit dui andermaal aan dat die skryftaal van leerlinge afhanklik is van 'n beperkte aantal woorde en hulle herhalings.

c. 'n Vergelyking van die tweede 100 veelgebruikte woorde.

Vergelyk ons die tweede 100 meesgebruikte woorde van die verskillende leeftye met mekaar, vind ons 'n baie groot ooreenkoms (sien Tabel XXXIX op bl. 109).

Die tweede 100 meesgebruikte woorde maak respektiewelik 8.7, 8.6, 8.9, 9 en 9% uit van die totale aantal lopende woorde van 8-, 9-, 10-, 11- en 12-jariges.

Vergelyk ons bostaande persentasies met die van die eerste 100 veelgebruikte woorde van die verskillende leeftye, tree die betekenis van **lg.** sterker op die voorgrond.

f. 'n Vergelyking van die mingebruikte woorde.

Vergelyk ons die mingebruikte woorde van die verskillende leeftye met mekaar, is daar 'n groot mate van bestendigheid wat betref die verspreiding van die persentasies. Die aantal mingebruikte lopende woorde maak respektiewelik 9.8, 11.4, 8.9, 7.7^{en} 10.9% uit van die totaal van die van 8-, 9-, 10-, 11- en 12-jariges (sien tabel XXXV op bl. 102).

Ook is die herhalingsverhouding tussen die woorde-skat van die mingebruikte woorde en die aantal lopende woorde baie bestendig. Die herhalingsverhouding vir die vyf leeftye is respektiewelik 1:1.2, 1:1.5, 1:1.2, 1:1.2 en 1:1.7.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die resultate van die verskillende ontledings.

20. 'n Opsomming van die klasse spelfoute wat ge-
maak is.

a. 'n Bespreking van die verskillende klasse.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van al die spelfoute wat gemaak is, met hulle frekwensies.

TABEL XL.

'n Opsomming van die soorte spelfoute en hulle
frekwensies.

Ouderdom.	8jr.	9jr.	10jr.	11jr.	12jr.	Totaal	Gem.								
Foute en fr.	ft.	fr.	ft.	fr.	ft.	fr.	ft.	fr.	ft.	fr.	ft.	fr.	%		
Woorde los i.p.v. vas	80	100	113	135	114	160	139	180	144	197	596	772	118	154	44.1
aanmekaar i. p.v. los.	14	24	24	33	41	56	53	69	45	64	177	246	35	49	13.1
Verkeerd afgekort.	13	34	7	41	3	45	5	44	4	55	32	219	6	44	2.3
Letters uitgelaat	26	27	48	66	59	61	43	61	30	35	206	250	41	50	15.3
Weglating 2de medekl.	6	8	14	24	9	21	17	24	9	14	55	91	11	18	4.2
Verwarring	23	28	31	34	65	85	41	50	29	34	139	231	38	46	14.2
Deelteken Hoofletters	7	10	10	11	28	32	23	32	23	31	91	116	18	23	6.8
Totaal	169	231	247	344	519	460	321	460	284	430	340	1925	268	385	100

(1) Die totale aantal spelfoute wat gemaak is, is 1340, met 'n totale frekwensie van 1925. Indien die klas- se foute ontleed word, vind ons dat die fout wat die meeste gemaak is, die is waar woorde los i.p.v. aan- mekaar geskrywe is. Dit kom gemiddeld ongeveer drie keer soveel voor as die tweede hoogste klas. Sonder uitsondering kom dit by elke individuele ouderdom die meeste voor. Die foute bestaan meestal uit meerlet- tergrepige woorde en uit samestellinge sonder verbind- ingsklanke. Die soort spelfout is verantwoordelik vir 44.1% van die totale aantal foute t.o.v. spelling.

1)
Volgens V.d. Heever kan die oorsake vir hierdie

(a) "Die invloed van die Engelse skryfwese op die van Afrikaans.

(b) Die vervoeging van saamgestelde woorde met voorvoegsels wat voor die werkwoord of naamwoord met werkwoordskrag kom, bv. "vasgehou" is een woord, maar die infinitief van sulke skeidbare samegestelde werkwoorde vorm 'n enigsins toevallige eenheid; die infinitief is dus "vas te hou". Analogies word ander saamstellinge dan ook van mekaar geskrywe."

(2) Die klas fout wat op een na die meeste gemaak is, behoort tot die groep waar letters uitgelaat of onnodiglik bygevoeg is. Volgens Van der Walt¹⁾ is hierdie fout te wyte aan nalatigheid of aan gebrek aan koördinasie tussen oog, oor en hand. Die soort fout is gemiddeld verantwoordelik vir 15.3% van die spel-foute.

(3) Die klas fout wat gemiddeld die derde meeste voorkom, is te wyte aan die verwarring van sekere letters, bv. ei en y; d en t ens. In die verband, sê Van der Heever²⁾, "is daar vir die leerling slegs een weg oop; die ei en y spelvorme moet as dogmatiese gegewens aanvaar word, en hy moet die spelling van die verskillende woorde op hulle bepaalde maniere memoriseer. As spelfoute nog voorkom is dit 'n teken dat die nodige assosiasie tussen woorde en spelling nog nie voldoende vasgelê is nie".

(4) Die klas fout wat die vierde meeste gemaak is, is woorde wat aanmekaar i.p.v. los geskrywe is. Hierdie soort fout is verantwoordelik vir 13.1% van die

1. Afrikaanse spelonderrig in die Laerskool, 38.

2. 'n Objektiewe studie van spelling in Afrikaans,

totale aantal spelfoute. Die tipe fout kan grootliks uitgeskakel word indien die woordjie te los van die daaropvolgende werkwoord geskryf word, wat dit is verantwoordelik vir die grootste persentasie van die foute.

(5) Die klas fout wat vyfde meeste gemaak is, is woorde waar die kappie, deelteken en hoofletters uitgelaat is. Die klas fout is min gemaak en maak gemiddeld 6,8% van die totale aantal spelfoute uit.

(6) Die klas fout wat op een na die minste voorkom, is die weglating van die tweede medeklinker na 'n kort klinker. Dit is verantwoordelik vir slegs 4,2% van die totale aantal spelfoute.

(7) Die fout wat die minste voorkom, is woorde wat verkeerd afgekort is. Nogtans is dit die fout met die hoogste herhalingsverhouding. Elke fout is hier gemiddeld ongeveer 1:8 keer gemaak, teenoor die ongeveer 1:1,5 vir die res van die foute. Sonder uitsondering was die woordjie Poskantoor die enkele fout wat die meeste voorgekom het. Dit is feitlik deurgaans as "P.K." i.p.v. "Pk." afgekort. Indien dié woord buite rekening gelaat word, sou die klas fout in vergelyking met die totaal niksbeduidend gewees het. Die soort fout is verantwoordelik vir slegs 2,3% van die totale aantal spelfoute.

21. 'n Opsomming van die vergelykings tussen die veelgebruikte woorde van Aucamp en die van leerlinge van 8-12 jaar.

a. 'n Bespreking van die vergelykings.

Die volgende tabel dui die ooreenkomst tussen die 10, 25, 50, 100 en totale aantal veelgebruikte woorde

1)
van Aucamp en die verskillende leeftye aan.

TABEL XLI.

'n Ontleding van die verskillende groepe veelgebruikte woorde van Aucamp en die van leerlinge wat ooreenstem.

Woorde wat ooreenstem.							
Aucamp se veelgebruikte woorde.	10	25	50	100	200	1000	1000
Leerlinge 8-12 jr.	10	25	50	100	100	100	gem. 388
Uit 323 van 8jr.	7	15	33	63	82	88	241
Uit 310 van 9jr.	7	16	35	65	75	89	243
Uit 410 van 10jr.	7	16	34	63	75	86	314
Uit 428 van 11jr.	7	18	34	65	76	88	326
Uit 480 van 12jr.	7	18	34	66	78	92	359
Gem. 8-12 jr.	7	16.6	34	64.4	77.2	88.6	296

Die verhoudinge tussen die groepe veelgebruikte woorde van Aucamp en die verskillende ontledings van die van kinders is deurgaans hoog. Dit is veral opmerklik as die eerste 100 veelgebruikte woorde vergelyk word.

Daar is geen noemenswaardige verskil tussen die woorde van die verskillende leeftye self nie. Van die eerste 10 veelgebruikte woorde is 7 deurgaans dieselfde vir 8-, 9-, 10-, 11- en 12 jariges. In teenstelling met die algemene verwagting verskil die aantal woorde van 8-jariges wat met Aucamp se verskillende groepe ooreenstem, feitlik glad nie van die getal van die 12-jariges nie.

Die gemiddelde aantal veelgebruikte woorde vir die verskillende leeftye is 388, en hiervan stem gemiddeld 296 met die van Aucamp ooreen.

Presies 75% van die veelgebruikte woorde van die leerlinge stem dus met die van Aucamp ooreen.

Hoofstuk V. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

Op bladsy 36 van hierdie ondersoek is die hoofogmerke van hierdie ondersoek bespreek. In dieselfde volgorde word die gevolgtrekkings nou bespreek.

1. Gevolgtrekkings in verband met die skryfwoordeskat van 8-12-jarige Afrikaanssprekende laerskoolleerlinge uit hulle private briewe.

a. Die gemiddelde skryfwoordeskat.

Hierdie ondersoek stel ons nie in staat om met juistheid te bepaal wat die werklike skryfwoordeskat van individuele leerlinge op een of ander bepaalde leeftyd is nie. Indien ons egter die skryfwoordeskat van die verskillende leeftye ontleed, kan ons tog sekere gevolgtrekkings maak.

Die woordeskat vir die verskillende leeftye verskil. Dit toon ook 'n geleidelike toename in die aantal woorde, nl. van 978 op 8 jaar tot 2144 op 12 jaar. Dit kan aan twee moontlike oorsake toegeskryf word, nl. die groter aantal briewe wat vir die hoër leeftye ontleed is, asook aan die verwagte toename in woordeskat met die jare.

Die gemiddelde woordeskat per ouderdom is 1589 verskillende woorde (sien Tabel XXXIX op bl. 109).

Dit sou nie met reg beweer kan word dat die 8-jarige kind se skryfwoordeskat uit 978 woorde en die gemiddelde vir 'n laerskoolkind uit 1589 verskillende woorde bestaan nie. Hierdie woordeskatte sluit seker nie al die woorde in wat die gemiddelde kind in staat is om te gebruik nie.

Dat hierdie woorde algemeen bekend is, toon die herhalingsverhouding tussen die woordeskat en die aantal

'n Ander bewys dat die woordeskat van die gemiddelde laerskoolkind veel groter as 1589 verskillende woorde moet wees, is die feit dat wanneer ons die laagste leeftyd met die hoogste vergelyk, uit die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges 278 letterlik met 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges ooreenstem. Verder kan aangetoon word dat van die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges 401 ook deur 8-jariges gebruik is, hoewel dit nie almal in die lys van veelgebruikte woorde van lg. ouderdom voorkom nie. Die verskil moet eerder te wyte wees aan die feit dat vir e.g. ouderdom slegs 103 briewe ontleed is, teenoor 226 vir lg.

Alles dui daarop dat die gemiddelde skryfwoordeskat van 1589 woorde te laag is. Ons kan met veiligheid aanneem dat die laerskoolkind, gemiddeld 'n skryfwoordeskat van meer as 1589 woorde het.

Die woordeskat van 12-jariges was 2144 verskillende woorde teenoor 978 van 8-jariges.

Op grond van die groot ooreenkoms tussen die veelgebruikte woorde self val dit te betwyfel of daar veel van die 2144 verskillende woorde van die 12-jariges is wat die 8-jariges nie ken nie. Daarby moet onthou word dat 8-jariges 'n ruime aantal woorde gebruik het wat nie deur 12-jariges gebruik is nie.

1)
Aucamp stel die skryfwoordeskat **vir** volwassenes, op minstens 3000. Dit is nie te hoog nie as in aanmerking geneem word dat 12-jariges reeds 2144 verskillende woorde gebruik. 2)
Mildred Dawson stel dit op 3500.

b. Die veelgebruikte, werklik gebesigde woordeskat.

Die skryfwoordeskat is beperk en bestaan uit 'n paar honderd woorde en hulle herhalings. Vir al die ontledings saam was die gemiddelde aantal lopende

woorde per leeftyd 18,589 en die gemiddelde woordeskat 1589. Die gemiddelde herhalingsverhouding tussen die lopende woorde en woordeskat was 11:1. Hierteenoor was die gemiddelde aantal veelgebruikte woorde per leeftyd 388 en die totale aantal lopende veelgebruikte woorde gemiddeld 16,792, wat 'n gemiddelde herhalingsverhouding van 1:41.8 is.

Hierdie aantal lopende, veelgebruikte woorde het gemiddeld 90% van die totale aantal lopende woorde uitmaak (sien Tabel XXXIX op bl. 109). Die belangrikheid van die veelgebruikte woorde tree verder op die voorgrond indien die woordeskat van die mingebruikte woorde in aanmerking geneem word.

Die gemiddelde woordeskat van mingebruikte woorde was 1200 en die lopende mingebruikte woorde 1795, met 'n herhalingsverhouding van slegs 1:1.3. Daarby het die mingebruikte woorde slegs 9.8% van die aantal lopende woorde verteenwoordig, teenoor 90% van die veelgebruikte woorde. Die veelgebruikte woorde is 41.8 keer gebruik teenoor die 1.3 keer van die mingebruikte woorde (sien Tabel XXXIX).

Ons kan dus met veiligheid beweer dat die gemiddelde laerskoolkind omtrent 400 woorde gebruik om 90% van sy skriftelike behoeftes te voorsien.

Daar is ook nie 'n groot verskil tussen die veelgebruikte woorde self vir die verskillende leeftye nie. Die woorde stem in so 'n mate ooreen dat die eerste 500 veelgebruikte woorde slegs 128 verskillende woorde verteenwoordig (sien Bylae XIV, bl. 169). Uit die gemiddelde 388 veelgebruikte woorde is 207 dieselfde vir alle leeftye. Dieselfde woorde word oor en oor gebruik by verskillende leeftye.

1)
Aucamp stel die werklik gebesigde veelgebruikte woorde

nation of a vast body of family correspondence collected from widely separated sources shows that less than a dozen words do one-fourth of our work in writing, that about fifty do a half of it and that less than eight hundred do nine-tenths of it."

Opsommend kan ons beweer dat die gemiddelde laerskoolkind 'n skryfwoordeskat van minstens 1589 woorde besit maar dat die werklike noodsaaklike aantal ongeveer 400 is, en dat die veelgebruikte woorde nie veel verskil van ouderdom tot ouderdom nie.

c. Die woorde werklik nodig vir onderrig.

Ons kom tot die gevolgtrekking dat die woorde wat werklik nodig is om aan die kinders in die verskillende standerds van die laerskool te leer, die woorde is wat deur die ondersoek in die lysste van veelgebruikte woorde opneem is (sien Bylae IV, VI, VIII, X en XII). Die gemiddelde laerskoolkind word na die hoërskool oorgeplaas aan die einde van die jaar wat hy die ouderdom van 13 bereik ¹⁾ Hierdie lysste van veelgebruikte woorde wat volgens ouderdom gegradeer is, stem dus ooreen met die volgende standerds van die laerskool: 8jr met st. I; 9 jr. met st. 2; 10 jr met st. 3; 11 jr. met st. 4 en 12 jaar met st. 5.

Indien ons hierdie lysste van veelgebruikte woorde as maatstaf en leidraad by die verskillende standerds wil gebruik, kan dit soos volg gedoen word:-

In st. I leer die kinders 323 veelgebruikte woorde van 8-jariges, soos aangetoon in Bylae IV op bl. 137.

In st. 2 leer die kinders 237 woorde van 8-jariges plus 73 nuwe woorde soos aangedui in Bylae VI op bl. 143.

In st. 3 leer die kinders 274 woorde wat reeds in st. 2 geleer is plus 127 nuwe woorde, soos aangedui in Bylae VIII op bl. 149.

In st. 4 leer die kinders 333 woorde wat reeds in st. 3

op bl. 155.

In st. 5 leer die kinders 350 woorde van st. 4 plus 130 nuwe woorde, soos aangedui in Bylae XII op bl. 162.

2. Gevolgtrekking in verband met die frekwensie van woorde.

a. Die gebruiklikste woorde.

Daar is sekere woorde wat deurgaans 'n hoë frekwensie het. Nadere ondersoek van die eerste 100 veelgebruikte woorde van elke ontleding toon dat die woorde 'n gemiddelde frekwensie van 138 het. Die eerste 50 het gemiddeld 'n frekwensie van 361 en die eerste 10 gemiddeld 613. Behalwe die hoë frekwensies is daar 'n mate van standhoudendheid i.v.m. die frekwensies opmerklik. Elke woord beklee 'n skynbaar bepaalde rang of stand in die taal, en die frekwensie van die woord is hiervan afhanklik.

Die krediete van sekere woorde met hoë frekwensies bly binne sekere skommelingslimiete hoog in hulle verhouding tot die aantal lopende woorde. Dieselfde geld vir die krediete van sekere woorde met laer frekwensies. Hulle bly altyd binne sekere limiete laag en dui sodoende die konstantheid van die waarde van sekere woorde in die taal aan.

Ons kom tot die gevolgtrekking dat elke woord binne sekere skommelingskringe sy waarde in die taal het. Daar bestaan as 't ware 'n rang wat elke woord in die taal beklee (sien Bylae XIV op bl. 169).

Hoewel die gebruik van 'n woord deur 'n mate van toevalligheid bepaal word, word daardie toevalligheid ook deur sekere wetmatighede beheers. Ons neem slegs enkele voorbeelde van woorde uit die lys van veelgebruikte woorde om bogencemde bewering te verduidelik.

	8jr.	9jr.	10jr.	11jr.	12jr.
aan:	45	72	119	157	156
bestaan:	33	28	40	47	26

Hierdie voorbeeld toon aan dat as 'n woord 'n hoë frekwensie by 8-jariges het, dit deurgaans by feitlik elke ouderdom as hoog geklassifiseer kan word, en andersom. Vergelyk ons die eerste 10 woorde van alle leeftye, is 9 letterlik dieselfde.

Maar ook in rang beklee die woordjie ek deurgaans die eerste plek (sien Bylae XIV op bl. 169). Die woordjien en is deurgaans vyfde in rang vir alle leeftye.

Onder die 15 woorde na die eerste 10 is daar 12 wat die rang hou van tussen 11 en 25. Daar is wel skommelinge, soos Bylae XIV aantoon, maar dit is binne sekere perke vir die eerste 100 woorde. Die grootste aantal woorde van 8-jariges wat in die rang ressorteer tussen 51 en 100, geld ook vir 12-jariges.

Hierdie eerste 100 woorde verteenwoordig gemiddeld 74,6% van die totale aantal lopende woorde, terwyl die gemiddelde 388 veelgebruikte woorde gemiddeld 90,2% van die totale aantal lopende woorde verteenwoordig (sien Tabel XXXIX op bl. 109).

Opsommend kan ons dus beweer dat die skryfwoordeskat beperk is tot 'n klein aantal woorde en hulle herhalings en dat hierdie woorde binne sekere skommelingslimiete 'n bepaalde rang in die taal beklee.

¹⁾
Tidyman stel dit soos volg: "While the words of the writing vocabulary are common to hearing, speaking and reading vocabularies.....the writing vocabulary does not by any means represent a random selection of words from the other groups; rather it consists of a relatively small number of words most useful to the child in expressing his thoughts."

3. Die vernaamste klasse spelfoute en die frekwensie daarvan by verskillende leeftye.

a. Verskillende klasse.

die onderwyser aandag moet wy. Die gemiddelde aantal lopende woorde was 18,529 per ontleding en die gemiddelde woordeskat 1589. Van lg. 1589 verskillende woorde is gemiddeld 268 deur elke leeftyd een of meer keer verkeerd geskrywe. Die aantal spelfoute maak dus gemiddeld 16.1% van die totale woordeskat uit.

Gemiddeld is 185 briewe per leeftyd ontleed, en die herhalingsverhouding van die spelfoute per brief is 1:1.4. Dit is baie laag.

Die waarskynlike rede vir die min foute kan aan drie moontlike oorsake toegeskryf word:

Eerstens was die kinders bewus daarvan dat hulle briewe deur 'n vreemde persoon gelees sou word. Dit was ook die ideaal om so goed moontlik te skryf, aangesien dit die wens van elke kind was dat sy/haar briefie gepubliseer moes word.

Tweedens was die kinders in staat om moeilike woorde te omseil en sodoende foute uit te skakel.

'n Derde moontlikheid is dat hulle hulp van hulle ouer broers en susters kon ontvang het.

Sonder uitsondering was die vernaamste klas fout by elke ontleding die waar woorde los i.p.v. aanmekaar geskrywe is. Van die totale aantal spelfoute maak dit gemiddeld 44.1% uit.

b. Die eerste 100 veelgebruikte woorde en die spelfoute.

TABEL XLII.

Ontleding van 268 spelfoute binne die eerste 100 veelgebruikte woorde.

Ouderdom.	Aantal spelfoute.	Veelgebruikte foute binne 1ste 100 woorde.	%	Frekwensie as lopende woorde	Frekwensie as spelfoute.
8jr.	169	17	10	39	2.1
9jr.	247	18	7	107	2
10jr.	319	17	5.3	117	2.2
11jr.	321	20	6.2	138	2

onder die eerste 100 veelgebruikte woorde aan. Ons kom tot die gevolgtrekking dat die eerste 100 veelgebruikte woorde, ^{wat} hoofsaaklik uit maklike woorde bestaan, nl. voor-naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, voorsetsels ens., nie veel verkeerd gespel word nie. Van die gemiddelde 268 spelfoute per ouderdom kom gemiddeld 16 as veelgebruikte woorde in die eerste 100 voor. Slegs 4.6% van die spelfoute kom dus onder die eerste 100 veelgebruikte woorde voor. Vir elke 98 keer wat een van die veelgebruikte woorde geskryf is, is dit slegs twee keer verkeerd gespel.

c. Al die veelgebruikte woorde en die spelfoute.

Die volgende tabel dui die verspreiding van die spelfoute ten opsigte van die veelgebruikte woorde aan.

TABEL XLIII.

Ontleding van 268 spelfoute onder 388 veelgebruikte woorde.

Ouderdom.	Veelgebruikte woorde.	Aantal veelgebruikte woorde.	% van totaal spelfoute.	Herhalingsverhouding as lopende woorde	Herhalingsverhouding as spelfoute.
8	323	47	27.8	20	1.6
9	310	71	28.7	37	1.7
10	401	94	29.4	47	1.7
11	428	64	20	44	1.8
12	480	66	23	26	2
Gem.	388	68.4	25.8	35.2	1.7

Indien ons al die veelgebruikte woorde neem en die aantal spelfoute ontleed wat daarin voorkom, kom ons tot ander gevolgtrekkings. Uit die gemiddelde 268 spelfoute per ouderdom is gemiddeld 68.4 veelgebruikte woorde. Met ander woorde 25.8% van die gemiddelde aantal spelfoute is veelgebruikte woorde.

Hierdie persentasies kon veel hoër gewees het. Een ...

berekenings bemoelijk, aangesien drie woorde dikwels as een woord geskryf is.

Die vraag ontstaan hoe om hierdie woorde te rangskik indien een van die drie aanmekeargeskrewe woorde 'n veelgebruikte woord is.

Die feit dat 25.8% van die spelfoute as veelgebruikte woorde voorkom, is veelseggend. By sommige ouderdomme is dit nader aan 30%.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat alhoewel in die eerste 100 veelgebruikte woorde min spelfoute voorkom, dit noodsaaklik is dat die werklike aantal veelgebruikte woorde die grootste aandag moet geniet by die onderrig van spelling. Indien die gemiddelde aantal veelgebruikte woorde uit 388 bestaan, is dit dus van die grootste belang dat hierdie 388 woorde gekies moet word vir spellingoefening.

Boyd sê: "Seeing that a comparatively small number of words are employed in writing about the facts of general concern recorded in newspapers, magazines and books, seeing further that a still smaller number of words constitute a still smaller proportion in the personal writing of children and non literary adults, the obvious course is to concentrate effort on the learning of the common words. As for what happens in the case of the others, it does not greatly matter.. Occasional blundering in infrequent words it is a cheap price¹⁾ to pay for perfect certainty in the everyday vocabulary" ; terwyl Cooke en O'Shea beweer: "We need to narrow the field of subject matter in spelling and cultivate it more intensively"²⁾ .

d. Die onderrig van die veelgebruikte woorde as spelling.

Ons het reeds die veelgebruikte woorde van elke ouderdom bepaal (sien Bylaes IV, VI, VIII, X en XII). Hierdie veelgebruikte woorde is volgens die sienswyse van die skrywer

die noodsaaklikste woorde wat nodig is vir onderrig in spelling; dit is eerstens die meesgebruikte woorde, en tweedens sal die leerling wat al hierdie woorde vir sy respektiewelike ouderdom reg kan spel reeds gemiddeld 75% van al sy spontane skriftelike werk reg kan skrywe. (sien Tabel XLIII op bl. 122).

Hierdie lyste van veelgebruikte woorde kan in die volgende standers gebruik word: Lyste vir 8-, 9-, 10-, 11- en 12-jariges in St. 1, 2, 3, 4 en 5 respektiewelik ^{F)}.

Sommige van die woorde in die lyste is egter te maklik en bestaan hoofsaaklik uit eenlettergrepige woorde.

Hierdie lyste veelgebruikte woorde kan tog hulle waarde hê indien op die volgende wyse te werk gegaan word. Deur doelbewuste spellingtoetse word die makliker woorde ^{uitgesluit} gegee. *Daarna word meer aandag aan die moeiliker woorde gegee.*

4. 'n Vergelyking van die woordeskat van kinders met die van die volwassenes.

a. Bespreking en algemene gevolgtrekkings.

As ^{ons} die resultate van die ontleding van die woordeskat van kinders vergelyk met die van Aucamp ²⁾, kom ons tot die gevolgtrekking dat die skryfwoordeskat van kinders sowel as die van volwassenes bestaan uit 'n beperkte aantal woorde en hulle herhalings.

Die gemiddelde aantal veelgebruikte woorde van kinders was 388 per ontleding, terwyl dit vir volwassenes 549 was (sien Tabel XXXIX op bl. 109). Kinders herhaal die veelgebruikte woorde ook veel meer as volwassenes. Die gemiddelde herhalingsverhouding van die veelgebruikte woorde ten opsigte van die lopende woorde vir kinders is 1:41.8, terwyl dit vir volwassenes 1:26.2 is. Hoewel daar gemiddeld ongeveer 2000 meer woorde per ontleding gebruik is deur kinders as deur volwassenes, is hulle woordeskat gemiddeld ongeveer

700 woorde minder as die van volwassenes. Dit bevestig die stelling dat dit ekonomies voordeliger is om nie die woorde-skat van volwassenes te bepaal met die doel om vas te stel wat kinders behoort te ken nie, maar om die bepaalde woorde-skat van kinders te vergelyk met die van volwassenes, om op die wyse vas te stel wat die kind behoort te ken.

Ons kan met veiligheid aanvaar dat die gemiddelde laerskoolkind nie minder nie as 'n derde van die veelgebruikte woorde van volwassenes reeds magtig is op die ouderdom dat hy die laerskool verlaat. Gemiddeld 296.6 veelgebruikte woorde van alle ouderdomme wat vir hierdie verhandeling ondersoek is, 8-12 jaar, stem ooreen met die 1000 veelgebruikte woorde van Aucamp (sien Tabel XLI op bl. 113). As ons in aanmerking neem dat van die 480 veelgebruikte woorde van 12-jariges 359 en van die 426 veelgebruikte woorde van 11-jariges 326 met Aucamp se 1000 ooreenstem, dan kan die minimum van 'n derde nog hoër gestel word (sien Tabel XLI op bl. 113).

Van die eerste 100 veelgebruikte woorde van leerlinge, wat gemiddeld 74.6% van die aantal lopende woorde uitmaak, stem 64.4% letterlik met die van Aucamp ooreen. 'n Groot persentasie van die veelgebruikte woorde is dus nie net gemeenskaplik aan die verskillende leeftye nie maar ook aan die van volwassenes.

Ons kom tot dieselfde gevolgtrekkings as Mildred Dawson: "Most authorities maintain that it is wise to adopt a basal list consisting of the words most used by children and supplemented by a limited number of important words that the children will later need in life"¹⁾.

So 'n lys van woorde word in die volgende paragraaf bespreek.

5. Die keuse van die meesgebruikte woorde.

Die vyfde oogmerk van die ondersoek was die samestelling van 'n lys van die meesgebruikte woorde.

a. Hoe die lys saamgestel is.

Uit die lys totale woordeskat van 7946 verskillende woorde vir alle leeftye (sien Tabel I op bl. 37) is 'n lys saamgestel van die meesgebruikte woorde. Die meesgebruikte woorde wat vir elke ouderdom tot hiertoe saamgestel is, het slegs een faktor, nl. die verskyningskrediet van die woorde, in aanmerking geneem. Die doel met hierdie lys is om 'n lys van veelgebruikte woorde saam te stel wat twee faktore, nl. die verskyningskrediete en die verspreiding van die woorde, in aanmerking neem, m.a.w. hoeveel keer 'n woord werklik verskyn het, en in hoeveel ontledings die woord voorgekom het.

As maatstaf vir die vasstelling en uitsoek van die woorde is van dieselfde beginsels gebruik gemaak as deur Aucamp¹⁾. Aan elke woord is 'n bepaalde waarde toegeken. Hierdie waarde is verkry deur die verskyningskrediet van die woord te vermenigvuldig met die vierkantswortel van die aantal ontledings waarin die woord voorgekom het.

Daar was 5 verskillende ontledings. As die juiste vierkantswortel elke keer gebruik moes word, sou dit die bewerkings bemoelik; gevolglik is dit net tot die naaste half geneem, soos die volgende tabel aandui.

Verspreiding.	Getal waarmee krediete vermenigvuldig is.
1	1
2 - 3	$1\frac{1}{2}$
4 - 5	2

(Voorbeeld: As 'n woord in 3 ontledings voorkom en 'n totale krediet van 16 het, is sy waarde $16 \times 1\frac{1}{2} = 24$ ens. Die waarde is geneem tot die naaste heelgetal)

'n Woord moes in minstens drie ontledings verskyn het voordat dit in die lys opgeneem kan word.

In Bylae XVI (a) op bl. 183 verskyn 'n lys van 1028 woorde wat volgens bogenoemde maatstaf uit die 7946 verskillende woorde van al die ontledings van kinderbriefe uitgesoek is. Hierdie lys woorde is gerangskik volgens waarde, van die

Die 1028 uitgesoekte woorde is vervolgens vergelyk met die 1000 veelgebruikte woorde van Aucamp, wat op dieselfde wyse uitgesoek is. Daar is 364 woorde in Aucamp se lys wat nie in die lys van 1028 woorde voorgekom het nie.

Hierdie 364 woorde is saamgevat in 'n lys wat in Bylae XVI, (b) op bl. 191 verskyn.

b. Nut en waarde van die lys,

(1) Die lys van 1028 veelgebruikte woorde, plus die 364 wat in Bylae XVI verskyn, verteenwoordig nou 'n totaal van 1392 veelgebruikte woorde, wat saamgestel is uit twee ondersoekte waardeur 'n totaal van 361,955 lopende woorde en 'n woordeskat van 22,168 opgelewer¹⁾ is .

(2) Hierdie lys van 1028 veelgebruikte woorde bring kennis ten opsigte van wat die gebruiklikste woorde van die laerskoolkind is.

(3) Die lys van 364 veelgebruikte woorde wat daarby gevoeg word, bring kennis ten opsigte van wat die noodsaaklikste woorde is wat die laerskoolkind nog moet leer. Die 364 woorde verteenwoordig as 't ware die verskil tussen die woordeskat van kinders en volwassenes.

(4) Die hele lys van 1392 veelgebruikte woorde kan dien as maatstaf waarop voortgebou kan word vir die keuse van woorde wat ingesluit moet word in spellyste en leesboeke.

(5) Hierdie lys stel ons ook in staat om te weet watter woorde onontbeerlik is vir die laerskoolkind. Daarom word dit ook as baie geskik beskou vir verdere toetse om woorde te gradeer vir verskillende standerds.

(6) Die lys kan nuttig aangewend word by die aanleer van Afrikaans as tweede taal, aangesien die grondwoorde bepaal is, en die Engelse kind wat hierdie woorde magtig is, behoort die tweede taal met gemak te hanteer.

(7) Hierdie lys van 1392 veelgebruikte woorde bring kennis nie alleen van wat die kind reeds ken nie, maar ook van wat

hy behoort te ken, want, sê McKee, "it should be remembered that the words that the school teaches the child to spell are those words which he needs and will need in the writing he does and will do in life outside the school"¹⁾.

6. 'n Opsomming van die belangrikste moontlike rigtings waarin daar in verband met die skryfwoordeskat van kinders ondersoek ingestel kan word.

Daar bestaan in Suid-Afrika reeds ondersoekinge na wat die beste metode is om spelling te onderwys, asook ondersoek na die vernaamste klasse foute wat gemaak is¹⁾. Ongelukkig bestaan daar min Afrikaanse ondersoeke i.v.m. die werklike stof wat aangebied moet word vir spelling²⁾.

Om te weet watter woorde die noodsaaklikste is vir onder-
rig, is seker van net soveel belang as om te weet hoe om dit te onderrig.

Die volgende is 'n paar moontlike rigtings waarin onder-
soek ingestel kan word:-

- a. 'n Onderzoek soos bv. die van W.F. Jones³⁾ na die skryf-
woordeskat van kinders binne die skool. Hy het byvoorbeeld
75,000 opstelle en briewe ontleed wat deur 1050 kinders bin-
ne die skool geskrywe is. Die leerlinge moes skryf en aan-
hou skryf totdat hulle geen nuwe woorde meer kon vind nie.
- b. 'n Onderzoek na die Engelse skryfwoordeskat van Afri-
kaanssprekende kinders. Hierdie ondersoek is moontlik indien
'n groot aantal briewe en opstelle van kinders binne die skool
versamel word. Die ondersoek stem ooreen met ondersoeke soos
bv. deur H.J. Smith⁴⁾, G. McKee⁵⁾, A. Wilmarth⁶⁾, E.W. Nowlin⁷⁾
e.a. uitgevoer is i.v.m. die bepaling van die Engelse woor-
deskat van Engelsprekende kinders.

1. McKee, Language in the Elementary School; Spelling Composi-
tion and Writing, 57
2. Die volgende twee werke kan in hierdie verband genoem word:
V.d. Walt, Afrikaanse Spelonderrig in die Laerskool en V.d.
Heever, 'n Objektiewe studie van die spelling in Afrikaans op
Middelbare Skool.
3. Die volgende publikasies kan genoem word:-
Aucamp, Woordeskat en woordherhaling, en Maian, Afrikaanse
spellyste vir St. 1-Vl.

c. 'n Onderzoek soos bv. deur Coleman¹⁾ uitgevoer is. Hy het 'n woordelys saamgestel van die meesgebruikte woorde van volwassenes en kinders. In Suid-Afrika bestaan daar reeds spel-lyste van Forsyth²⁾ en Malan³⁾ i.v.m. kinders en die lys van veelgebruikte woorde van Aucamp⁴⁾ i.v.m. volwassenes. Ook kan later vir die doel gebruik gemaak word van die lys wat die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing besig is om saam te stel.

d. 'n Onderzoek na die gradering van woorde vir die verskillende standerds van die laerskool soos bv. deur L.P. Ayers⁵⁾ en E.J. Ashbough⁶⁾ uitgevoer is. Ayers het 1000 algemene woorde geneem en dit deur 70,000 kinders in verskillende standerds laat spel. Uit die resultate was hy in staat om sy spelskaal saam te stel. Ashbough, het 2977 maklike woorde uit die ontleding van W. Andersen⁶⁾ geneem. Hy het die woorde deur 2000 kinders in elke standerd laat spel. Hy was dus in staat om die moeilikheid van elke woord vir elke standerd te bepaal.

e. Omdat een ondersoek weens beperkte faktore nie daarin kan slaag om die meesgebruikte woorde van laerskoolkinders vas te stel nie, is ondersoekinge soortgelyk aan die onderhawige nodig om die skryfwoordeskat van kinders te bepaal. Moontlike bronne waar spontane briewe versamel kan word, is die volgende: briewe wat kinders aan hulle vriende skryf, briewe gerig aan Uitsaankorporasies, briewe aan dagblaaië en tydskrifte wat nie vir hierdie ondersoek geraadpleeg is nie.

-
1. McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing, 59.
 2. Forsyth, Afrikaanse spellys vir die Laerskool, 1949.
 3. Malan, Afrikaanse spellyste vir Afrikaans-sprekende kinders, 1935.
 4. Aucamp, Woordeskat en woordherhaling; Duisend Afrikaanse staatmakers, 1932.
 5. McKee, Language in the Elementary School; Spelling, Composition and Writing, 72.
 6. Ibid., 72.

B Y L A F I.

1. Hoe die ontleding gemaak is.
- a. Hoe die briewe uitgesoek is.

